

NUMERI

Inleiding

Die naam *Numeri* is afkomstig van die Latynse en Griekse name van die boek wat aandui dat veral die eerste paar hoofstukke van die boek handel oor die volkstelling tydens die Israëliete se verblyf in die woestyn. In die Hebreuse Bybel word die boek *Bammidbar* genoem wat 'in die woestyn' beteken. Dit is 'n beskrywing van die agtergrond waarteen die gebeure in die boek afspeel.

Die eerste deel van die boek (1:1 — 10:10) staan bekend as die Sinai-vertelling, wat in Eksodus 19:1 begin, die hele *Levitikus* insluit en byna die helfte van die Pentateug beslaan. Alhoewel die boek handel oor die tyd voor die intog in die land, word algemeen aanvaar dat groot dele van die boek eers baie later op skrif gestel is, selfs so laat as ná die Babiloniese ballingskap (587-539 vC).

Tradisioneel word aanvaar dat Moses die outeur van die Pentateug, en dus ook van die boek *Numeri* was. Die taalgebruik en baie ander aspekte van die teks weerspreek egter hierdie Joodse aanname. Daar word vandag aanvaar dat priesters in die tyd van die ballingskap en daarna hierdie boek geskryf het deur onder andere gebruik te maak van baie ouer materiaal (bv 11 — 12; 22 — 24).

Die eerste lesers van die boek in sy finale vorm het uit priesterlike kringe gekom. Daarna is dit waarskynlik in die tyd ná die ballingskap voorgelees aan die geloofsgemeenskap in die Persiese provinsie Jehud.

In die boek *Numeri* is daar 'n groot verskeidenheid literatuursoorte soos verhale, gedigte, profesieë, liedere, wetstekste, reisverslae en lyste. In hierdie opsig is *Numeri* uniek onder die eerste vyf boeke van die Ou Testament.

Een van die belangrikste temas in die boek is die heiligheid van God se volk, 'n voortsetting van die tema in die tweede helfte van *Levitikus*. Hierdie heiligheid kan net gehandhaaf word indien die volk hulle afskei van ander volke en hulle gebruike, en oortredings streng veroordeel word. Die strawwe maatreëls wat geld om dit te handhaaf, word versag deur die motief van vergifnis wat in 14:13-19 na vore kom.

Opbou van die boek

Die boek kan in drie groot eenhede verdeel word:

1:1 — 10:10 Wetgewing in die Sinaiwoestyn

10:11 — 22:1 Reis deur die woestyn

22:2 — 36:13 Voorbereidings vir die intog in Kanaän

1

Eerste telling van weerbare manskappe

¹ *Die HERE het met Moses gepraat in die Tent van Ontmoeting in die Sinaiwoestyn. Dit was op die eerste dag van die tweede maand in die tweede jaar ná hulle uittog uit Egipteland. Hy het gesê: ² “**Hou 'n hoofdelike telling^a van die hele volksvergadering^b van die Israeliete volgens hulle familiegroepe, volgens hulle families, met volle name van elke manlike persoon, kop vir kop, ³ van twintig jaar en ouer — elke weerbare man in Israel. Jy en Aäron moet hulle inskryf volgens hulle

* **1:1** Eks 19:1; 25:22; 40:17

* **1:2-46** Num 26:2-51

* **1:2-3** Eks 30:12-14; Num 1:18-46; 2 Sam 24:2

^a**1:2 Hou ... telling:** Letterlik ‘lig die koppe’. Dit verwys na die koppe van die weerbare manne wat getel is.

^b**1:2 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

leërafdelings. ⁴*Saam met julle moet daar iemand wees, 'n man uit elke stam, iemand wat die hoof is van sy familie. ⁵*Dit is die name van die manne wat julle moet bystaan:

⁴“Elisur, seun van Sedeür, vir Ruben;

⁶Selumiël, seun van Suri-Saddai, vir Simeon;

⁷Nagson, seun van Amminadab, vir Juda;

⁸Netanel, seun van Suar, vir Issaskar;

⁹Eliab, seun van Gelon, vir Sebulon;

¹⁰vir die nageslag van Josef

Elisama, seun van Ammihud, vir Efraim;

en Gamliël, seun van Pedasur, vir Manasse;

¹¹Abidan, seun van Gidoni, vir Benjamin;

¹²Agiëser, seun van Ammi-Saddai, vir Dan;

¹³Pagiël, seun van Okran, vir Aser;

¹⁴Eljasaf, seun van Deüel,^c vir Gad;

¹⁵Agira, seun van Enan, vir Naftali.”

¹⁶*Hierdie manne is deur die volksvergadering na vore geroep as leiers^d van die stamme van hulle voorvaders; hulle is die stamhoofde van Israel.

¹⁷Moses en Aäron het hierdie manne wat by die naam aangewys is, geneem ¹⁸en op die eerste dag van die tweede maand die hele volksvergadering bymekaar laat kom. Hulle het toe geslagsregisters oor hulle familiegroepe, volgens hulle families, opgestel met die volle name

***1:4** Num 1:16,44; Jos 22:14

***1:5-15** Eks 18:21,25; Num 2:3-31; 7:12-83; 10:14-27

^c**1:14 Deüel:** Die Septuagint lui Reüel soos in Num 7:42,47.

***1:16** Num 7:2; 16:2

^d**1:16 leiers:** In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

van dié wat twintig jaar en ouer was, kop vir kop, ¹⁹* soos die HERE Moses beveel het. Moses het hulle in die Sinaiwoestyn ingeskryf.

²⁰* Die nageslag van Ruben, eersgeborene van Israel, hulle familieregister volgens hulle familie-groepe, volgens hulle families, met volle name, kop vir kop, elke manlike persoon van twintig jaar en ouer, elke weerbare man was: ²¹ ses-en-veertigduisend vyfhonderd wat ingeskryf is vir die stam van Ruben.

²² Die nageslag van Simeon, hulle familieregister volgens hulle familie-groepe, volgens hulle families, wat ingeskryf is met volle name, kop vir kop, elke manlike persoon van twintig jaar en ouer, elke weerbare man: ²³ nege-en-vyftigduisend driehonderd wat ingeskryf is vir die stam van Simeon.

²⁴ Die nageslag van Gad, hulle familieregister volgens hulle familie-groepe, volgens hulle families, met volle name, elke weerbare man van twintig jaar en ouer: ²⁵ vyf-en-veertigduisend seshonderd-en-vyftig wat ingeskryf is vir die stam van Gad.

²⁶ Die nageslag van Juda, hulle familieregister volgens hulle familie-groepe, volgens hulle families, met volle name, elke weerbare man van twintig jaar en ouer: ²⁷ vier-en-sewentigduisend seshonderd wat ingeskryf is vir die stam van Juda.

²⁸ Die nageslag van Issaskar, hulle familieregister volgens hulle familie-groepe, volgens hulle families, met volle name, elke weerbare man van twintig jaar en ouer: ²⁹ vier-en-vyftigduisend vierhonderd wat ingeskryf is vir die stam van Issaskar.

³⁰ Die nageslag van Sebulon, hulle familieregister volgens hulle familie-groepe, volgens hulle families, met volle name, elke

* **1:19** Num 26:63-64

* **1:20-42** Num 26:5-50

weerbare man van twintig jaar en ouer: ³¹ sewe-en-vyftigduisend vierhonderd wat ingeskryf is vir die stam van Sebulon.

³² Die nageslag van Josef: Die nageslag van Efraim, hulle familieregister volgens hulle familiegroepe, volgens hulle families, met volle name, elke weerbare man van twintig jaar en ouer: ³³ veertigduisend vyfhonderd wat ingeskryf is vir die stam van Efraim.

³⁴ Die nageslag van Manasse, hulle familieregister volgens hulle familiegroepe, volgens hulle families, met volle name, elke weerbare man van twintig jaar en ouer: ³⁵ twee-en-dertigduisend tweehonderd wat ingeskryf is vir die stam van Manasse.

³⁶ Die nageslag van Benjamin, hulle familieregister volgens hulle familiegroepe, volgens hulle families, met volle name, elke weerbare man van twintig jaar en ouer: ³⁷ vyf-en-dertigduisend vierhonderd wat ingeskryf is vir die stam van Benjamin.

³⁸ Die nageslag van Dan, hulle familieregister volgens hulle familiegroepe, volgens hulle families, met volle name, elke weerbare man van twintig jaar en ouer: ³⁹ twee-en-sestigduisend sewehonderd wat ingeskryf is vir die stam van Dan.

⁴⁰ Die nageslag van Aser, hulle familieregister volgens hulle familiegroepe, volgens hulle families, met volle name, elke weerbare man van twintig jaar en ouer: ⁴¹ een-en-veertigduisend vyfhonderd wat ingeskryf is vir die stam van Aser.

⁴² Die nageslag van Naftali, hulle familieregister volgens hulle familiegroepe, volgens hulle families, met volle name, elke weerbare man van twintig jaar en ouer: ⁴³ drie-en-vyftigduisend vierhonderd wat ingeskryf is vir die stam van Naftali.

⁴⁴ *Dit is diegene wat ingeskryf is wat Moses, Aäron en die leiers^e van Israel, die twaalf manne, in die register ingeskryf het. Hulle het elkeen sy families verteenwoordig. ⁴⁵ Al dié wat ingeskryf is van die Israeliete, volgens hulle families, elke weerbare man in Israel van twintig jaar en ouer, ⁴⁶ hulle almal wat ingeskryf is, was seshonderd-en-drieduisend vyfhonderd-en-vyftig.

⁴⁷ *Die Leviete is volgens afstamming ingedeel. Hulle is nie saam met die ander ingeskryf nie, ⁴⁸ want die HERE het vir Moses gesê: ⁴⁹ “Net die stam van Levi moet jy nie saam met die Israeliete inskryf of tel nie.

⁵⁰ *Jy moet self die Leviete aanstel oor die •tabernakel met die Getuienis,^f en oor al die gereedskap en toebehore daarvan. Hulle moet die tabernakel en al die gereedskap dra, en hulle moet daarna omsien. Hulle moet rondom die tabernakel kamp opslaan. ⁵¹ Wanneer die tabernakel verskuif word, moet die Leviete dit afbreek, en wanneer die tabernakel weer opgeslaan word, moet die Leviete dit oprig. 'n Onbevoegde persoon wat naby kom, moet doodgemaak word.

⁵² *“Die Israeliete moet elkeen op sy kampplek en elkeen langs sy eenheid,^g volgens hulle leërafdelings, kamp opslaan, ⁵³ *maar die Leviete moet rondom die tabernakel met die Getuienis kamp opslaan, sodat

*1:44-46 Eks 12:37; 38:26; Num 2:32; 26:51

^e1:44 leiers: Vgl voetnoot in Num 1:16.

*1:47-49 Num 2:33; 26:57-62

*1:50-51 Num 3:5-10; 4:1-33

^f1:50 die Getuienis: Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20.

*1:52 Num 2:2-31

^g1:52 eenheid: Daar is verskil van mening oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Dit kan 'n vaandel wees wat omhoog gehou is as aanduiding van die versamelpunt, maar dit is meer waarskynlik 'n term vir 'n groot militêre eenheid.

*1:53 Num 3:7; 18:3-5; 1 Kron 23:32

daar nie 'n woede oor die volksvergadering^h van die Israëliete losbreek nie. Die Leviëte moet die verpligtinge nakom by die tabernakel met die Getuïenis.”

⁵⁴ *Die Israëliete het dit toe gedoen; presies soos wat die HERE Moses beveel het, so het hulle dit gedoen.

2

Orde in die kamp

¹ Die HERE het met Moses en Aäron gepraat en gesê: ² “*Die Israëliete moet elkeen by sy eenheid,ⁱ by die vaandels van hulle familie, kamp opslaan. Hulle moet langs mekaar, op 'n afstand, rondom die Tent van Ontmoeting kamp opslaan.

³ “**Dié wat kamp opslaan aan die oostekant, aan die kant waar die son opkom, moet wees:

“Die eenheid van Juda se kamp volgens hulle leërafdelings, met Nagson, seun van Amminadab, as leier^j van die nageslag van Juda, ⁴ met sy leër, dié wat ingeskryf is: vier-en-sewentigduisend seshonderd.

⁵ Dié wat langs hulle kamp opslaan, is die stam van Issaskar met Netanel, seun van Suar, as leier van die nageslag van Issaskar,

^h**1:53 volksvergadering:** Vgl voetnoot in Num 1:2.

***1:54** Num 2:34; 3:16; 8:20

***2:2** Num 1:52

ⁱ**2:2 eenheid:** Daar is meningsverskil oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Dit kan 'n vaandel wees wat omhoog gehou is as aanduiding van die versamelpunt, maar dit is meer waarskynlik 'n term vir 'n groot militêre eenheid.

***2:3-29** Gen 35:23-26; Num 1:5-15,20-43; 10:14-27

***2:3** Luk 3:33

^j**2:3 leier:** In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

⁶ met sy leër, dié wat ingeskryf is: vier-en-vyftigduisend vierhonderd.

⁷ Daarna die stam van Sebulon met Eliab, seun van Gelon, as leier van die nageslag van Sebulon, ⁸ met sy leër, dié wat ingeskryf is: sewe-en-vyftigduisend vierhonderd.

⁹ Al dié wat ingeskryf is van die kamp van Juda, volgens hulle leërafdelings, is honderd ses-en-tagtigduisend vierhonderd. Hulle moet eerste kamp opbreek.

¹⁰ “Die eenheid van Ruben se kamp is, volgens hulle leërafdelings, aan die suidekant met Elisur, seun van Sedeür, as leier van die nageslag van Ruben, ¹¹ met sy leër, dié wat ingeskryf is: ses-en-veertigduisend vyfhonderd.

¹² Dié wat langs hulle kamp opslaan, is die stam van Simeon met Selumiël, seun van Suri-Saddai, as leier van die nageslag van Simeon, ¹³ met sy leër, dié wat ingeskryf is: nege-en-vyftigduisend driehonderd.

¹⁴ Daarna die stam van Gad met Eljasaf, seun van Deüel^k as leier van die nageslag van Gad, ¹⁵ met sy leër, dié wat ingeskryf is, is vyf-en-veertigduisend seshonderd-en-vyftig.

¹⁶ Al dié wat ingeskryf is van die kamp van Ruben, volgens hulle leërafdelings, is honderd-een-en-vyftigduisend vierhonderd-en-vyftig. Hulle moet tweede kamp opbreek.

¹⁷ “Dan moet die Tent van Ontmoeting, die kamp van die Leviëte wat in die middel van die kampe is, verskuif. Soos hulle kamp opslaan, so moet hulle ook kamp opbreek, elkeen op sy plek, volgens hulle eenhede.

^k**2:14 Deüel:** Die bronteks lui: “Reüel”, maar volgens Num 1:14; 7:42,47; 10:20 is Deüel die vader van Eljasaf. Die Hebreeuse letters d en r kan soms verwar word.

¹⁸ “Die eenheid van Efraim se kamp is, volgens hulle leërafdelings, aan die westekant, met Elisama, seun van Ammihud, as leier van die nageslag van Efraim, ¹⁹ met sy leër, dié wat ingeskryf is: veertigduisend vyfhonderd.

²⁰ Langs hulle is die stam van Manasse met Gamliël, seun van Pedasur, as leier van die nageslag van Manasse, ²¹ met sy leër, dié wat ingeskryf is: twee-en-dertigduisend tweehonderd.

²² Daarna die stam van Benjamin. Die leier van die nageslag van Benjamin is Abidan, seun van Gidoni, ²³ met sy leër, dié wat ingeskryf is: vyf-en-dertigduisend vierhonderd.

²⁴ Al dié wat ingeskryf is van die kamp van Efraim, volgens hulle leërafdelings, is honderd-en-agtduisend eenhonderd. Hulle moet derde kamp opbreek.

²⁵ “Die eenheid van Dan se kamp is, volgens hulle leërafdelings, aan die noordekant met Agiëser, seun van Ammi-Saddai, as leier van die nageslag van Dan, ²⁶ met sy leër, dié wat ingeskryf is: twee-en-sestigduisend sewehonderd.

²⁷ Dié wat langs hulle kamp opslaan, is die stam van Aser met Pagiël, seun van Okran, as leier van die nageslag van Aser, ²⁸ met sy leër, dié wat ingeskryf is: een-en-veertigduisend vyfhonderd.

²⁹ Daarna die stam van Naftali met Agira, seun van Enan, as leier van die nageslag van Naftali, ³⁰ met sy leër, dié wat ingeskryf is: drie-en-vyftigduisend vierhonderd.

³¹ Al dié wat ingeskryf is van die kamp van Dan, is honderd sewe-en-vyftigduisend seshonderd. Hulle moet laaste kamp opbreek volgens hulle eenhede.”

³² *Dit was die Israelite wat ingeskryf is volgens hulle families. Al dié wat ingeskryf is van die kampe, volgens hulle leërafdelings, was seshonderd-en-drieduisend vyfhonderd-en-vyftig. ³³ *Maar die Leviete is nie saam met die Israelite ingeskryf nie, soos wat die HERE Moses beveel het.

³⁴ *Die Israelite het presies gedoen wat die HERE Moses beveel het. So het hulle kamp opgeslaan volgens hulle eenhede, en so het hulle kamp opgebreek; almal volgens hulle familie-groepe, langs hulle families.

3

Opname van priesters en Leviete

¹ *Hier volg die geslagsregisters van Aäron en Moses. Die tyd toe die HERE met Moses op die berg Sinai gepraat het, ² *was dit die name van Aäron se seuns: Nadab, die eersgeborene, Abihu, Eleasar en Itamar.

³ *Dit was die name van Aäron se seuns, die priesters wat gesalf is, wat Moses gewy het om as priesters te dien. ⁴ Maar Nadab en Abihu het voor die HERE gesterf, toe hulle in die Sinaiwoestyn ongeoorloofde vuur voor die HERE nadergebring het.* Hulle het geen seuns gehad nie, en Eleasar en Itamar het onder toesig van hulle pa, Aäron, as priesters opgetree.

*2:32 Num 1:46

*2:33 Num 1:49

*2:34 Num 1:19,54; 10:12,28; 24:2,5,6

*3:1 Lev 27:34

*3:2 Eks 6:22; 1 Kron 6:3

*3:3 Eks 28:1,41; 40:12-15

*3:4 Nadab ... nadergebring het: Lev 10:1-2; Num 26:61; 1 Kron 24:2

⁵ *Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ⁶ **“Laat die stam van Levi naderkom, laat hulle plek inneem voor die priester Aäron. Hulle moet hom bystaan; ⁷ *hulle moet sy verpligtinge en die verpligtinge van die hele volksvergadering¹ voor die Tent van Ontmoeting help nakom deur diens te doen in die taberbakel. ⁸ Hulle moet toesig hou oor al die toerusting van die Tent van Ontmoeting, en die verpligtinge van die Israëliete help nakom deur diens te doen in die •tabernakel.*

⁹ **“Jy moet die Leviete tot beskikking stel van Aäron en sy seuns. Hulle is volledig tot sy beskikking namens die Israëliete. ¹⁰ *Net aan Aäron en sy seuns moet jy dit opdra om die priesterdiens waar te neem. 'n Onbevoegde persoon wat daar indring, moet doodgemaak word.”*

¹¹ Die HERE het met Moses gepraat: ¹² **“Wat My betref, kyk, Ek het die Leviete tussen die Israëliete uitgehaal in die plek van al die eersgeborenes, die eersteling van die moederskoot, onder die Israëliete. Die Leviete behoort aan My ¹³ omdat al die eersgeborenes aan My behoort. Toe Ek al die eersgeborenes in Egipteland getref het, het Ek al die eersgeborenes in Israel vir my geheilig: Die eersgeborenes van mense sowel as diere behoort aan My. Ek is die HERE.”*

¹⁴ Die HERE het in die Sinaiwoestyn met Moses gepraat en gesê:

***3:5-13** Num 16:9-10

***3:5** Num 1:50-51

***3:6-9** Eseg 44:11

***3:6** Num 8:19; 18:3-6; Deut 10:8

***3:7** Num 8:11,15

¹**3:7 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

***3:9** 1 Kron 15:2; Esra 6:18

***3:10** Eks 40:12-15; Num 1:51; 18:5,7; Eseg 44:15-16

***3:12-13** Eks 13:2; Num 3:40-51; 8:16-18; 18:6

¹⁵ **“Skryf die Leviete in volgens hulle families, volgens hulle familie-groepe. Al die manlike persone van een maand en ouer moet jy inskryf.”*

¹⁶ Moses het hulle op bevel van die HERE ingeskryf, soos hy beveel is.

¹⁷ ***Dit was die nageslag van Levi met hulle name, Gerson, Kehat en Merari:

¹⁸ Dit is die name van die nageslag van Gerson; volgens hulle familie-groepe was dit Libni en Simi.

¹⁹ Die nageslag van Kehat was, volgens hulle familie-groepe, Amram en Jishar, Hebron en Ussiël.

²⁰ Die nageslag van Merari was, volgens hulle familie-groepe, Magli en Musi.

Hulle was die familie-groepe van die Leviete, volgens hulle families.

²¹ *By Gerson hoort die familie-groep wat van Libni afstam en die familie-groep wat van Simi afstam. Hulle was die familie-groepe wat van Gerson afstam. ²² Wat betref dié wat ingeskryf is: Die volle getal van almal wat manlik was, van 'n maand en ouer, dié wat ingeskryf is, was seweduisend vyfhonderd. ²³ **Die familie-groepe wat van Gerson afstam, het agter die tabernakel kamp opgeslaan, aan die westekant. ²⁴ Die leier^m van die Gerson-familie was Eljasaf, seun van Lael. ²⁵ Die verpligtinge van die nageslag van Gerson by die Tent van Ontmoeting

***3:15** Num 1:3; 3:40; 26:57

***3:17-39** Num 26:57-62

***3:17** Gen 46:11; 1 Kron 23:6

***3:17-20** Eks 6:15-24; 1 Kron 6:1,16,20-29

***3:21** 1 Kron 6:17; 23:7

***3:23-38** Num 1:53

***3:23-26** Num 10:17

^m**3:24 leier** In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

was die tabernakel en die borseil, sy dekkleed* en die gordyn by die ingang van die Tent van Ontmoeting, ²⁶ die voorhof se seildoek wat rondom die tabernakel en die altaar is, saam met die voorhof se afskorting en sy toue — al die werk daaraan.

²⁷ **By Kehat hoort die familiegroep wat van Amram afstam, die familiegroep wat van Jishar afstam, die familiegroep wat van Hebron afstam en die familiegroep wat van Ussiël afstam. Hulle was die familiegroepe wat van Kehat afstam. ²⁸ Die volle getal van al die manlike persone van 'n maand en ouer was agtduisend seshonderd. Hulle moes die verpligtinge in die heiligdom nakom. ²⁹ *Die familiegroepe van die nageslag van Kehat het die kamp opgeslaan langs die tabernakel, aan die suidekant. ³⁰ *Die leier van die familiegroepe wat van Kehat afstam, was Elisafan, seun van Ussiël. ³¹ *Hulle verpligtinge was al die werk verbonde aan die ark, die tafel, die menora,ⁿ die altare en die toebehore van die heiligdom waarmee hulle take verrig, asook die afskorting.^o ³² *Die hoofleier van die Leviete was Eleasar, seun van die priester Aäron. Hy was in bevel van dié wat die verpligtinge in die heiligdom moes nakom.

³³ *By Merari hoort die familiegroep wat van Magli afstam en die

***3:25 dekkleed:** Eks 26:7,14,36-37; Num 4:24-26

***3:27-32** Num 10:21

***3:27** Num 4:2; Jos 21:5; 1 Kron 23:12

***3:29** Num 2:10-16

***3:30** Eks 6:21; Lev 10:4

***3:31** Eks 25:10 — 27:21; Num 4:4-15; Deut 10:8

ⁿ**3:31 menora:** Die goue kandelaar met sewe arms wat in die heilige deel van die tabernakel en later ook die tempel gestaan het.

^o**3:31 afskorting:** Hierdie woord verwys na die Voorhangsel; vgl Eks 26:31.

***3:32** Eks 6:24; Num 4:16

***3:33-37** Num 10:17

familiegroep wat van Musi afstam. Hulle was die familiegroepe wat van Merari afgestam het. ³⁴ Wat betref dié wat ingeskryf is: Die volle getal van al die manlike persone van 'n maand en ouer was sesduisend tweehonderd. ³⁵ *Die leier van die familiegroepe wat van Merari afstam, was Suriël, seun van Abigajil. Hulle het langs die tabernakel tent opgeslaan, aan die noordekant. ³⁶ *Die verantwoordelikheid wat aan die nageslag van Merari opgedra is, was die tabernakel se houtraamwerk, die dwarshoute, tentpale en voetstukke, en al die toebehore, al die werk daaraan verbonde, ³⁷ ook die tentpale van die voorhof rondom, hulle voetstukke, penne en toue.

³⁸ *Die groep wat voor die tabernakel, aan die oostekant, waar die son opkom, voor die Tent van Ontmoeting, moes kamp opslaan, was Moses, Aäron en sy nageslag. Hulle moes die verpligtinge in die heiligdom nakom, die verpligtinge van die Israeliete. 'n Onbevoegde persoon wat daar indring, moes doodgemaak word. ³⁹ *Al die ingeskrewe Leviete, wat Moses en Aäron op bevel van die HERE ingeskryf het, volgens hulle familiegroepe, elke manlike persoon van 'n maand en ouer, was twee-en-twintigduisend.

⁴⁰ Die HERE het vir Moses gesê: “Skryf elke manlike eersgeborene van die Israeliete van 'n maand en ouer in. Neem hulle volle name op in die lys. ⁴¹ *Neem die Leviete vir My — Ek is die HERE — in die plek van al die eersgeborenes van die Israeliete; en neem die diere van die Leviete in die plek van al die eersgeborenes onder die diere van die Israeliete.”

⁴² Moses het toe, soos die HERE hom beveel het, al die eersgeborenes

***3:35** Num 2:25-31

***3:36-37** Eks 35:1-13; Num 4:31-32

***3:38** Num 1:51; 8:19; 18:7

***3:39** Num 3:22,28,34,46-49

***3:41** Num 3:12,45

onder die Israeliete ingeskryf. ⁴³ Al die manlike eersgeborenes, met volle name, van 'n maand en ouer, was volgens hulle inskrywing twee-en-twintigduisend tweehonderd drie-en-sewentig.

⁴⁴ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ⁴⁵ “*Neem die Leviete in die plek van al die eersgeborenes onder die Israeliete, en ook die Leviete se vee in die plek van hulle vee. Die Leviete behoort aan My. Ek is die HERE. ⁴⁶ Vir die loskoop tweehonderd drie-en-sewentig Israelitiese eersgeborenes, wat meer as die Leviete is, ⁴⁷ *moet jy vyf sikkelp per kop invorder en dit bereken volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld. Die sikkel is twintig gera werd. ⁴⁸ Jy moet die geld vir Aäron en sy seuns gee as losprys vir die eersgeborenes wat meer is as hulle.”

⁴⁹ Moses het die geld vir die losprys van die Israelitiese eersgeborenes, wat meer was as dié wat deur die Leviete losgekoop is, in ontvangs geneem. ⁵⁰ Namens die eersgeborenes van die Israeliete het hy die geld ontvang. Dit was eenduisend driehonderd vyf-en-sestig sikkel^q volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld. ⁵¹ Moses het die losprys vir Aäron en sy seuns gegee in opdrag van die HERE, soos die HERE Moses beveel het.

***3:45** Num 3:13

***3:47** Eks 30:13; Num 18:16

^p**3:47 5 sikkel:** Ongeveer 57 g; •Geldeenhede.

^q**3:50 1 365 sikkel:** Ongeveer 15,6 kg.

Telling en dienswerk van die Kehatgroep

¹ *Die HERE het met Moses en Aäron gepraat en gesê: ² “*Hou onder die Leviete 'n hoofdelike telling^r van die nageslag van Kehat, volgens hulle familie-groepe, volgens hulle families, ³ van dertig jaar en ouer, tot vyftig jaar oud, elkeen wat ingaan vir diens om 'n taak te verrig in die Tent van Ontmoeting.

⁴ “*Die dienswerk van die nageslag van Kehat in die Tent van Ontmoeting in verband met die allerheiligste voorwerpe is soos volg: ⁵ *Wanneer die kamp opgebreek word, moet Aäron en sy seuns ingaan en die Voorhangsel^s wat as afskorting dien, afhaal en die ark met die Getuienis^t daarmee bedek. ⁶ *Hulle moet 'n sagte leerbedekking^u daaroor sit en 'n doek wat heeltemal pers is, daaroor gooi. Dan moet hulle die draaghoute insteek. ⁷ Oor die tafel vir die vertoonbrode* moet hulle ook 'n pers doek gooi. Daarop moet hulle die skottels, die bakke, die komme

* **4:1-33** Num 1:50-51

* **4:2-3** Num 4:22-23,29-30; 8:24-25

^r**4:2 Hou ... telling:** Letterlik ‘lig ... die koppe’. Dit verwys na die koppe van die manne wat getel is.

* **4:4** Num 3:30-31; 4:15-19

* **4:5-15** Num 18:2-6

^s**4:5 Voorhangsel:** Die gordyn wat die heilige voorste deel van die •tabernakel geskei het van die allerheiligste deel.

^t**4:5 die Getuienis:** Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20.

* **4:6** Eks 25:13-15; 26:31-33

^u**4:6 sagte leerbedekking:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord wat as “sagte leer-” vertaal is. Word ook vertaal: “robbevelle”.

* **4:7 tafel ... vertoonbrode:** Eks 25:30; Lev 24:5-9

en die bekere vir die drankoffers neersit. Die brood wat deurentyd op die tafel is, moet ook daar wees. ⁸*Daaroor moet hulle dan 'n karmosynrooi doek gooi en dit met 'n dekkleed van sagte leer toemaak. Dan moet hulle die draaghoute insteek. ⁹*Hulle moet 'n pers doek vat en dit gooi oor die menora^v wat lig moet verskaf, saam met sy lampe, die snuiters, die bakkies en al die oliehouers waarmee hulle by die menora take verrig. ¹⁰Hulle moet die menora met al sy toebehore op 'n kleed van sagte leer sit en dit op die draagbaar neerlê. ¹¹*Oor die goue altaar moet hulle 'n pers doek gooi en dit met 'n kleed van sagte leer toemaak. Dan moet hulle die draaghoute insteek. ¹²*Hulle moet al die gereedskap neem waarmee hulle in die heiligdom take verrig, dit op 'n pers doek sit, met 'n kleed van sagte leer toemaak en op die draagbaar neerlê. ¹³Hulle moet die altaar skoonvee van vetterige as en 'n purperrooi doek daarvoor gooi. ¹⁴Hulle moet al die gereedskap waarmee hulle by die altaar take verrig, daarop neersit: die vuurpanne, die vurke, die grafies en offerbakke^w — al die gereedskap vir die altaar. Dan moet hulle 'n sagte leerbedekking daarvoor gooi. Daarna moet hulle die draaghoute insteek. ¹⁵*Aäron en sy seuns moet die heiligdom en al die heilige voorwerpe toemaak wanneer die kamp verskuif. Eers daarna kan die nageslag van Kehat kom om dit te dra. Hulle mag nie aan iets heiligs raak nie, anders sterf hulle. Dit is dan die voorwerpe in die Tent van

* 4:8 Eks 25:28

* 4:9 Eks 25:31-35

^v4:9 **menora:** Die goue kandelaar met sewe arms wat in die heilige deel van die tabernakel en later ook die tempel gestaan het.

* 4:11 Eks 30:1-5

* 4:12 Eks 25:9; 1 Kron 9:28

^w4:14 **offerbakke:** Dit verwys na houers wat in die tabernakel gebruik is vir drankoffers; vgl Eks 27:3.

* 4:15 1 Kron 15:2,15

Ontmoeting wat die nageslag van Kehat moet dra.

¹⁶ * “Die olie vir die lig, die geurige reukwerk, die gereelde •graanoffer en die salfolie staan onder die beheer van Eleasar, seun van die priester Aäron. Hy hou ook toesig oor die hele tabernakel en alles wat daarin is, oor sowel die heiligdom as sy gereedskap.”

¹⁷ Die HERE het met Moses en Aäron gepraat en gesê: ¹⁸ “*Moenie toelaat dat die familiegroepe van die Kehat-tak van die Leviëte afgesny word nie. ¹⁹ Dit is wat julle vir hulle moet doen, sodat hulle kan leef en nie sterf wanneer hulle die besonder heilige voorwerpe nader nie: Aäron en sy seuns moet in die tabernakel^x ingaan en hulle aanstel, elkeen oor sy taak en by sy drawerk. ²⁰ *Hulle mag egter nie daar ingaan om, terwyl dit toegegooi word,^y na die heilige voorwerpe te kyk nie, anders sterf hulle.”

Telling en dienswerk van die Gersongroep

²¹ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ²² “*Hou 'n hoofdelike telling ook van die nageslag van Gerson volgens hulle families, volgens hulle familiegroepe, ²³ van dertig jaar en ouer, tot vyftig jaar oud. Skryf hulle in, elkeen wat ingaan om diens te doen om 'n taak te verrig in die Tent van Ontmoeting.

²⁴ “*Dit is die taak wat die familiegroepe wat van Gerson afstam, moet

* **4:16** Num 3:32

* **4:18-19** Num 1:51; 3:31; 4:4

^x**4:19 in die tabernakel:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **4:20** Eks 19:21; 1 Sam 6:19

^y**4:20 terwyl ... word:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal: “vir 'n oomblik”.

* **4:22** Num 3:17,21-26

* **4:24-26** Num 3:18,25-26

uitvoer by die drawerk: ²⁵ Hulle moet die tabernakel se tentdoeke en die Tent van Ontmoeting dra, die dekkleed en die dekkleed van sagte leer wat bo-oor kom,* die gordyn by die ingang van die Tent van Ontmoeting, ²⁶ *die voorhof se seildoeke wat rondom die tabernakel en die altaar is, en die afskorting by die ingang van die poort na die voorhof, asook die toue daarvan en al die voorwerpe wat deel uitmaak van hulle taak; ja, alles wat daarmee gedoen moet word, is hulle taak. ²⁷ *Volgens die bevele van Aäron en sy seuns moet elke taak van die nageslag van Gerson uitgevoer word. Dit geld vir al hulle drawerk en al hulle take. Julle moet vir hulle by die naam^z al hulle drawerk aanwys. ²⁸ *Dit is die taak van die familiegroepe van die nageslag van Gerson by die Tent van Ontmoeting. Hulle verpligtinge staan onder die beheer van Itamar, seun van die priester Aäron.”

Telling en dienswerk van die Merarigroep

²⁹ “*Wat die nageslag van Merari betref — volgens hulle familiegroepe, volgens hulle families, moet jy hulle inskryf. ³⁰ *Van dertig jaar en ouer, tot vyftig jaar oud, elkeen wat ingaan vir diens om by die Tent van Ontmoeting 'n taak te verrig, moet jy inskryf. ³¹ *Die drawerk wat hulle verplig is om te doen, al hulle take by die Tent van Ontmoeting, sluit die volgende in: die houtraamwerk van die tabernakel, sy dwarshoute,

* 4:25 dekkleed van ... kom: Eks 26:1,14

* 4:26 Eks 27:9,16; Num 3:26

* 4:27 Num 3:25-26

^z4:27 by die naam: Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui: “met 'n verpligting”.

* 4:28 Eks 38:21

* 4:29 Eks 6:18; Num 3:33-37

* 4:30 Num 8:24-25

* 4:31 Num 3:36-37

pilare en voetstukke, ³² die pilare rondom die voorhof, die voetstukke, penne, toue en al die bypassende gereedskap, alles wat deel uitmaak van hulle taak. Julle moet vir hulle by die naam die voorwerpe wat hulle verplig is om te dra, aanwys. ³³ Dit is die taak van die familie-groepe uit die nageslag van Merari. Al hulle take by die Tent van Ontmoeting staan onder die beheer van Itamar, seun van die priester Aäron.”

Getalle van die Leviete

³⁴ *Moses en Aäron en die leiers^a van die volksvergadering^b het die nageslag van Kehat ingeskryf volgens hulle familie-groepe en families, ³⁵ van dertig jaar en ouer, tot vyftig jaar oud, elkeen wat ingaan vir 'n diens om 'n taak te verrig in die Tent van Ontmoeting. ³⁶ Dié wat ingeskryf is volgens hulle familie-groepe, was tweeduisend sewehonderd-en-vyftig. ³⁷ Dit was dié wat ingeskryf is van die familie-groepe wat van Kehat afstam, elkeen wat in die Tent van Ontmoeting 'n taak verrig het. Moses en Aäron het hulle ingeskryf op bevel van die HERE deur die diens van Moses.

³⁸ Dié wat ingeskryf is van die nageslag van Gerson, volgens hulle familie-groepe en families, ³⁹ van dertig jaar en ouer, tot vyftig jaar oud, elkeen wat ingaan vir diens om 'n taak te verrig in die Tent van Ontmoeting, ⁴⁰ ingeskryf volgens familie-groepe en families, was tweeduisend seshonderd-en-dertig. ⁴¹ Dit was dié wat ingeskryf is van die familie-groepe van die nageslag van Gerson, elkeen wat in die Tent van Ontmoeting 'n taak verrig het, wat Moses en Aäron in opdrag van die HERE ingeskryf het.

* **4:34-48** Num 4:2-3

^a**4:34 leiers:** In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

^b**4:34 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

⁴² Dié wat ingeskryf is van die familie-groepe van die nageslag van Merari, ingeskryf volgens hulle familie-groepe en families, ⁴³ van dertig jaar en ouer, tot vyftig jaar oud, elkeen wat ingaan vir diens om 'n taak te verrig in die Tent van Ontmoeting — ⁴⁴ dié wat ingeskryf is volgens familie-groepe, was drieduisend tweehonderd. ⁴⁵ Dit was dié wat ingeskryf is van die familie-groepe van die nageslag van Merari. Moses en Aäron het hulle ingeskryf op bevel van die HERE deur die diens van Moses.

⁴⁶ Al dié wat ingeskryf is, die Leviete wat Moses en Aäron en die leiers van Israel ingeskryf het volgens hulle familie-groepe en families, ⁴⁷ van dertig jaar en ouer, tot vyftig jaar oud, elkeen wat ingaan om 'n taak te verrig en drawerk te doen in die Tent van Ontmoeting — ⁴⁸ dié wat ingeskryf is, was agtduisend vyfhonderd-en-tagtig. ⁴⁹ Volgens die bevel van die HERE deur Moses, is hulle oor hulle taak en drawerk opdragte gegee, elkeen wat Moses ingeskryf het soos die HERE hom beveel het.

5

Voorskrifte oor onreinheid

¹ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ² “Gee die Israëliete opdrag om elkeen wat 'n velsiekte^c het en elkeen wat 'n afskeiding^{*} het, uit die kamp te stuur, ook elkeen wat onrein is omdat hy aan 'n lyk geraak het.* ³ Mans sowel as vroue, moet julle uitstuur. Na die buitekant van die kamp moet julle hulle stuur, sodat hulle nie hulle kamp, waar Ek in hulle midde woon, verontreinig nie.” ⁴ Die Israëliete het toe so gemaak. Hulle het hulle uit die kamp gestuur. Net soos wat die HERE vir Moses

^c5:2 velsiekte: Enige aantasting van die vel waaruit liggaamsvog kon kom. Dit het die persoon •onrein gemaak; Lev 13:2,8,45-46; 14:2-3.

*5:2 afskeiding: Lev 15:2-28

*5:2 aan ... geraak het: Num 9:6-7

beveel het, so het die Israeliete gedoen.

Voorskrifte oor ontrou

⁵ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ⁶ “*Sê vir die Israeliete, ‘Wanneer 'n man of 'n vrou enige sonde begaan wat 'n mens kan doen, sodat daar ontrou teenoor die HERE gepleeg word, is daardie persoon skuldig. ⁷ *Hulle moet hulle sonde wat hulle gedoen het, bely. Die persoon moet ten volle vergoeding gee vir wat hy verkeerd gedoen het en 'n vyfde daarvan byvoeg. Hy moet dit gee aan wie hy ook al benadeel het. ⁸ As iemand egter geen naaste familielid het aan wie die skuld vergoed kan word nie, val die verskuldigde bedrag terug aan die HERE. Dit is tot voordeel van die priester, bo en behalwe die ram vir versoening waarmee die priester vir die persoon versoening moet doen.

⁹ “ ‘Enige wydingsgeskenk^d uit al die heilige gawes van die Israeliete wat hulle na die priester bring, sal syne wees. ¹⁰ Elkeen se heilige gawes^e is sy eie, maar wanneer iemand iets vir die priester gee, behoort dit aan die priester.’ ”

Voorskrifte oor agterdog

¹¹ Die Here het met Moses gepraat en gesê: ¹² “*Praat met die Israeliete

*5:6-8 Lev 5:15-19; 6:1-7

*5:7 Num 15:25,28,41; Sir 4:26

*5:9 Lev 7:14,32,34

^d5:9 **wydingsgeskenk:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

^e5:10 **heilige gawes:** Dit was offergawes, diere en produkte, wat die Israeliete uit die daaglikse gebruik onttrek het om vir die HERE te gee. As hulle dit na die tempel gebring het, kon priesters dit huis toe neem vir hulle gesinne; vgl Num 18:11-19.

*5:12 Eks 20:14

en sê vir hulle, ‘As enigiemand se vrou op 'n dwaalspoor raak en aan hom ontrou is ¹³* deurdat 'n ander man met haar gemeenskap het, maar haar man nie daarvan bewus is nie^f — want sy het haarself in die geheim verontreinig — en daar geen getuie teen haar is en sy ook nie betrap is nie; ¹⁴* maar 'n gees van wantroue pak haar man beet en hy koester agterdog teenoor sy vrou as sy haarself verontreinig het; of ook as 'n gees van wantroue hom beetpak en hy koester agterdog teenoor sy vrou alhoewel sy haarself nie verontreinig het nie, ¹⁵* dan moet die man sy vrou na die priester neem. Hy moet die vereiste offer namens haar saamneem: 'n tiende van 'n efa^g garsmeel. Hy mag geen olyfolie daarvoor uitgiet en geen wierook daarop neersit nie, want dit is 'n •graanoffer vir agterdog, 'n graanoffer van herinnering wat aan skuld herinner.*

¹⁶“ ‘Die priester moet haar naderbring en haar in die teenwoordigheid van die HERE laat staan. ¹⁷Die priester moet die heilige water wat in 'n kleipot is, neem; ook van die stof op die vloer van die •tabernakel moet hy neem en in die water gooi. ¹⁸Die priester moet dan die vrou in die teenwoordigheid van die HERE laat staan. Hy moet haar hare losmaak en die graanoffer van herinnering op haar handpalms sit — dit is die graanoffer vir agterdog — terwyl die priester die water van bitterheid wat 'n vloek bring, in sy hand hou. ¹⁹Dan moet die priester haar onder eed plaas en vir die vrou sê: “As 'n ander man nie by jou geslaap het nie, en as jy nie in •onreinheid op 'n dwaalspoor geraak het terwyl jy onder die gesag van jou man was nie, wees dan vry van hierdie water

*5:13 Spr 7:18-21; Joh 8:4

^f5:13 maar ... is nie: Letterlik ‘dit verborge is vir die oë van haar man’.

*5:14 Sir 9:1

*5:15 Lev 5:11; 7:10

^g5:15 efa: Een efa was ongeveer 22 l; •Inhoudsmate.

*5:15 aan ... herinner: 1 Kon 17:18; Eseg 29:16

van bitterheid wat 'n vloek bring.²⁰ Maar jy, as jy op 'n dwaalspoor geraak het terwyl jy onder die gesag van jou man was, en as jy jouself verontreinig het, en iemand behalwe jou eie man met jou gemeenskap gehad het,” —²¹ en hier moet die priester dan die vrou die eed van vervloeking laat sweer deur vir haar te sê — “mag die HERE jou 'n voorbeeld van vervloeking en verwensing maak onder jou volk wanneer Hy beskik dat jou heup krimp^h en jou maag opswel.²² En mag hierdie water wat die vloek bring, in jou ingewande ingaan sodat jou maag opswel en jou heup krimp.” Die vrou moet dan sê: “Amenⁱ, amen.”

²³ “Daarna moet die priester hierdie vervloekings in 'n boekrol skryf en dit in die water van bitterheid uitwis.²⁴ Hy moet die vrou die water van bitterheid wat die vloek bring, laat drink; dit sal in haar ingaan tot bitterheid.²⁵ Die priester moet dan die graanoffer vir agterdog uit die vrou se hand neem, dit voor die HERE aanbied^j en dit na die altaar bring.²⁶ *Dan moet die priester 'n handvol van die graanoffer, die verteenwoordigende deel,^k neem, en dit op die altaar verbrand. Daarna moet hy die vrou die water laat drink.²⁷ Nadat hy haar die water laat drink het, sal dit soos volg verloop: As sy haarself verontreinig het en 'n daad van ontrou teenoor haar man gepleeg het, sal die water van bitterheid wat die vloek bring, in haar ingaan; haar maag sal opswel en

^h**5:21 heup krimp:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Die heup is hier waarskynlik 'n versagtende uitdrukking vir die vrou se geslagsorgaan.

ⁱ**5:22 Amen:** 'n Hebreeuse woord wat ‘sekerlik’ of ‘dit is so’ beteken. Dit word gebruik om instemming te betuig, om 'n seënwens of lofuitspraak te bevestig, om 'n gebed mee af te sluit, of as bevestiging en toe-eiening van die beloftes van God.

^j**5:25 aanbied:** Die priester moes die gerf waarskynlik deur bewegings simbolies vir die HERE aanbied by die altaar; vgl Lev 7:30; 8:27; 9:21.

^{*}**5:26** Lev 2:2,9; 5:12

^k**5:26 verteenwoordigende deel:** In Hebreeus word 'n tegniese term gebruik wat moeilik vertaalbaar is in Afrikaans. Dit is 'n deel wat die hele offer verteenwoordig.

haar heup sal krimp. Die vrou sal dan dien as voorbeeld van vervloeking onder haar volk. ²⁸ Maar as die vrou haarself nie verontreinig het nie en sy rein is, sal sy vry wees van skuld en bevrug kan raak.

²⁹ “ ‘Dit is die voorskrif vir agterdog, wanneer 'n vrou op 'n dwaalspoor raak en sy haarself verontreinig terwyl sy onder die gesag van haar man is; ³⁰ of in die geval van 'n man wanneer 'n gees van wantroue hom beetpak en hy agterdog koester teenoor sy vrou. Hy moet dan die vrou in die HERE se teenwoordigheid laat staan, en die priester sal met haar handel volgens hierdie hele voorskrif. ³¹ Die man sal vry wees van skuld, maar daardie vrou sal haar skuld moet dra.’ ”

6

Voorskrifte vir nasireërs

¹ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ² “*Praat met die Israeliete en sê vir hulle, ‘Wanneer 'n man of vrou 'n buitengewone gelofte aflê, die gelofte van 'n •nasireër om hulle aan die HERE te wy, ³ moet hy hom van wyn en sterk drank weerhou. Druiveasyn en asyn van sterk drank mag so iemand nie drink nie. Geen druivesap mag hy drink nie, en druive, vars of droog, mag hy nie eet nie. ⁴ Vir die volle tydperk van sy toewyding mag hy niks eet wat van die druiwestok verkry word nie, van pit tot skil.

⁵ “ ‘Vir die volle tydperk wat sy gelofte van toewyding geld, mag 'n skeermes nie oor sy kop gaan nie. Totdat die tydperk waarin hy hom aan die HERE toewy, verby is, moet hy heilig wees en die onversorgde hare op sy kop lank laat word.

*6:2-5 Rig 13:5,7; 16:17; 1 Sam 1:11; Am 2:11-12; Luk 1:15; Hand 21:23

⁶ “*Vir die volle tydperk van sy toewyding aan die HERE mag hy nie naby 'n dooie kom nie. ⁷ Selfs in die geval van sy pa, ma, broer of suster mag hy homself nie met hulle verontreinig as hulle sterf nie, want die teken van toewyding aan sy God, is op sy kop. ⁸ *Vir die volle tydperk van sy toewyding is hy heilig vir die HERE.

⁹ “*Maar wanneer iemand by hom heel onverwags sterf, en hy sy gewyde hare verontreinig, moet hy sy hare afskeer op die dag wanneer hy rein word; op die sewende dag moet hy dit afskeer. ¹⁰ *Op die agtste dag moet hy twee tortelduiwe of twee jong duiwe na die priester bring by die ingang van die Tent van Ontmoeting. ¹¹ *Die priester moet die een as 'n •reinigingsoffer en die ander as 'n •brandoffer bring en so vir hom versoening doen vir die oortreding weens die dooie. Daardie dag nog moet hy sy hare heilig ¹² *en die tydperk van sy toewyding opnuut aan die HERE opdra. Hy moet 'n jaaroud ramlam as •hersteloffer na die priester bring. Die aanvanklike tydperk verval omdat sy toewyding •onrein geword het.

¹³ “* *Dit is die voorskrifte vir die nasireër:¹ Op die dag wanneer die tydperk van sy toewyding verby is, moet hy na die ingang van die Tent

* 6:6-7 Num 19:11,16; Lev 21:11

* 6:8 Lev 21:6

* 6:9 Lev 14:8-9; Num 19:11-13

* 6:10 Eks 29:42-43; Lev 5:7; Num 6:18

* 6:11 Lev 1:14-17; 5:7-10

* 6:12 Lev 5:6

* 6:13-21 Hand 21:26

* 6:13-18 Hand 21:23-24

¹6:13 nasireër: Iemand wat hom aan die HERE gewy het en vir dié doel 'n nasireërgelofte afgelê het. Hy moes hom onthou van die gebruik van wyn en bier en enigiets wat van die wingerdstok af kom, en sy hare en baard nie afskeer nie.

van Ontmoeting gebring word. ¹⁴ *Hy moet sy offer vir die HERE naderbring: een jaaroud ramlam sonder gebrek as •brandoffer, een jaaroud oilam sonder gebrek as •reinigingsoffer en een ram sonder gebrek as maaltydoffer,^{m 15} *asook 'n mandjie met ongesuurde brood van gesifte meel,ⁿ ringbrode, klam gemaak met olyfolie, en platbrode, gesmeer met olyfolie, met die bypassende graan- en •drankoffers. ¹⁶ Die priester moet dit in die teenwoordigheid van die HERE bring en offer as die persoon se reinigingsoffer en brandoffer. ¹⁷ Die ram moet hy as maaltydoffer vir die HERE bring saam met die mandjie ongesuurde brood. Die priester offer ook die persoon se graan- en drankoffer. ¹⁸ *Die nasireër moet dan by die ingang van die Tent van Ontmoeting sy gewyde hare afskeer. Hy moet die gewyde hare van sy kop neem en dit in die vuur onder die maaltydoffer gooi.^o ¹⁹ *Die priester moet die ram se gekookte blad neem en ook een ongesuurde ringbrood en een ongesuurde platbrood uit die mandjie haal. Hy moet dit dan op die handpalms van die nasireër sit nadat hy sy gewyde hare afgeskeer het. ²⁰ Daarna moet die priester dit voor die HERE as 'n gewyde gawe heen en weer beweeg.^p

***6:14** Lev 1:10; 3:6; Hand 21:26

^m**6:14 maaltydoffer:** 'n Dieroffer (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet.

***6:15** Lev 7:12; Num 15:3

ⁿ**6:15 gesifte meel:** Dit verwys nie na hoe fyn die meel gemaal is nie, maar na meel van hoë gehalte.

***6:18** Hand 18:18; 21:24

^o**6:18 neem ... gooi:** Die maaltydoffer is gewoonlik in 'n pot gaargemaak; vgl 1 Sam 2:13-14.

***6:19-20** Eks 29:27; Lev 7:32

^p**6:20 as 'n ... beweeg:** Dit is waarskynlik deur bewegings simbolies vir die HERE aangebied by die altaar; vgl Eks 29:24.

Dit is 'n heilige gawe wat die priester toekom, saam met die borsstuk, wat die gewyde gawe is, en die boud,^{*} wat die wydingsgeskenk^q is. Daarna kan die nasireër wyn drink.

²¹ * “ ‘Dit is die voorskrifte vir die nasireër wat hy, op grond van sy toewyding, as 'n offer aan die HERE moet beloof, naas dit wat hy verder kan bekostig. Bo en behalwe die voorskrifte wat geld vir sy toewyding, moet hy presies handel volgens sy gelofte wat hy aflê.’ ”

Priesterlike seën

²² Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ²³ * “ ‘Praat met Aäron en sy seuns en sê, ‘So moet julle die Israeliete seën; sê vir hulle:

²⁴ “ ‘*Mag die HERE jou seën
en jou beskerm.

²⁵ **Mag die HERE sy aangesig
oor jou laat skyn
en jou genadig wees.

* **6:20 boud:** Lev 7:34

^q**6:20 wydingsgeskenk:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

* **6:21** Hand 21:23-24,26

* **6:23-27** Deut 10:8; 21:5

* **6:23** Lev 9:22-23; Jos 8:33; 1 Kron 23:13

* **6:24** Deut 28:3-14; Ps 67:2; Ps 121:7; 128:5; Joh 17:11-12

* **6:25-26** Rom 1:7

* **6:25** Ps 31:17; 67:2; 80:4

²⁶ *Mag die HERE sy gesig na jou toe lig^f
en aan jou vrede gee.’ ”

²⁷ * “So moet hulle my Naam op die Israeliete lê, dan sal Ek self hulle seën.’ ”

7

Offergawes van die stamleiers

¹ *Op die dag toe Moses die •tabernakel klaar opgerig het, het hy dit gesalf en dit met al die gereedskap, asook die altaar met al die gereedskap, geheilig. Toe hy dit gesalf en geheilig het, ² *het die leiers^s van Israel, die hoofde van hulle families — dit is die stamhoofde, hulle wat met die inskrywing bystand verleen het — offergawes aangebied. ³ Hulle het hulle offergawes gebring na die HERE se teenwoordigheid: ses waens met seile oor en twaalf beeste, 'n wa namens twee leiers en 'n bees namens elkeen. Hulle het dit aangebied voor die tabernakel.

⁴ Die HERE het vir Moses gesê: ⁵ “Aanvaar dit van hulle sodat dit gebruik kan word vir die werk by die Tent van Ontmoeting. Jy moet dit vir die Leviete gee, vir elkeen in ooreenstemming met sy taak.”

⁶ Moses het die waens en die beeste geneem en dit vir die Leviete gegee. ⁷ *Twee waens en vier beeste het hy vir die nageslag van Gerson

*6:26 Ps 147:14; Jes 26:12; Joh 14:27; 16:33; 20:19

^f6:26 Mag ... lig: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “Mag die HERE jou toegeneë wees.”

*6:27 Num 23:20; 2 Kron 7:14; Ps 115:12

*7:1 Eks 39:32; 40:9-11,17; Lev 8:10-11; Num 9:15

*7:2 Num 1:4

^s7:2 leiers: In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

*7:7 Num 4:23-28

gegee, in ooreenstemming met hulle taak. ⁸*Vier waens en agt beeste het hy vir die nageslag van Merari, onder beheer van Itamar, seun van die priester Aäron, gegee, in ooreenstemming met hulle taak. ⁹*Maar vir die nageslag van Kehat het hy niks gegee nie, want die hantering van die heilige voorwerpe was hulle verantwoordelikheid. Hulle moes dit op hulle skouers dra.

¹⁰*Die leiers het offergawes vir die wyding van die altaar aangebied op die dag toe dit gesalf is. Toe die leiers hulle offergawes voor die altaar aanbied, ¹¹ het die HERE vir Moses gesê: “Laat een leier per dag sy offergawe vir die wyding van die altaar aanbied.”

¹²*Die een wat sy offergawe op die eerste dag aangebied het, was Nagson, seun van Amminadab, uit die stam van Juda. ¹³Sy offergawe was:

een silwerskottel van honderd-en-dertig sikkels,^t een silwer-offerbak van sewentig sikkels^u volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld — albei was vol gesifte meel, klam gemaak met olyfolie, as 'n •graanoffer;

¹⁴ een bak van tien sikkels^v goud vol •reukwerk;

¹⁵ een jong bul, een ram, een jaaroud ramlam as •brandoffer;

¹⁶ een bokram as •reinigingsoffer;

*7:8 Num 4:29-33

*7:9 Num 4:4-15,20

*7:10-11 Num 7:84,88; Deut 20:5; 1 Kon 8:63; Esra 6:16; Neh 12:27; Ps 30

*7:12-83 Num 1:5-15; 2:3-31; 10:14-28

^t7:13 130 sikkels: Ongeveer 1,48 kg; •Geldeenhede.

^u7:13 70 sikkels: Ongeveer 798 g.

^v7:14 10 sikkels: Ongeveer 114 g.

¹⁷ *as maaltydoffer,^w twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf jaaroud ramlammers.

Dit was die offergawe van Nagson, seun van Amminadab.

¹⁸ Op die tweede dag het Netanel, seun van Suar, leier van Issaskar sy offergawe aangebied. ¹⁹ Hy het die volgende as sy offergawe aangebied: een silwerskottel van honderd-en-dertig sikkels, een silwer-offerbak van sewentig sikkels volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld — albei was vol gesifte meel, klam gemaak met olyfolie, as 'n graanoffer;

²⁰ een bak van tien sikkels goud vol reukwerk;

²¹ een jong bul, een ram, een jaaroud ramlam as brandoffer;

²² een bokram as reinigingsoffer;

²³ as maaltydoffer, twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf jaaroud ramlammers.

Dit was die offergawe van Netanel, seun van Suar.

²⁴ Op die derde dag was dit die leier van die nageslag van Sebulon, Eliab, seun van Gelon. ²⁵ Sy offergawe was:

een silwerskottel van honderd-en-dertig sikkels, een silwer-offerbak van sewentig sikkels volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld — albei was vol gesifte meel, klam gemaak met olyfolie, as 'n graanoffer;

²⁶ een bak van tien sikkels goud vol reukwerk;

²⁷ een jong bul, een ram, een jaaroud ramlam as brandoffer;

*7:17 Lev 3:1

^w7:17 **maaltydoffer:** 'n Diereoffer (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet.

²⁸ een bokram as reinigingsoffer;

²⁹ as maaltydoffer, twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf jaaroud ramlammers.

Dit was die offergawe van Eliab, seun van Gelon.

³⁰ Op die vierde dag was dit die leier van die nageslag van Ruben, Elisur, seun van Sedeür. ³¹ Sy offergawe was:

een silwerskottel van honderd-en-dertig sikkkel, een silwer-offerbak van sewentig sikkkel volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld — albei was vol gesifte meel, klam gemaak met olyfolie, as 'n graanoffer;

³² een bak van tien sikkkel goud vol reukwerk;

³³ een jong bul, een ram, een jaaroud ramlam as brandoffer;

³⁴ een bokram as reinigingsoffer;

³⁵ as maaltydoffer, twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf

Dit was die offergawe van Elisur, seun van Sedeür.

³⁶ Op die vyfde dag was dit die leier van die nageslag van Simeon, Selumiël, seun van Suri-Saddai. ³⁷ Sy offergawe was:

een silwerskottel van honderd-en-dertig sikkkel, een silwer-offerbak van sewentig sikkkel volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld — albei was vol gesifte meel, klam gemaak met olyfolie, as 'n graanoffer;

³⁸ een bak van tien sikkkel goud vol reukwerk;

³⁹ een jong bul, een ram, een jaaroud ramlam as brandoffer;

⁴⁰ een bokram as reinigingsoffer;

⁴¹ as maaltydoffer, twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf jaaroud ramlammers.

Dit was die offergawe van Selumiël, seun van Suri-Saddai.

⁴² Op die sesde dag was dit die leier van die nageslag van Gad, Eljasaf, seun van Deüel. ⁴³ Sy offergawe was:

een silwerskottel van honderd-en-dertig sikkels, een silwer-offerbak van sewentig sikkels volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld — albei was vol gesifte meel, klam gemaak met olyfolie, as 'n graanoffer;

⁴⁴ een bak van tien sikkels goud vol reukwerk;

⁴⁵ een jong bul, een ram, een jaaroud ramlam as brandoffer;

⁴⁶ een bokram as reinigingsoffer;

⁴⁷ as maaltydoffer, twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf jaaroud ramlammers.

Dit was die offergawe van Eljasaf, seun van Deüel.

⁴⁸ Op die sewende dag was dit die leier van die nageslag van Efraim, Elisama, seun van Ammihud. ⁴⁹ Sy offergawe was:

een silwerskottel van honderd-en-dertig sikkels, een silwer-offerbak van sewentig sikkels volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld — albei was vol gesifte meel, klam gemaak met olyfolie, as 'n graanoffer;

⁵⁰ een bak van tien sikkels goud vol reukwerk;

⁵¹ een jong bul, een ram, een jaaroud ramlam as brandoffer;

⁵² een bokram as reinigingsoffer;

⁵³ as maaltydoffer, twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf jaaroud ramlammers.

Dit was die offergawe van Elisama, seun van Ammihud.

⁵⁴ Op die agtste dag was dit die leier van die nageslag van Manasse, Gamliël, seun van Pedasur. ⁵⁵ Sy offergawe was:

een silwerskottel van honderd-en-dertig sikkels, een silwer-offerbak

van sewentig sikkels volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld — albei was vol gesifte meel, klam gemaak met olyfolie, as 'n graanoffer;

⁵⁶ een bak van tien sikkels goud vol reukwerk;

⁵⁷ een jong bul, een ram, een jaaroud ramlam as brandoffer;

⁵⁸ een bokram as reinigingsoffer;

⁵⁹ as maaltydoffer, twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf jaaroud ramlammers.

Dit was die offergawe van Gamliël, seun van Pedasur.

⁶⁰ Op die negende dag was dit die leier van die nageslag van Benjamin, Abidan, seun van Gidoni. ⁶¹ Sy offergawe was:

een silwerskottel van honderd-en-dertig sikkels, een silwer-offerbak van sewentig sikkels volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld — albei was vol gesifte meel, klam gemaak met olyfolie, as 'n graanoffer;

⁶² een bak van tien sikkels goud vol reukwerk;

⁶³ een jong bul, een ram, een jaaroud ramlam as brandoffer;

⁶⁴ een bokram as reinigingsoffer;

⁶⁵ as maaltydoffer, twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf jaaroud ramlammers.

Dit was die offergawe van Abidan, seun van Gidoni.

⁶⁶ Op die tiende dag was dit die leier van die nageslag van Dan, Agiëser, seun van Ammi-Saddai. ⁶⁷ Sy offergawe was:

een silwerskottel van honderd-en-dertig, een silwer-offerbak van sewentig sikkels volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld — albei was vol gesifte meel, klam gemaak met olyfolie, as 'n graanoffer;

⁶⁸ een bak van tien sikkels goud vol reukwerk;

⁶⁹ een jong bul, een ram, een jaaroud ramlam as brandoffer;

⁷⁰ een bokram as reinigingsoffer;

⁷¹ as maaltydoffer, twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf jaaroud ramlammers.

Dit was die offergawe van Agiëser, seun van Ammi-Saddai.

⁷² Op die elfde dag was dit die leier van die nageslag van Aser, Pagiël, seun van Okran. ⁷³ Sy offergawe was:

een silwerskottel van honderd-en-dertig sikkels, een silwer-offerbak van sewentig sikkels volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld — albei was vol gesifte meel, klam gemaak met olyfolie, as 'n graanoffer;

⁷⁴ een bak van tien sikkels goud vol reukwerk;

⁷⁵ een jong bul, een ram, een jaaroud ramlam as brandoffer;

⁷⁶ een bokram as reinigingsoffer;

⁷⁷ as maaltydoffer, twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf jaaroud ramlammers.

Dit was die offergawe van Pagiël, seun van Okran.

⁷⁸ Op die twaalfde dag was dit die leier van die nageslag van Naftali, Agira, seun van Enan. ⁷⁹ Sy offergawe was:

een silwerskottel van honderd-en-dertig sikkels, een silwer-offerbak van sewentig sikkels volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld — albei was vol gesifte meel, klam gemaak met olyfolie, as 'n graanoffer;

⁸⁰ een bak van tien sikkels goud vol reukwerk;

⁸¹ een jong bul, een ram, een jaaroud ramlam as brandoffer;

⁸² een bokram as reinigingsoffer;

⁸³ as maaltydoffer, twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf jaaroud ramlammers.

Dit was die offergawe van Agira, seun van Enan.

⁸⁴ *Dit was, van die kant van die leiers van Israel, offergawes vir^x die wyding van die altaar die dag toe dit gesalf is: twaalf silwerskottels, twaalf silwer-offerbakke, twaalf goue bakke. ⁸⁵ Elke silwerskottel was honderd-en-dertig sikkel silwer en elke silwer-offerbak sewentig sikkel silwer; al die silwer van die gereedskap was saam tweeduisend vierhonderd sikkel^y volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld. ⁸⁶ Daar was twaalf goue bakke vol reukwerk, elke bak was tien sikkel volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld. Al die goud van die bakke was saam honderd-en-twintig sikkel.^z ⁸⁷ Al die vee vir die brandoffer was twaalf bulle, twaalf ramme, twaalf jaaroud ramlammers, met die bypassende graanoffer. Daar was twaalf bokramme vir die reinigingsoffer. ⁸⁸ Al die vee vir die maaltydoffer was vier-en-twintig bulle, sestig ramme, sestig bokramme, en sestig jaaroud ramlammers. Dit was die offergawes vir^a die wyding van die altaar nadat dit gesalf is.

⁸⁹ *Wanneer Moses in die Tent van Ontmoeting ingegaan het om met die HERE te praat, het hy die stem gehoor wat met hom praat vanaf die

*7:84 Num 7:10-11

^x7:84 offergawes vir: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^y7:85 2 400 sikkel: Ongeveer 27,36 kg.

^z7:86 120 sikkel: Ongeveer 1,368 kg.

^a7:88 offergawes vir: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*7:89 Num 12:7-8

versoendeksel^b op die ark met die Getuienis,^c van tussen die twee gerubs^d af. So het die HERE met hom gepraat.

8

Die lampstaander

¹ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ² * “Praat met Aäron en sê vir hom, ‘Wanneer jy die lampe op die menora^e sit, moet die sewe lampe na die voorkant van die menora lig gee.’ ”

³ Aäron het dit toe so gedoen; hy het die lampe so opgesit dat dit na die voorkant van die menora lig gee, net soos die HERE Moses beveel het. ⁴ Die menora is so gemaak: Dit was uit een stuk goud geslaan. Vanaf die basis tot by die blomversiering was dit pletwerk. Volgens die voorbeeld wat die HERE Moses gewys het, presies so het hy die menora gemaak.

Reiniging van die Leviete

⁵ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ⁶ * “Verwyder die Leviete uit

^b7:89 **versoendeksel:** Die goue deksel van die verbondsark waarin die tafels met die Tien Gebooie gehou is; vgl Eks 25:17-22.

^c7:89 **die Getuienis:** Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20.

^d7:89 **gerubs:** Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

*8:2-4 Eks 25:31-39; 37:17-24

^e8:2 **menora:** Die goue kandelaar met sewe arms wat in die heilige deel van die •tabernakel en later ook die tempel gestaan het.

*8:6 Num 3:12,41-45; Deut 10:8

die midde van die Israëliete en reinig hulle. ⁷* So moet jy met hulle maak om hulle te reinig: Sprinkel reinigingswater op hulle. Hulle moet hulle hele liggaam skoon skeer en hulle klere was en hulleself so reinig. ⁸ Dan moet hulle 'n jong bul neem, met die bypassende offer van gesifte meel,^f klam gemaak met olyfolie. Daarby moet jy 'n tweede jong bul as reinigingsoffer neem. ⁹* Jy moet die Leviete voor die Tent van Ontmoeting laat naderkom en die hele volksvergadering^g van die Israëliete daar bymekaar laat kom. ¹⁰ Jy moet die Leviete tot voor die HERE laat naderkom en dan moet die Israëliete hulle hande op die Leviete lê. ¹¹* Aäron moet namens die Israëliete die Leviete voor die HERE as 'n gewyde gawe aanbied,^h sodat hulle gereed is om die dienswerk van die HERE te doen. ¹²* Die Leviete moet hulle hande op die koppe van die jong bulle plaas. Offer die een dan as 'n •reinigingsoffer, en die ander as 'n •brandoffer vir die HERE om vir die Leviete versoening te doen. ¹³* Laat die Leviete voor Aäron en sy seuns staan en bied hulle voor die HERE as 'n gewyde gawe aan. ¹⁴ So moet jy die Leviete van die Israëliete afsonder; die Leviete moet aan My behoort. ¹⁵ Daarna kan die Leviete ingaan om take te verrig by die Tent van Ontmoeting. Jy moet

* **8:7** Lev 8:6; 14:8-9; Num 19:9,17; Heb 9:13,23

^f**8:8 gesifte meel:** Dit verwys nie na hoe fyn die meel gemaal is nie, maar na meel van hoë gehalte.

* **8:9-10** Eks 29:4; 40:12; Lev 1:4; 8:3

^g**8:9 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

* **8:11** Num 3:6-7

^h**8:11 gewyde ... aanbied:** Die Leviete is waarskynlik deur bewegings simbolies vir die HERE aangebied.

* **8:12** Eks 29:10

* **8:13-22** Num 3:6,12,45; 16:9-10

hulle egter reinig en hulle as gewyde gawe aanbied. ¹⁶ *Onder die Israëliete is hulle immers ten volle aan My afgestaan. In die plek van die eersteling van elke moederskoot, van elke •eersgeborene tussen die Israëliete, het Ek hulle vir my geneem. ¹⁷ *Want aan My behoort al die eersgeborenes onder die Israëliete, onder mense sowel as diere. Ek het hulle vir My geheilig die dag toe Ek al die eersgeborenes in Egipteland getref het. ¹⁸ Ek het die Leviëte in die plek van al die eersgeborenes onder die Israëliete geneem. ¹⁹ *Die Leviëte, wat uit die geledere van die Israëliete tot beskikking van Aäron en sy seuns is, stel Ek beskikbaar om die dienswerk van die Israëliete in die Tent van Ontmoeting te verrig en om vir die Israëliete versoening te doen, sodat 'n plaag nie die Israëliete tref wanneer hulle die heiligdom nader nie.”

²⁰ Moses, Aäron en die hele volksvergadering van die Israëliete het toe so met die Leviëte gemaak. Soos die HERE Moses opdrag gegee het oor die Leviëte, presies so het die Israëliete met hulle gemaak. ²¹ *Die Leviëte het hulleself gereinig; hulle het hulle klere gewas, en Aäron het hulle voor die HERE as 'n gewyde gawe aangebied. Aäron het vir hulle versoening gedoen om hulle te reining. ²² *Daarna het die Leviëte ingegaan om hulle dienswerk te verrig in die Tent van Ontmoeting onder toesig van Aäron en sy seuns. Soos die HERE Moses oor die Leviëte opdrag gegee het, presies so het hulle met hulle gemaak.

²³ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ²⁴ “*Die volgende geld vir die Leviëte: 'n Leviet van vyf-en-twintig jaar en ouer moet ingaan om

*8:16 Eks 13:2

*8:17 Eks 11:4-7; 12:29-30; 13:15

*8:19 Num 1:53; 3:9; 16:46

*8:21 Num 19:12,13,20

*8:22 Num 3:7

*8:24-25 Num 4:2-3,46-48; 1 Kron 23:3

verpligte diens te doen by die take in die Tent van Ontmoeting.²⁵ Maar op vyftig jaar moet hy uit verpligte diens tree. Hy mag nie verder take verrig nie.²⁶ *Hy mag wel sy mede-Leviëte in die Tent van Ontmoeting bystaan om verpligtinge na te kom, maar take mag hy nie verrig nie. So moet jy die Leviëte se verpligtinge reël.”

9

Viering van die Pasga in die woestyn

¹ Die HERE het in die eerste maand van die tweede jaar nadat hulle uit Egipteland weggetrek het, met Moses in die Sinaiwoestyn gepraat en gesê:² * “Die Israëliëte moet die Pasgaⁱ op die vasgestelde tyd vier.

³ * Julle moet dit teen laatmiddag^j op die veertiende dag van hierdie maand op die vasgestelde tyd vier. Volgens al die vaste voorskrifte en bepalinge moet julle dit vier.”

⁴ Moses het die Israëliëte toe aangesê om die Pasga te vier.⁵ Hulle het die Pasga op die veertiende dag van die eerste maand teen laatmiddag in die Sinaiwoestyn gevier. Soos wat die HERE Moses beveel het, presies so het die Israëliëte gemaak.

* **8:26** Num 1:53; 3:7-8

* **9:2-14** Eks 12:2-11

ⁱ**9:2 Pasga:** Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

* **9:3** Lev 23:4-8; Deut 16:1-8

^j**9:3 laatmiddag:** Die •bronteks lui: “tussen die twee aande”. Volgens die •Talmoed is dit tussen sononder en donkernag, maar volgens die •Misjna is dit teen halfdrie die middag. Volgens Josefus is die •pasgalam in die tempel geslag tussen drie-uur en vyfuur die middag; •Nag en dag.

⁶ *Daar was egter manne wat onrein^k geword het as gevolg van 'n lyk. Hulle kon nie die Pasga op daardie dag vier nie, en het Moses en Aäron nog dieselfde dag genader. ⁷ Daardie manne het vir hom gesê: “Ons is onrein as gevolg van 'n lyk. Waarom word ons teruggehou, sodat ons nie saam met die Israëliete op die vasgestelde tyd 'n offer aan die HERE kan bring nie?” ⁸ *Moses het vir hulle gesê: “Wag eers dat ek kan hoor wat die HERE in verband met julle beveel.”

⁹ Die HERE het toe met Moses gepraat en gesê: ¹⁰ “Praat met die Israëliete en sê, ‘Wanneer enigiemand van julle of julle nageslagte onrein word as gevolg van 'n lyk, of as hy ver op reis is, mag hy die Pasga vir die HERE vier. ¹¹ *In die tweede maand op die veertiende dag teen laatmiddag^l moet hulle dit vier. Met ongesuurde brood en bitter kruie moet hulle dit eet. ¹² Hulle mag niks daarvan laat oorbly tot die volgende oggend nie. Geen been daarvan mag hulle breek nie.^m Volgens al die vaste voorskrifte vir die Pasga moet hulle dit vier. ¹³ *Iemand wat egter rein is, nie op reis is nie, en nalaat om die Pasga te vier — daardie persoon sal van sy mense afgesny word, omdat hy die offer van die HERE nie op die vasgestelde tyd gebring het nie. Sy sonde sal hy moet dra.

***9:6-7** Num 5:2; 19:11,16; Joh 18:28

^k**9:6 onrein:** •Rein en onrein.

***9:8** Num 27:5

***9:11** Eks 12:8,15; 2 Kron 30:2,15

^l**9:11 laatmiddag:** Vgl voetnoot in Num 9:3.

^m**9:12 Geen ... breek nie:** In Joh 19:36 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl Eks 12:46.

***9:13** Gen 17:14

¹⁴ * “ ‘As 'n vreemdelingⁿ by julle tydelike verblyf het, en hy vier die Pasga vir die HERE, moet hy dit presies volgens die vaste voorskrifte vir die Pasga en die bepalings daarvan doen. Een en dieselfde vaste voorskrif geld vir julle, vir die vreemdeling sowel as die landsburger.’ ”

Die wolk oor die tabernakel

¹⁵ * Die dag toe die •tabernakel opgerig is, het 'n wolk die tabernakel, die tent met die Getuienis,^o oordek. In die aand was dit bo die tabernakel asof met die glans van vuur, tot die volgende oggend. ¹⁶ So was dit deurentyd: Die wolk bedek dit, en snags is daar die glans van vuur, ¹⁷ * maar sodra die wolk bo die tent opgaan, breek die Israeliete dadelik kamp op. En op die plek waar die wolk vertoef, daar slaan die Israeliete kamp op. ¹⁸ * Op bevel van die HERE het die Israeliete telkens kamp opgebreek, en op bevel van die HERE het hulle kamp opgeslaan. Solank as wat die wolk bo die tabernakel vertoef het, het hulle gekamp. ¹⁹ Wanneer die wolk 'n lang tyd bo die tabernakel was, het die Israeliete die verpligtinge teenoor die HERE nagekom en nie kamp opgebreek nie. ²⁰ Soms was die wolk maar net 'n paar dae bo die tabernakel. Op bevel van die HERE het hulle kamp opgeslaan, en op bevel van die HERE het hulle kamp opgebreek. ²¹ Soms was die wolk net van die aand tot die volgende oggend daar, en wanneer die wolk dan in die oggend opgaan,

* **9:14** Eks 12:49

ⁿ**9:14 vreemdeling:** Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

* **9:15-16** Eks 13:21; 40:17,34-36

^o**9:15 die Getuienis:** Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20.

* **9:17** Num 10:11,33,34

* **9:18** Num 10:13; 1 Kor 10:11

het hulle verder getrek. Of dit bedags was of snags, wanneer die wolk opgaan, het hulle verder getrek. ²² Of dit nou twee dae, 'n maand, of langer was, terwyl die wolk lank bo die tabernakel vertoef het, het die Israëliete gekamp en nie verder getrek nie. Maar wanneer die wolk opgaan, het hulle verder getrek. ²³ *Op bevel van die HERE het hulle kamp opgeslaan en op bevel van die HERE het hulle kamp opgebreek. Die verpligtinge teenoor die HERE het hulle nagekom op bevel van die HERE deur Moses.

10

Twee silwertrompette

¹ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ² “*Maak vir jou twee silwertrompette. Deur pletwerk moet jy dit maak. Gebruik dit vir die saamroep van die volksvergadering^p en vir die opbreek van die kampe. ³ Wanneer op al twee geblaas word, moet die hele volksvergadering by jou bymekaarkom by die ingang van die Tent van Ontmoeting. ⁴ *Maar as daar net op een geblaas word, moet die leiers,^q die stamhoofde van Israel, by jou bymekaarkom. ⁵ *Wanneer julle 'n waarskuwingsein blaas, moet die kampe aan die oostekant wegtrek. ⁶ *Wanneer julle 'n tweede waarskuwingsein blaas, moet die kampe aan die suidekant wegtrek. 'n

***9:23** Eks 17:1; Num 10:13

***10:2** Num 10:7-10; Jer 4:5; Joël 2:1,15

^p**10:2 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

***10:4** Eks 18:21; Num 1:16; 7:2

^q**10:4 leiers:** In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

***10:5** Num 2:3; 10:14

***10:6** Num 2:10; 10:18

Waarskuwingsein moet geblaas word vir kamp opbreek; ⁷* maar om die geloofsgemeenskap bymekaar te roep, moet julle gewoonweg blaas, nie 'n waarskuwingsein nie. ⁸* Die seuns van Aäron, die priesters, moet op die trompette blaas. Die blaas van die trompette is 'n vaste voorskrif wat altyd vir julle en vir julle nageslagte geld.

⁹ “*As julle in julle land in 'n geveg betrokke raak teen 'n teenstander wat julle aanval, moet julle met die trompette 'n waarskuwingsein blaas. Dan sal julle in herinnering gebring word voor die HERE, julle God, en julle sal van julle vyande verlos word. ¹⁰* In 'n tyd wanneer julle vreugde ervaar, tydens julle vaste feeste en julle nuwemaansfeeste, moet julle by julle brandoffers en maaltydoffers^r op die trompette blaas. Die trompette sal julle by God in herinnering roep. Ek is die HERE julle God.”

Vertrek vanaf Sinai

¹¹* Op die twintigste van die tweede maand in die tweede jaar het die wolk opgegaan van die •tabernakel met die Getuienis.^s ¹²* Die Israëliete het volgens hulle trekgrøpe weggetrek uit die Sinaiwoestyn. Die wolk

*10:7 Joël 2:1; 1 Kor 14:8

*10:8 Jos 6:4; 1 Kron 15:24; 2 Kron 13:12

*10:9 Num 31:6; Jos 6:5; 2 Kron 13:12,14

*10:10 Lev 23:24; 2 Kron 5:12; 7:6

^r10:10 **maaltydoffers:** Diereoffers (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet.

*10:11 Num 9:17

^s10:11 **die Getuienis:** Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20.

*10:12 Gen 21:21; Eks 19:1; Num 12:16

het in die Paranwoestyn^t vertoef.

¹³ *Toe hulle die eerste keer op bevel van die HERE onder leiding van Moses kamp opgebreek het, ¹⁴ *het die eenheid^u van die nageslag van Juda se kamp eerste weggetrek, volgens hulle leërafdelings. Oor Juda se^v leërafdeling was Nagson, seun van Amminadab. ¹⁵ Oor die leërafdeling van die stam van Issaskar se nageslag was Netanel, seun van Suar. ¹⁶ Oor die leërafdeling van die stam van Sebulon se nageslag was Eliab, seun van Gelon. ¹⁷ *Toe die tabernakel afgebreek is, het die nageslag van Gerson en die nageslag van Merari, wat die tabernakel gedra het, weggetrek.

¹⁸ *Die eenheid van die kamp van Ruben het daarna volgens hulle leërafdelings weggetrek. Oor Ruben se leërafdeling was Elisur, seun van Sedeür; ¹⁹ oor die leërafdeling van die stam van Simeon se nageslag was Selumiël, seun van Suri-Saddai; ²⁰ en oor die leërafdeling van die stam van Gad se nageslag was Eljasaf, seun van Deüel. ²¹ *Dié wat van Kehat afstam, wat die heilige voorwerpe gedra het, het toe weggetrek. Die tabernakel moes opgeslaan word voordat hulle op 'n plek aankom.

²² *Die eenheid van die kamp van Efraim se nageslag het daarna

^t**10:12 Paranwoestyn:** 'n Gebied in die noordooste van die Sinai-skiereiland tussen Midian en Egipte.

***10:13** Num 9:18-23

***10:14-16** Num 2:3-9

^u**10:14 eenheid:** Daar is meningsverskil oor die betekenis van die Hebreuse woord. Dit kan 'n vaandel wees wat omhoog gehou is as aanduiding van die versamelpunt, maar dit is meer waarskynlik 'n term vir 'n groot militêre eenheid.

^v**10:14 Juda se:** Die •bronteks lui: “sy”.

***10:17** Num 1:51; 4:24

***10:18-20** Num 2:10-16

***10:21** Num 3:27-31; 4:15,20

***10:22-24** Num 2:18-24

volgens hulle leërafdelings weggetrek. Oor Efraim se leërafdeling was Elisama, seun van Ammihud; ²³ oor die leërafdeling van die nageslag van Manasse was Gamliël, seun van Pedasur; ²⁴ en oor die leërafdeling van die stam van Benjamin se nageslag was Abidan, seun van Gidoni.

²⁵ *Die eenheid van die kamp van Dan se nageslag, wat die agterhoede vir al die kampe gevorm het, het daarna volgens hulle leërafdelings weggetrek. Oor Dan se leërafdeling was Agiëser, seun van Ammi-Saddai; ²⁶ oor die leërafdeling van die stam van Aser se nageslag was Pagiël, seun van Okran; ²⁷ en oor die leërafdeling van die stam van Naftali se nageslag was Agira, seun van Enan. ²⁸ *Dit was die trekgrøepe van die Israeliete, volgens hulle leërafdelings. So het hulle weggetrek.

²⁹ *Moses het vir Gobab, seun van Reüel, Moses se skoonvader, die Midianiet, gesê: “Ons gaan nou wegtrek na die plek waarvan die HERE gesê het, ‘Dit gee Ek vir julle.’ Kom saam met ons. Ons sal vir jou goed wees, want die HERE het wat goed is, vir Israel beloof.” ³⁰ Gobab het vir hom gesê: “Ek sal nie saamgaan nie, maar eerder na my land en my familie terugkeer.” ³¹ Moses het geantwoord: “Moet ons asseblief nie verlaat nie, want juis jy weet waar ons kan kamp in die woestyn,^w en jy kan ons oë wees. ³² *As jy saam met ons gaan, sal ons daar die goeie wat die HERE aan ons gaan doen, met jou deel.”

³³ *Hulle het drie dagreise ver van die berg van die HERE af getrek met die verbondsark van die HERE wat gedurende die drie dagreise voor

*10:25-27 Num 2:25-31

*10:28 Num 2:34

*10:29 Eks 2:18; 4:18; Rig 4:11

^w10:31 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

*10:32 Rig 1:16; 4:11

*10:33 Eks 3:1,18; Deut 1:33

hulle uit getrek het om vir hulle 'n rusplek te soek. ³⁴ *Die wolk van die HERE was bedags bo hulle wanneer hulle van 'n kampplek af weggetrek het.

³⁵ Wanneer die ark weggetrek het, het Moses gesê:

“Tree op, HERE,
sodat u vyande verstrooi mag word,
en hulle wat U haat,
voor U mag wegvlug!”*

³⁶ En wanneer die ark dan tot rus gekom het, het hy gesê:

“Kom terug, HERE,
na die tienduisende van die stamme
van Israel!”^x*

11

Brand by Tabera

¹ *Die volk het erg begin kla in die ore van die HERE. Toe die HERE dit hoor, het sy woede opgevlam. Die vuur van die HERE het teen hulle ontbrand, en dit het die rand van die kamp verteer. ² *Die volk het na Moses om hulp geroep; Moses het tot die HERE gebid, en die vuur het

*10:34 Eks 13:21; 40:38

*10:35 Tree ... wegvlug: Ps 68:2; Jes 33:3

^x10:36 Kom ... Israel: Kan ook vertaal word: “Bring terug, HERE, die tienduisende van die stamme van Israel.”

*10:36 Kom ... Israel: 2 Kron 6:41; Ps 132:8

*11:1 Lev 10:2; Deut 6:15; 9:22; Ps 78:21

*11:2 Eks 10:18; Deut 9:19

doodgegaan. ³ Daardie plek is toe Tabera^y genoem, omdat die vuur van die HERE teen hulle ontbrand het.

Klagtes oor kos

⁴ *Die gepeupel^z wat tussen die Israelite was, het baie gulsig geraak. Ook die Israelite het weer gekerm en gesê: “As iemand ons tog maar net vleis sal gee om te eet! ⁵ Ons onthou die vis wat ons in Egipte geëet het, verniet; ook die komkommers, waatlemoene, preie, uie en knoffel. ⁶ *Maar nou is ons kele droog;^a daar is absoluut niks behalwe hierdie manna waarteen ons moet vaskyk nie.”

⁷ ^b*Die manna was soos koljandersaad en het die kleur van balsemhars gehad. ⁸ Die volk het rondgegaan, dit bymekaargemaak en dan met maalklippe^c gemaal of in vysels fyngestamp. Hulle het dit in potte gekook en roosterkoeke daarvan gemaak. Dit het gesmaak soos iets wat met olyfolie gebak is.

⁹ Wanneer die dou snags op die kamp afgekom het, het die manna daarmee saam afgekom.

¹⁰ *Moses het die volk hoor kerm, in hulle familiegroepe, elkeen by die

^y**11:3 Tabera:** Die naam Tabera is afgelei van die Hebreeuse woord ‘opvlam’.

***11:4-6** Eks 16:3; Num 11:18; 21:5; Ps 78:18-19; 1 Kor 10:6

^z**11:4 gepeupel:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal: “mense van ander afkoms”.

***11:6-9** Eks 16:3-21,31

^a**11:6 nou ... droog:** Kan ook vertaal word: “nou het ons lewenskrag verdor”.

^b**11:7-9** Hierdie verse is 'n verduidelikende nota by die vertelling.

***11:7-9** Joh 6:31

^c**11:8 maalklippe:** Twee ronde klipskywe, waarvan die onderste in die middel 'n pen gehad het, en die boonste 'n gat waarin die pen gepas het, en waardeur die graan bietjie vir bietjie gegooi kon word. Die boonste maalklip is dan in die rondte gedraai en die graan so tussen die twee klippe fyngemaal.

***11:10** Num 12:9; Heb 3:10

ingang van sy tent. Die HERE het baie kwaad geword. In die oë van Moses was dit verkeerd. ¹¹ *Moses sê toe vir die HERE: “Waarom maak U dit moeilik vir u dienskneg? Waarom vind ek nie genade in u oë nie? Om darem die las van hierdie hele volk op my te plaas! ¹² *Het ék dan swanger geraak met hierdie hele volk of het ék aan hulle geboorte gegee, dat U vir my sê, ‘Dra hulle teen jou bors soos 'n pleegouer 'n suigeling dra’ na die grond wat U aan hulle voorouers met 'n eed beloof het? ¹³ *Waar moet ek vleis kry om vir hierdie hele volk te gee? Want hulle kerm by my en sê, ‘Gee vir ons vleis, sodat ons kan eet!’ ¹⁴ *Alleen kan ek hierdie hele volk nie dra nie, want dit is te veeleisend vir my. ¹⁵ *As U so met my wil maak, maak my dan maar dadelik dood. As ek genade in u oë gevind het, laat my dan nie my ellende aanskou nie.”

¹⁶ *Die HERE sê toe vir Moses: “Maak vir my sewentig man uit die oudstes^d van Israel bymekaar, van wie jy die ervaring het dat hulle die oudstes van die volk en gesagvoerders is. Neem hulle dan na die Tent van Ontmoeting en laat hulle daar by jou staan. ¹⁷ *Ek sal afkom en daar met jou praat. Ek sal 'n deel van die gees wat op jou rus, wegneem en op hulle plaas. Hulle sal dan saam met jou die las van die volk dra sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie.

* 11:11 Eks 5:22

* 11:12 Eks 6:7; Deut 1:31

* 11:13,22 2 Kon 4:43; Matt 15:33

* 11:14 Eks 18:18

* 11:15 Eks 32:32; 33:13; 1 Kon 19:4; Jona 4:3

* 11:16 Eks 24:1,9; Num 1:16; Deut 1:15

^d11:16 **oudstes**: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

* 11:17 Eks 18:22; 19:20; Num 7:89; 2 Kon 2:9,15

¹⁸ *^e“Vir die volk moet jy sê, ‘Heilig julleself^e teen môre, dan sal julle vleis eet. Want julle het in die ore van die HERE gekerm en gesê, “As iemand ons maar net vleis sal gee om te eet! Dit was immers vir ons goed in Egipte.” Die HERE sal vir julle vleis gee, en julle sal eet. ¹⁹ Julle sal nie net vir een dag eet nie, nie twee dae, nie vyf dae, nie tien dae of twintig dae nie, ²⁰ * maar vir 'n volle maand, totdat dit by julle ore uitkom^f en julle walg, omdat julle die HERE wat in julle midde was, verwerp en voor Hom gekerm het deur te sê, “Waarvoor het ons uit Egipte weggetrek?” ’ ’ ”

²¹ * Daarop het Moses gesê: “Seshonderdduisend mense te voet is die volk in wie se midde ek is, en U sê, ‘Vleis sal Ek vir hulle gee, sodat hulle 'n maand lank sal eet.’ ²² Kan daar kleinvee en beeste vir hulle geslag word, sodat daar vir hulle genoeg is? Sal daar vir hulle genoeg wees as al die visse in die see vir hulle gevang word?”

²³ * Maar die HERE het Moses geantwoord: “Is die HERE se hand te kort? Nou sal jy sien of my woord vir jou waar word of nie.”

²⁴ Moses het uitgegaan en die HERE se woorde aan die volk meegedeel. Hy het sewentig man onder die oudstes van die volk bymekaargemaak en hulle rondom die tent laat staan. ²⁵ * Die HERE het toe in die wolk afgekom en met hom gepraat. Hy het van die gees, wat op Moses was,

* **11:18-20** Ps 78:20,29; 106:13-15

* **11:18** Eks 16:8; 19:10

^e**11:18 Heilig julleself:** Dit verwys na rituele reinigingshandelinge; vgl Eks 19:10,15.

* **11:20** Eks 17:3; Num 14:3

^f**11:20 totdat ... uitkom:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “by julle neus uitkom”.

* **11:21** Eks 12:37; Num 1:45-46; 26:51

* **11:23** Eks 5:24; Jes 50:2; Jer 32:17

* **11:25** Eks 19:9; Num 12:5; 1 Sam 10:6

weggeneem en op die sewentig man, die oudstes, laat kom. Terwyl die gees op hulle rus, het hulle soos profete opgetree, maar daarna nie weer nie. ²⁶ Twee manne het egter in die kamp agtergebly, die een se naam was Eldad en die ander s'n Medad. Hulle was onder dié wat ingeskryf is, maar hulle het nie na die tent toe uitgegaan nie. Die gees het ook op hulle gerus en hulle het soos profete in die kamp opgetree.

²⁷ 'n Jong man het gehardloop en dit vir Moses vertel en gesê: “Eldad en Medad tree soos profete op in die kamp.”

²⁸ *Josua, seun van Nun, wat van jongs af vir Moses diens gedoen het, het daarop gereageer; hy het gesê: “Moses, my heer, laat hulle ophou!”

²⁹ *Maar Moses het vir hom gesê: “Is jy oorywerig ter wille van my? Ag, was die hele volk van die HERE maar profete, dat die HERE sy Gees oor hulle sou laat kom!” ³⁰ Moses het daarna na die kamp teruggekeer, hy en die oudstes van Israel.

³¹ *'n Wind wat van die HERE af kom, het toe opgesteek. Dit het kwartels van die see af aangewaai, en hulle oor die kamp gelos — ongeveer twee el[§] bo die grond, 'n dagreis ver aan alle kante rondom die kamp. ³² Die volk het daardie hele dag, die hele nag en ook die hele volgende dag opgebly en kwartels bymekaargemaak. Die een wat die minste gehad het, het tien gomer^h bymekaargemaak. En hulle het dit vir hulleself oral rondom die kamp uitgesprei.

³³ Die vleis was nog tussen hulle tande, voordat dit klaar gekou is, toe die HERE se toorn teen die volk ontvlam. Hy het 'n baie groot slagting

* **11:28** Eks 24:13; Jos 1:1

* **11:29** Joël 2:28-29; 1 Kor 14:5

* **11:31-33** Eks 16:13; Ps 78:26-31; 105:40; 106:14-15

[§]**11:31 2 el:** Ongeveer 90 cm; •Lengtemate.

^h**11:32 10 gomer:** Ongeveer 2 200 ℓ; •Inhoudsmate.

onder die volk aangerig. ³⁴ *Daardie plek is toe Kibrot-Taäwaⁱ genoem, want daar is die gulsige volk begrawe. ³⁵ *Vanaf Kibrot-Taäwa het die volk verder getrek na Gaserot, en hulle het in Gaserot gebly.

12

Uitdaging van Moses se gesag

¹ *Mirjam en ook Aäron het teen Moses uitgevaar oor die Kussitiese vrou^j met wie hy getrou het. Ja, hy het met 'n Kussitiese vrou getrou!

² *Hulle het gesê: “Is dit dan net deur Moses wat die HERE gepraat het? Het Hy nie deur ons ook gepraat nie?” Die HERE het dit gehoor. ³ *Maar die man Moses was baie beskeie, meer as enige mens op aarde.

⁴ Die HERE het dadelik vir Moses, Aäron en Mirjam gesê: “Gaan julle drie na die Tent van Ontmoeting!” Hulle drie het toe gegaan. ⁵ * Die HERE het in die wolkkolom afgekom. Hy het by die ingang van die tent gestaan en Aäron en Mirjam geroep. Toe hulle twee vorentoe kom,

⁶ *het Hy gesê: “Luister nou na my woorde:

“As daar 'n profeet onder julle is,^k

*11:34 Num 33:16; Deut 9:22; 1 Kor 10:6

ⁱ11:34 Kibrot-Taäwa: Die naam beteken ‘grafte van gulsigheid’.

*11:35 Num 12:16; 33:17-18

*12:1 Eks 2:4-7; 2:21; 15:20

^j12:1 Kussitiese vrou: 'n Vrou afkomstig uit Kus, die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte; vgl Gen 2:13.

*12:2 Eks 4:14; Num 11:1; Miga 6:4

*12:3 Eks 3:11; 4:10; Sir 45:4; Matt 5:5; 2 Kor 10:1

*12:5 Num 11:25; Deut 31:15

*12:6 Gen 46:2; Deut 18:15; Hos 12:11; Am 3:7; Luk 1:11; Hand 10:11,17

^k12:6 As ... julle is: Die •Septuagint en Latynse vertalings word hier gedeeltelik gevolg. Die •bronteks lui: “As die HERE julle profeet is”.

sal Ek, die HERE, Myself

in 'n visioen aan hom bekend maak;

in 'n droom sal Ek met hom praat.

⁷ *Met my dienskneg Moses is dit anders.

In my hele huishouding is hy betroubaar.

⁸ Van aangesig tot aangesig^l

praat Ek met hom,

in 'n verskyning, nie in raaisels nie;

die verskyningsvorm van die HERE sien hy.

Waarom was julle dan nie bang

om teen my dienskneg, Moses,

uit te vaar nie?”

⁹ **Die HERE het kwaad geword vir hulle, en Hy het weggegaan. ¹⁰ *Toe die wolk van die tent af terugtrek, staan Mirjam daar met 'n velsiekte,^m wit soos sneeu. Aäron het na Mirjam gedraai en jou waarlik, sy het 'n velsiekte! ¹¹ Aäron het vir Moses gesê: “Asseblief, my heer, moet tog nie die straf vir die sonde wat ons in ons dwaasheid begaan het, op ons lê nie. ¹² Laat sy tog nie wees soos 'n doodgebore kind,ⁿ waarvan die liggaam, wanneer dit uit die moederskoot kom, reeds halfpad verteer is nie.”

* **12:7-8** Eks 33:11,18-23; Num 7:89; Deut 34:10; Heb 3:2-5

^l**12:8 Van ... aangesig:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “van mond tot mond”.

* **12:9-15** Deut 24:9

* **12:9** Eks 32:10-11; Num 11:1

* **12:10** Eks 4:6; 2 Kon 5:27

^m**12:10 velsiekte:** Dit was enige aantasting van die vel waaruit liggaamsvog kon kom. Dit het die persoon •onrein gemaak; vgl Lev 13:1-46.

ⁿ**12:12 soos ... kind:** Die bronteks lui: “soos die dooie”.

¹³ *Moses het toe na die HERE om hulp geroep: “O God, asseblief, maak haar tog weer gesond!” ¹⁴ *Daarop sê die HERE vir Moses: “As haar pa haar maar net in haar gesig gespoeg het, sou sy nie sewe dae lank in skande gewees het nie? Laat sy sewe dae lank buite die kamp uitgesluit word; daarna kan sy terugkeer.”

¹⁵ Mirjam is toe sewe dae lank buite die kamp uitgesluit, en die volk het nie weggetrek totdat Mirjam teruggekeer het nie. ¹⁶ *Daarna het die volk van Gaserot af weggetrek en in die Paranwoestyn^o kamp opgeslaan.

13

Verkenning van Kanaän

¹ *Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ² * “Stuur vir jou manne uit sodat hulle die land Kanaän, wat Ek vir die Israeliete gaan gee, kan verken. Een man uit elk van die stamme van hulle voorouers, elkeen van hulle 'n leier,^p moet julle stuur.”

³ *Moses het hulle op bevel van die HERE uit die Paranwoestyn^q gestuur. Almal van hulle was manne wat leiers was onder die Israeliete.

⁴ Dit was hulle name:

* **12:13** Gen 20:17; Deut 32:39; 1 Kon 13:6

* **12:14-15** Lev 13:4,46; 14:2,8; Num 5:2-3

* **12:16** Num 10:12; 11:35; 33:18

^o**12:16 Paranwoestyn:** 'n Gebied in die noordooste van die Sinai-skiereiland tussen Midian en Egipte.

* **13:1 — 14:45** Deut 1:22-46; 9:23-24

* **13:2** Num 13:16,26; 32:8; Jos 3:12

^p**13:2 leier:** In Hebreeus *•nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

* **13:3** Num 12:16

^q**13:3 Paranwoestyn:** 'n Gebied in die noordooste van die Sinai-skiereiland tussen Midian en Egipte.

Vir die stam van Ruben was dit Sammua, seun van Sakkur;
⁵ vir die stam van Simeon was dit Safat, seun van Gori;
⁶ *vir die stam van Juda was dit Kaleb, seun van Jefunne;
⁷ vir die stam van Issaskar was dit Jigal, seun van Josef;
⁸ *vir die stam van Efraim was dit Hosea, seun van Nun;
⁹ vir die stam van Benjamin was dit Palti, seun van Rafu;
¹⁰ vir die stam van Sebulon was dit Gaddiël, seun van Sodi;
¹¹ vir die stam van Josef, naamlik die stam van Manasse, was dit
Gaddi, seun van Susi;
¹² vir die stam van Dan was dit Ammiël, seun van Gemalli;
¹³ vir die stam van Aser was dit Setur, seun van Migael;
¹⁴ vir die stam van Naftali was dit Nagbi, seun van Wofsi;
¹⁵ vir die stam van Gad was dit Geüel, seun van Maki.

¹⁶ *Dit was die name van die manne wat Moses uitgestuur het om die land te verken. Moses het Hosea, seun van Nun, Josua genoem.

¹⁷ **Moses het hulle uitgestuur om die land Kanaän te verken. Hy het vir hulle gesê: “Trek hier in die Negev^r op, en gaan dan op in die bergwêreld. ¹⁸ Bekyk die land: Hoe is dit? En die volk wat daarin woon, is dit 'n sterk of swak volk, is hulle min of baie? ¹⁹ *En hoe is die land

* **13:6** Num 14:6; 26:65; Jos 14:6

* **13:8** Eks 33:11; Num 13:16; 14:30

* **13:16** Num 13:8

* **13:17-33** Num 32:8-12

* **13:17** Num 13:29; Rig 1:9

^r**13:17 Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

* **13:19** Num 14:7; Deut 1:25

waarin hulle woon? Is dit goed of sleg? En hoe is die dorpe waarin die volk woon? Woon hulle in kampe of in vestingstede? ²⁰ *En hoe is die grond? Is dit vrugbaar of skraal? Is daar bome of nie? Wees dapper en bring van die land se vrugte saam.”

Dit was toe net die tyd van die vroeë duiwe.^s

²¹ *Hulle het opgetrek en die land verken vanuit die Tsinwoestyn^t tot by Regob, by Lebo-Hamat. ²² *Hulle het opgetrek deur die Negev en Hebron bereik, waar Agiman, Sesai en Talmai, die afstammeling van die Enakiete was.

Hebron is sewe jaar voor Soan in Egipte gebou.

²³ *Toe hulle die Eskoldal bereik, sny hulle daar 'n rank met een duiwetros wat twee van hulle met 'n draaghout gedra het, af, en ook van die granate en vye. ²⁴ Daardie plek is toe Eskoldal^u genoem, oor die duiwetros wat die Israeliete daar afgesny het. ²⁵ *Hulle het aan die einde van veertig dae van hulle verkenningsstog van die land teruggekeer.

²⁶ Hulle het gegaan en by Moses, Aäron en die hele volksvergadering^v

*13:20 Num 13:23; Deut 1:24-25; 31:6-7

^s13:20 Dit ... duiwe: Hierdie woorde is waarskynlik later by die teks gevoeg as verduidelikende nota; vgl ook Num 13:22.

*13:21 Num 34:3,8

^t13:21 Tsinwoestyn: 'n Gebied noord van die •Paranwoestyn met •Kades op die grens van albei. Dit was geleë langs die suid-oostelike grens van Juda; vgl Num 34:3.

*13:22 Gen 13:18; Jos 14:15; 15:13-14; Rig 1:20

*13:23,26 Num 32:9; Deut 1:24,25

^u13:24 Eskoldal: Eskol beteken 'druiwetros'.

*13:25 Num 14:34

^v13:26 volksvergadering: 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

van die Israëliete by Kades^w in die Paranwoestyn aangekom. Hulle het aan hulle en die hele volksvergadering verslag gedoen en aan hulle die land se vrugte gewys. ²⁷ *Hulle het vir Moses vertel en gesê: “Ons het in die land aangekom waarheen u ons gestuur het. En verder, dit is 'n land wat oorloop van melk en heuning, en hier is van die land se vrugte.

²⁸ *Die volk wat in die land woon, is egter baie sterk. Die stede is versterk en baie groot. Ons het ook afstammeling van die Enakiete^x daar gesien.

²⁹ *Die Amalekiete woon in die Suidland, die Hetiëte, Jebusiete en Amoriete woon in die bergwêreld, terwyl die Kanaäniete langs die see en langs die Jordaan woon.”

³⁰ *Maar Kaleb het die mense by Moses stilgemaak. Hy het gesê: “Ons moet beslis optrek en die land in besit neem, want ons kan sonder twyfel die oorhand daarvoor kry.” ³¹ *Maar die manne wat saam met hom opgetrek het, het gesê: “Ons kan nie teen daardie volk uittrek nie, want hulle is sterker as ons.”

³² *Hulle het toe onder die Israëliete 'n gerug versprei oor die land wat hulle verken het: “Die land waardeur ons getrek het om te verken, is 'n land wat sy inwoners vernietig. Al die mense wat ons daar gesien het, is groot manne. ³³ Daar het ons reuse gesien.

Die Enakiete stam uit die reuse.

“Ons was in ons eie oë soos sprinkane; so was ons ook in hulle oë.”

^w**13:26 Kades:** 'n Oase met verskeie fonteine, ongeveer 80 km suid-suidwes van Berseba.

* **13:27** Eks 3:8; Num 14:8; Deut 1:25

* **13:28** Deut 1:28; 9:1,2

^x**13:28 Enakiete:** Volgens oorlewering reuse; Deut 2:10.

* **13:29** Eks 17:8; Num 14:25,43; Deut 25:17

* **13:30** Num 14:6,9,24

* **13:31** Num 32:9; Deut 1:28; Jos 14:8

* **13:32-33** Num 14:36; Deut 1:28; Ps 106:24

Klagtes van die volk

¹ ******Die hele volksvergadering^y het toe hard uitgeroep en die volk het daardie hele nag gekerm. ² *****Al die Israeliete het by Moses en Aäron gemor en die hele volksvergadering het vir hulle gesê: “Het ons maar in Egipteland gesterf; of het ons maar in hierdie woestyn^z gesterf!

³ *****Waarom bring die HERE ons na hierdie land, net om deur die swaard te val? Ons vroue en ons jong kinders gaan buit word! Is dit nie vir ons beter om na Egipte terug te keer nie?” ⁴ *****Hulle sê toe vir mekaar: “Kom ons wys 'n leier aan en gaan terug na Egipte.”

⁵ Moses en Aäron het op hulle gesigte neergeval voor die hele byeenkoms van die volksvergadering van Israel. ⁶ Josua, seun van Nun, en Kaleb, seun van Jefunne, twee van dié wat die land verken het, het hulle klere geskeur^{* 7} en vir die hele volksvergadering van die Israeliete gesê: “Die land wat ons deurkruis het om dit te verken, is 'n buitengewoon goeie land. ⁸ As die HERE ons goedgesind is, sal Hy ons in hierdie land inneem en dit vir ons gee — 'n land wat oorloop van melk

* **14:1-35** Heb 3:16-18

* **14:1-3** Eks 14:11-12; 16:2; Num 11:1,4-5; Ps 106:24-25; Hand 7:39

^y**14:1 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

* **14:2-4** Eks 15:24; 16:2; 1 Kor 10:10

^z**14:2 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

* **14:3** Num 14:31; Deut 1:39; Hand 7:39

* **14:4** Neh 9:17

* **14:6 het hulle ... geskeur:** Matt 26:65; Mark 14:63

* **14:7** Eks 3:8; Num 13:27; Deut 1:25

en heuning. ⁹*Teen die HERE moet julle net nie in opstand kom nie. Julle moenie bang wees vir die volk van die land nie, want hulle is 'n maklike prooi^a vir ons. Hulle beskutting het van hulle gewyk, en die HERE is met ons. Moenie vir hulle bang wees nie.”

¹⁰*Toe die hele volksvergadering dreig om hulle met klippe dood te gooi, het die heerlijkheid van die HERE in die Tent van Ontmoeting aan al die Israelite verskyn.

¹¹*Die HERE het vir Moses gesê: “Hoe lank gaan hierdie volk My nog minag? Hoe lank gaan hulle My nie vertrou nie, ten spyte van al die tekens wat Ek onder hulle gedoen het? ¹²*Ek gaan hulle met die pes tref en hulle onterf. Dan sal Ek jou 'n nasie maak, groter en sterker as hulle.”

¹³Daarop het Moses vir die HERE gesê: “Die Egiptenare sal dit hoor — U het immers hierdie volk met u krag uit hulle midde laat wegtrek — ¹⁴en dan sal hulle dit vir hierdie land se inwoners vertel. Hulle het gehoor dat U, HERE, onder hierdie volk teenwoordig is en dat U, HERE, van aangesig tot aangesig^b aan hulle verskyn het en dat u wolk bo hulle bly — ja, dat U in 'n wolkkolom bedags voor hulle uitgaan en in 'n vuurkolom snags. ¹⁵As U dan hierdie volk soos een man om die lewe bring, sal die nasies wat van u roem gehoor het, sê, ¹⁶‘Dit is omdat die HERE nie in staat was om hierdie volk in die land in te bring wat Hy met 'n eed aan hulle

*14:9 Num 24:8; Deut 7:18; 20:3

^a14:9 want ... prooi: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “hulle is ons brood”.

*14:10 Eks 16:10; 17:4; Lev 9:23

*14:11 Num 14:22-23; Deut 1:32; Ps 78:32; Joh 12:37

*14:12-16 Eks 32:10,12; Deut 9:28; Eseg 20:13-14; 1 Kor 10:5

^b14:14 van ... aangesig: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “van mond tot mond”.

beloof het nie, dat Hy hulle in die woestyn omgebring het.^{c' 17} Daarom dan, laat die krag van my Heer tog groot wees, soos U gesê het,

¹⁸ “ *Die HERE is geduldig

en vol troue liefde.

Hy skeld sondeskuld en oortreding kwyd,

maar laat beslis niks ongestraf nie;

Hy laat kinders tot die derde

en vierde geslag

boet vir die skuld van voorouers.’

¹⁹ * “Vergewe asseblief die sondeskuld van hierdie volk volgens die grootheid van u troue liefde, soos U hierdie volk van Egipte af tot hier kwydgeskeld het.”

²⁰ *Die HERE het gesê: “Ek vergewe, soos jy versoek. ²¹ **Maar aan die ander kant, so seker as wat Ek leef, en so seker as wat die heerlikheid van die HERE die hele aarde vul, ²² niemand van al die manne wat my heerlikheid en my tekens gesien het wat Ek in Egipte en in die woestyn gedoen het, en My nou al tien keer uitgedaag het, en na my stem nie geluister het nie, ²³ sal die land sien wat Ek aan hulle voorouers met 'n eed beloof het nie. Ja, almal wat My minag, sal dit nie sien nie. ²⁴ *Maar wat my dienskneg Kaleb betref, omdat hy 'n ander gees openbaar het, en My met volharding gevolg het, sal Ek hom inbring in die land

^c**14:16 omgebring het:** Letterlik ‘geslag het’.

* **14:18** Eks 20:5-6; 34:6; Deut 5:9-10

* **14:19** Eks 34:9; Ps 78:38

* **14:20** Ps 106:23; Miga 7:18-20; 1 Joh 5:16

* **14:21-23** Deut 1:35; Ps 95:10-11; Heb 3:11,17

* **14:21** Deut 32:40; Ps 72:19; Jes 49:18; Hab 2:14

* **14:24** Num 13:30; Jos 14:8

waarheen hy gekom het. Sy nageslag sal dit in besit neem.

²⁵ *^d“Die Amalekiete en die Kanaäniete bewoon die oop vlaktes. Draai môre weg, dan trek julle weg die woestyn in, op pad na die Rietsee.^d”

²⁶ Die HERE het verder met Moses en Aäron gepraat en gesê: ²⁷ “*Hoe lank nog moet Ek hierdie bose volksvergadering verduur wat aanhoudend by My mor? Die gemor waarmee die Israeliete aanhoudend by My aankom, het Ek gehoor. ²⁸ *Sê vir hulle, ‘So seker as wat Ek leef, is die uitspraak van die HERE, waarlik, wat Ek julle hoor sê het, net so sal Ek met julle maak. ²⁹ In hierdie woestyn sal julle dooie liggame val, julle almal wat ingeskryf is — die volle getal van twintig jaar en ouer, julle wat teen My gemor het. ³⁰ Ja, julle sal nie in die land ingaan waaroor Ek my hand opgehef het^e om julle daarin te laat woon nie, behalwe Kaleb, seun van Jefunne, en Josua, seun van Nun. ³¹ *En julle jong kinders, van wie julle gesê het, “Hulle gaan buit word” — Ek sal hulle inbring sodat hulle die land leer ken wat deur julle verwerp is. ³² Maar wat julle betref, julle dooie liggame sal in hierdie woestyn val. ³³ En julle kinders sal veertig jaar lank herders in die woestyn wees. Hulle sal die gevolge van julle ontrouheid moet dra totdat julle lyke in die woestyn vergaan het. ³⁴ Volgens die getal dae wat julle die land verken het, naamlik veertig dae, sal julle julle sondeskuld moet dra, 'n jaar vir elke dag, dus veertig jaar lank. Dan sal julle weet wat dit

* **14:25** Num 13:29; 14:43; Deut 1:40

^d**14:25 Rietsee:** In die OT word die Hebreeuse pleknaam vertaal as: “Rietsee”. Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit as: “•Rooisee”.

* **14:27** Eks 16:7,12; Num 14:29

* **14:28-30** Num 14:2; 26:65; Deut 1:36-38; Jud vs 5

^e**14:30 hand ... het:** Dit is 'n simboliese handeling by die aflê van 'n eed; vgl Deut 32:40.

* **14:31-35** Num 13:25; 32:13; Deut 1:39; 2:14; Ps 95:10; Hand 7:36; 13:8

beteken om My te dwarsboom. ³⁵ Ek, die HERE, lê 'n eed af. Dit is wat Ek gaan doen aan hierdie bouse volksvergadering wat teen My saamgekom het: In hierdie woestyn sal hulle vergaan, hier sal hulle sterf.' ”

³⁶ *Die manne wat Moses gestuur het om die land te verken en wat teruggekeer het en die hele volksvergadering^f teen die HERE^g laat mor het deur 'n gerug oor die land te versprei, ³⁷ ja, daardie manne wat 'n slegte gerug oor die land versprei het, het deur 'n plaag in die HERE se teenwoordigheid omgekom. ³⁸ *Net Josua, seun van Nun, en Kaleb, seun van Jefunne, onder daardie manne wat gegaan het om die land te verken, het bly leef.

³⁹ Nadat Moses hierdie woorde vir al die Israeliete gesê het, het die volk diep getreur. ⁴⁰ *Hulle het die oggend vroeg opgestaan, na die kruin van die berg opgegaan en gesê: “Hier is ons! Ons sal optrek na die plek waarvan die HERE gepraat het, want ons het gesondig.”

⁴¹ Maar Moses het geantwoord: “Waarom nou skielik? Julle oortree die bevel van die HERE. Dit sal nie slaag nie. ⁴² *Moenie optrek nie, want die HERE is nie in julle midde nie; daarom moet julle nie optrek nie. Julle mag nie deur julle vyande verslaan word nie; ⁴³ want dit is die Amalekiete en die Kanaäniete teen wie julle daar te staan sal kom. Julle gaan deur die swaard val, juis omdat julle van die HERE weggedraai het. Die HERE sal nie by julle wees nie.”

⁴⁴ *Hulle was egter vermetel genoeg om na die kruin van die berg op te trek, terwyl die verbondsark van die HERE, en Moses, nie die kamp

*14:36-37 Num 13:32; 1 Kor 10:10

^f14:36 volksvergadering: Vgl voetnoot in Num 14:1.

^g14:36 die HERE: Die •bronteks lui: “Hom”.

*14:38 Num 13:6,8,16,30; 26:65

*14:40 Num 14:44; Deut 1:41-44

*14:42-43 Num 13:29; Deut 31:17

*14:44-45 Deut 1:43-44

verlaat het nie. ⁴⁵ Die Amalekiete en Kanaäniete wat op daardie bergreeks woon, het afgekom. Hulle het die volk verslaan en hulle uitmekaar laat spat tot by Gorma.

15

Offers deur Israeliete en vreemdelinge

¹ Daarna het die HERE met Moses gepraat en gesê: ² “*Praat met die Israeliete en sê vir hulle, ‘Wanneer julle in die land van julle vaste verblyf kom wat Ek vir julle gaan gee, ³ * en julle bring 'n offergawe vir die HERE, 'n •brandoffer* of maaltydoffer^h uit die beste of kleinvee om 'n buitengewone gelofte te vervul; of tydens 'n vrywillige offer; of op julle feesdae om 'n aangename geur vir die HERE te bring, ⁴ dan moet die persoon wat sy gawe vir die HERE aanbied, 'n •graanoffer* bring wat bestaan uit 'n tiende van 'n efaⁱ gesifte meel,^j klam gemaak met 'n kwart hin^k olyfolie. ⁵ En 'n kwart hin wyn moet jy as •drankoffer* bring by die brandoffer of die maaltydoffer, vir elke lam. ⁶ *Of as dit vir 'n ram is,

*15:2 Lev 23:10; Num 15:18; Deut 26:1

*15:3 Lev 22:18; 27:2

*15:3 brandoffer: Lev 1:3

^h15:3 maaltydoffer: 'n Diereoffer (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekam, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; vgl Lev 7:28-36.

*15:4 graanoffer: Lev 2:14

ⁱ15:4 efa: Een efa was ongeveer 22 ℓ; •Inhoudsmate.

^j15:4 gesifte meel: Dit verwys nie na hoe fyn die meel gemaal is nie, maar na meel van hoë gehalte.

^k15:4 hin: Een hin was ongeveer 3,8 ℓ; •Inhoudsmate.

*15:5 drankoffer: Lev 23:13; Num 28:7,14

*15:6 Num 28:12,14

moet jy 'n graanoffer van twee tiendes van 'n efa gesifte meel bring, klam gemaak met 'n derde hin olyfolie; ⁷ en as •drankoffer moet jy 'n derde hin wyn aanbied as 'n geurige offer vir die HERE. ⁸ En wanneer jy 'n jong bul as brandoffer of maaltydoffer aan die HERE bring om 'n buitengewone gelofte te vervul of as gewone maaltydoffer, ⁹ moet daar saam met die jong bul 'n graanoffer gebring word wat bestaan uit drie tiendes van 'n efa gesifte meel, klam gemaak met 'n halwe hin olyfolie. ¹⁰ Jy moet ook 'n halwe hin wyn as drankoffer bring; dit is 'n offergawe, 'n geurige offer vir die HERE. ¹¹ So moet dit gedoen word vir elke bul, elke jong ram of stuk kleinvee uit die skape of bokke. ¹² Hoeveel julle ook al offer, presies so moet julle dit doen by elke offer, afgesien van die getal.

¹³ “ ‘Elke landsburger moet dit so doen om 'n offergawe, 'n geurige offer vir die HERE, aan te bied. ¹⁴ En wanneer 'n vreemdeling¹ wat tydelik by julle verblyf het, of iemand wat al geslagte lank by julle woon, 'n offergawe, 'n geurige offer vir die HERE bring, moet hy dit net soos julle doen. ¹⁵ *Wat die geloofsgemeenskap betref — een vaste voorskrif geld vir julle en vir vreemdelinge wat tydelike verblyf het. Dit is 'n vaste voorskrif wat altyd vir julle nageslagte geld. Voor die HERE is vreemdelinge net soos julle. ¹⁶ Dieselfde wet en dieselfde bepaling geld vir julle en vir vreemdelinge wat tydelik by julle verblyf het.’ ”

¹⁷ *Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ¹⁸ “Praat met die Israëliete en sê vir hulle, ‘Wanneer julle in die land aankom waarheen Ek julle gaan neem, ¹⁹ en julle van die land se brood eet, moet julle vir die HERE

¹**15:14 vreemdeling:** Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet; vgl Lev 19:34.

* **15:15-16** Eks 12:49; Num 9:14

* **15:17-21** Rom 11:16

'n wydingsgeskenk^m eenkant sit.ⁿ ²⁰ *Van julle eerste baksel^o moet julle 'n ringbrood as wydingsgeskenk eenkant sit. Soos die wydingsgeskenk van die dorsvloer, so moet julle dit eenkant sit. ²¹ Uit julle eerste baksel moet julle en julle nageslagte aan die HERE 'n wydingsgeskenk afstaan.' ”

Onopsetlike en doelbewuste oortredings

²² “ *Dit kan gebeur dat julle onopsetlik iets verkeerds doen en nie al hierdie gebooie nakom wat die HERE aan Moses opgedra het nie, ²³ ja, alles wat die HERE julle deur Moses beveel het, van die dag af toe die HERE dit beveel het, en daarna, vir julle nageslagte. ²⁴ As dit onopsetlik gedoen is, sonder die medewete van die volksvergadering,^p moet die hele volksvergadering een jong bul as 'n •brandoffer bring saam met die bypassende graan- en •drankoffer, soos bepaal word, as 'n geurige offer vir die HERE, asook een bokram as 'n reinigingsoffer. ²⁵ Die priester moet vir die hele volksvergadering van die Israeliete versoening doen. Dit sal hulle vergewe word, want dit is 'n onopsetlike sonde. Hulle het dan hulle offer as 'n offergawe aan die HERE gebring, asook hulle •reinigingsoffer voor die HERE vir hulle onopsetlike oortreding. ²⁶ Die

^m**15:19 wydingsgeskenk:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

ⁿ**15:19 wydingsgeskenk ... sit:** Dit het buite die heiligdom plaasgevind; vgl Lev 7:14,32.

^{*}**15:20** Deut 26:2,10; Eseg 44:30

^o**15:20 baksel:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal: “deeg”, “meel” of “growwe meel”.

^{*}**15:22-29** Eks 12:49; Lev 4:2-33; Num 6:11; 15:24; Ps 19:13

^p**15:24 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

hele volksvergadering van die Israeliete en die vreemdeling^q wat tydelik tussen julle verblyf het, sal vergewe word, want die hele volk was betrokke by die onopsetlike oortreding.

²⁷ “ ‘As een persoon onopsetlik sondig, moet hy 'n jaaroud bokooi as reinigingsoffer aanbied. ²⁸ Die priester moet vir die persoon wat onopsetlik 'n oortreding begaan het, voor die HERE versoening doen oor sy onopsetlike sonde. Hy moet vir hom versoening doen en dan sal dit hom vergewe word. ²⁹ Die gebore Israeliete onder julle en die vreemdelinge wat tussen julle tydelike verblyf het — dieselfde wet geld vir julle almal, vir elkeen wat 'n onopsetlike oortreding begaan. ³⁰ *Maar die persoon onder die landsburgers en die vreemdelinge wat dit uitdagend^r doen — dit is met die HERE wat hy spot. Hierdie persoon sal uit die midde van sy volk uitgeroei word. ³¹ *Omdat hy die woord van die HERE verag en sy gebod verbreek het, sal hierdie persoon beslis afgesny word. Sy sondeskuld rus op hom.’ ”

Oortreding van die Sabbatsgebod

³² *Toe die Israeliete in die woestyn^s was, het hulle 'n man gekry wat op die Sabbatdag hout bymekaarmaak. ³³ Hulle wat op hom afgekom het terwyl hy hout bymekaarmaak, het hom na Moses, Aäron en die hele volksvergadering gebring. ³⁴ Hulle het hom onder bewaking gehou,

^q**15:26 vreemdeling:** Vgl voetnoot in Num 15:14.

***15:30** Deut 17:12; Ps 19:14; Heb 10:26

^r**15:30 uitdagend:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “met 'n verhewe hand”.

***15:31** 2 Kron 36:16; Spr 13:13; Eseg 18:20

***15:32** Eks 20:8; 35:3

^s**15:32 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

omdat dit nie duidelik was wat met hom gedoen moet word nie. ³⁵ *Toe sê die HERE vir Moses: “Die man moet beslis sterf. Die hele volksvergadering moet hom buite die kamp met klippe doodgooi.” ³⁶ Die hele volksvergadering het hom uit die kamp geneem, en hom met klippe doodgegooi. Hy het gesterf, soos wat die HERE Moses beveel het.

Tossels aan klere

³⁷ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ³⁸ “*Praat met die Israeliete en sê vir hulle dat hulle vir hulle tossels aan die soom^t van hulle klere moet maak — ook hulle nageslagte. En dat hulle aan die tossels by die soom 'n draad pers wol moet vasmaak. ³⁹ Dit sal julle kenmerkende tossels wees en wanneer julle dit sien, sal julle dink aan al die gebooie van die HERE en dit uitvoer. Julle sal nie julle harte en oë volg, waardeur julle verlei word nie. ⁴⁰ *Dit is sodat julle al my gebooie sal onthou en uitvoer, en sodat julle heilig kan wees vir julle God. ⁴¹ *Ek is die HERE, julle God, wat julle uit Egipteland laat wegtrek het om vir julle 'n God te wees. Ek is die HERE, julle God.”

16

Korag, Datan en Abiram se opstand

¹ *Korag, seun van Jishar, seun van Kehat, seun van Levi, het Datan en Abiram, seuns van Eliab, en On, seun van Pelet, uit die nageslag van Ruben, geneem. ² Hulle en tweehonderd-en-vyftig mans van die

*15:35-36 Eks 31:14-15

*15:38-39 Deut 22:12; Matt 23:5

^t15:38 soom: Word ook vertaal: “hoeke”.

*15:40 Lev 11:44-45; Rom 12:1; Kol 1:22; 1 Pet 1:15

*15:41 Eks 6:6; 20:2; 29:46; Lev 20:8; 22:33

*16:1-33 Num 26:9-10; 27:3; Deut 11:6; Ps 106:16-18

Israëliete, leiers^u van die volksvergadering^v wat vir die geleentheid opgeroep is, manne van aansien, het voor Moses gaan staan. ³ *Hulle het teen Moses en Aäron saamgespan en vir hulle gesê: “Julle gaan nou te ver! Want die hele volksvergadering, hulle almal, is heilig,^{*} en die HERE is in hulle midde. Waarom verhef julle julleself bo die geloofsgemeenskap van die HERE?”

⁴ *Toe Moses dit hoor, het hy op sy gesig neergeval. ⁵ *Hy het met Korag en sy hele bende gepraat en gesê: “Môreoggend sal die HERE bekend maak wie aan Hom behoort en wie heilig is; Hy sal daardie persoon na Hom laat naderkom. Die een wat Hy kies, sal Hy na Hom laat naderkom. ⁶ Julle moet die volgende doen: Korag, jy en jou hele bende,^w vat vir julle vuurpanne. ⁷ Sit môre kole vuur daarin; gooi reukwerk daarop in die teenwoordigheid van die HERE. Die man wat deur die HERE gekies word, hy is die heilige. Julle het nou te ver gegaan, Leviete!”

⁸ Moses het ook vir Korag gesê: “Luister nou, nageslag van Levi! ⁹ *Is dit nie vir julle genoeg nie dat die God van Israel julle afgesonder het van die volksvergadering van Israel om julle na Hom te laat naderkom om •tabernakeldiens vir die HERE te doen, en om diensbaar te wees aan die volksvergadering deur hulle by te staan? ¹⁰ Hy het jou en al jou broers, die Leviete, saam met jou tot Hom laat nader; maar nou eis julle

^u**16:2 leiers:** In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

^v**16:2 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

***16:3** Eks 19:6; 29:45; Num 12:2

***16:3 hulle almal is heilig:** Num 15:40

***16:4** Num 14:5; 16:22

***16:5** Lev 10:3; Num 17:5; 2 Tim 2:19

^w**16:6 Korag ... bende:** Die •bronteks lui: “Korag en sy hele bende”.

***16:9-10** Num 3:6,10; 18:7

ook die priesterskap. ¹¹ Daarom, jy en jou hele bende is mense wat teen die HERE saamspan. Maar Aäron, wie is hy dat julle oor hom mor?”

¹² Moses het iemand gestuur om Datan en Abiram, seuns van Eliab, te roep. Maar hulle het gesê: “Ons sal nie gaan nie. ¹³ *Is dit nie genoeg nie dat jy ons uit die land wat oorloop van melk en heuning laat optrek het om ons in die woestyn^x te laat sterf, dat jy ook nog voortdurend oor ons wil baasspeel? ¹⁴ Daarby het jy ons nie na 'n land gebring wat oorloop van melk en heuning nie, en jy het nie vir ons 'n erfdeel van lande en wingerde gegee nie. Wil jy hierdie manne^y se oë verblind?^z Ons sal nie gaan nie!”

¹⁵ *Moses het baie kwaad geword en vir die HERE gesê: “U moet nie ag slaan op hulle offergawe nie. Ek het nie 'n enkele donkie van hulle geneem nie, en ek het nie een van hulle kwaad aangedoen nie.”

¹⁶ Moses sê toe vir Korag: “Jy en jou hele bende, sorg dat julle môre voor die HERE is, jy en hulle en Aäron. ¹⁷ Elkeen van julle moet sy vuurpan neem en reukwerk daarop sit. Dan moet julle naderkom voor die HERE, elkeen met sy vuurpan, tweehonderd-en-vyftig vuurpanne, ook jy en Aäron, elkeen met sy vuurpan.”

¹⁸ Elkeen van hulle het toe sy vuurpan geneem, kole vuur daarin gesit en reukwerk daarop gegooi. Hulle het by die ingang van die Tent van Ontmoeting gaan staan, ook Moses en Aäron. ¹⁹ * Korag het die hele volksvergadering teenoor hulle laat stelling inneem by die ingang van die Tent van Ontmoeting; en toe verskyn die heerlikheid van die HERE

* **16:13** Eks 2:14; 16:3; Num 13:27

^x**16:13 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^y**16:14 hierdie manne:** Die sprekers verwys hier na hulleself.

^z**16:14 oë verblind:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “oë uithol”.

* **16:15** 1 Sam 12:3; Hand 20:33; 2 Kor 7:2

* **16:19** Num 14:10; 16:42

aan die hele volksvergadering.

²⁰ Die HERE het met Moses en Aäron gepraat en gesê: ²¹ *‘‘Onttrek julle aan hierdie volksvergadering, sodat Ek hulle in 'n oogwink kan vernietig.’’ ²² *Hulle het op hulle gesigte neergeval en gesê: ‘‘O God, die God wat lewensasem gee aan alle vlees, gaan U vir die hele volksvergadering kwaad wees wanneer een man sondig?’’ ²³ Daarop het die HERE vir Moses gesê: ²⁴ ‘‘Sê vir die volksvergadering, ‘Gee pad rondom die blyplekke van Korag, Datan en Abiram!’ ’’ ²⁵ Moses het opgestaan en na Datan en Abiram gegaan, en die oudstes^a van Israel het hom gevolg. ²⁶ *Toe praat hy met die volksvergadering en sê: ‘‘Kom tog weg van die tente van hierdie bose manne! Moenie aan enigiets raak wat aan hulle behoort nie, anders word julle meegesleur oor al hulle sonde.’’

²⁷ Hulle het toe padgegee rondom die woonplek van Korag, Datan en Abiram. Datan en Abiram het uitgegaan en by die ingang van hulle tente gaan staan, saam met hulle vroue, kinders en kleuters. ²⁸ *Moses het gesê: ‘‘Hieraan sal julle weet dat die HERE my gestuur het om al hierdie werke te doen, dat dit nie uit my eie^b is nie. ²⁹ As hierdie mense soos elke ander mens sterf, die lot van elke mens hulle ook tref, het die HERE my nie gestuur nie. ³⁰ *Maar as die HERE iets nuuts skep, as die aarde sy mond oopsper en hulle verswelg met alles wat aan hulle behoort, sodat hulle lewend na die doderyk afdaal, sal julle weet dat

***16:21** Gen 19:17,22; Eks 32:10; Jer 51:6; 2 Kor 6:17; Op 18:4

***16:22** Gen 18:23; Num 14:5; 16:22; Heb 12:9

^a**16:25 oudstes:** Dit was mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

***16:26** Gen 19:15; Jes 52:11; 2 Tim 2:19

***16:28** Eks 3:12; Joh 5:36

^b**16:28 uit my eie:** Letterlik ‘uit my hart’.

***16:30** Num 14:11; Ps 55:16; Eseg 26:20

hierdie mense die HERE geminag het.”

³¹ *Net toe hy al hierdie woorde klaar gesê het, het die grond onder hulle oopgeskeur. ³² Die aarde het sy mond oopgemaak en hulle en hulle huisgesinne verswelg — ja, al die mense wat aan Korag behoort, en al hulle besittings. ³³ Hulle, met alles wat aan hulle behoort, het lewend afgedaal na die doderyk. Die aarde het oor hulle toegegaan en hulle het verdwyn uit die midde van die geloofsgemeenskap. ³⁴ Die hele Israel wat om hulle was, het gevlug oor hulle geskreeu, omdat hulle gedink het: “Anders verswelg die aarde ons ook!”

³⁵ *'n Vuur het van die HERE af uitgegaan en die tweehonderd-en-vyftig man verteer wat die reukwerk nadergebring het.

³⁶ ^cDie HERE het met Moses gepraat en gesê: ³⁷ “*Sê vir Eleasar, seun van die priester Aäron, hy moet die vuurpanne uit die brand haal en die kole vuur ver weg uitstrooi, want hierdie dinge is heilig. ³⁸ En die vuurpanne van daardie sondaars wat met hulle lewens betaal het — maak uitgeklopte plate daarvan, plaatwerk vir die altaar. Omdat hulle dit in die teenwoordigheid van die HERE gebring het, is dit heilig. Dit sal dien as 'n teken vir die Israeliëte.”

³⁹ Die priester Eleasar het toe die bronsvuurpanne gevat wat die mense wat verbrand is, nadergebring het, en hulle het dit uitgeklop as plaatwerk vir die altaar. ⁴⁰ *Dit dien as 'n herinnering aan die Israeliëte, sodat geen onbevoegde persoon wat nie uit die nageslag van Aäron is, sal naderkom om reukwerk in die teenwoordigheid van die HERE te brand nie, en hy nie word soos Korag en sy bende nie, soos wat die

***16:31-33** Deut 11:6-7; Ps 106:17; Jud vs 11

***16:35** Lev 10:2; Num 11:1; Ps 106:18

^c**16:36 — 17:13** Die bronteks nommer hierdie verse as 17:1-28.

***16:37** Num 3:32; 4:16

***16:40** Num 3:10; 2 Kron 26:18

HERE deur Moses vir hom gesê het.

⁴¹ *Die hele volksvergadering van die Israeliete het die volgende oggend teenoor Moses en Aäron gemor: “Dit is julle wat die volk van die HERE doodgemaak het.” ⁴² *Toe die volksvergadering teenoor Moses en Aäron stelling inneem, het hulle in die rigting van die Tent van Ontmoeting gedraai. Skielik het die wolk dit bedek, en het die heerlijkheid van die HERE verskyn. ⁴³ Moses en Aäron het toe tot voor die Tent van Ontmoeting gegaan.

⁴⁴ Toe het die HERE met Moses gepraat en gesê: ⁴⁵ * “Gaan weg van hierdie volksvergadering, sodat Ek hulle in 'n oogwink kan vernietig.” Hulle het op hulle gesigte neergeval, ⁴⁶ * en Moses het vir Aäron gesê: “Vat die vuurpan, sit gloeiende kole van die altaar daarop en gooi reukwerk daaroor. Gaan dadelik na die volksvergadering en doen vir hulle versoening, want woede het van die HERE uitgegaan; die plaag het begin.”

⁴⁷ * Aäron het dit geneem, soos Moses gesê het, en tot in die middel van die byeenkoms gehardloop; en inderdaad, die plaag het reeds onder die volk begin! Maar hy het die reukwerk op die kole^d gegooi en vir die volk versoening gedoen. ⁴⁸ Hy het tussen die dooies en die lewendes gaan staan en die plaag het opgehou. ⁴⁹ Dié wat deur die plaag omgekom het, was veertienduisend sewehonderd, naas dié wat oor die saak van Korag dood is. ⁵⁰ Aäron het na Moses toe teruggegaan by die ingang van die Tent van Ontmoeting, en so is die plaag gestuit.

* **16:41** Eks 17:3; Num 14:2; 1 Kor 10:10

* **16:42** Eks 40:34; Num 16:19

* **16:45** Num 16:21

* **16:46** Lev 10:6; Num 8:19

* **16:47-50** Num 25:1-4,8; 2 Sam 24:25; Ps 106:30

^d**16:47 op die kole:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

Aäron se staf

¹ Daarna het die HERE met Moses gepraat en gesê: ² “*Praat met die Israëliete, en kry by hulle stawwe, 'n staf vir elke stam; kry dit van al die leiers^e van hulle stamme — twaalf stawwe. Elkeen se naam moet jy op sy staf skryf. ³ Aäron se naam moet jy op die staf van Levi skryf, want daar is net een staf vir 'n stamhoof. ⁴ *Sit dit dan neer in die Tent van Ontmoeting voor die Getuienis^f waar Ek julle sal ontmoet. ⁵ *En die staf van die man wat Ek kies, sal bot. Ek wil ontslae raak van die gekerm van die Israëliete, wat voortdurend teen julle mor.”

⁶ Moses het met die Israëliete gepraat, en al hulle leiers het vir hom 'n staf gegee, vir elke leier een staf, volgens hulle stamme, twaalf stawwe. En die staf van Aäron was ook onder hulle stawwe. ⁷ Moses het die stawwe voor die HERE neergesit in die tent met die Getuienis.^g

⁸ *Die volgende dag toe Moses in die tent met die Getuienis kom, het die staf van Aäron, vir die huis van Levi, begin bot! Dit het bloeisels laat uitspruit, blomme gedra en ryp amandels voortgebring. ⁹ Moses het toe al die stawwe wat voor die HERE was, na al die Israëliete toe uitgebring. Hulle het dit gesien en elkeen het sy staf geneem.

¹⁰ Die HERE het vir Moses gesê: “Sit Aäron se staf weer terug voor die Getuienis om dit te bewaar as teken vir die opstandiges. Jy moet 'n

*17:2 Eseg 37:16

^e17:2 leiers: In Hebreeus *•nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

*17:4 Eks 25:22

^f17:4 die Getuienis: Dit is die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20.

*17:5 Num 16:5

^g17:7 die Getuienis: Vgl voetnoot in Num 17:4.

*17:8-10 Eseg 17:24; Heb 9:4

einde maak aan hulle gekerm by My, sodat hulle nie sterf nie.”

¹¹ Moses het dit gedoen. Soos die HERE hom beveel het, presies so het hy gemaak. ¹² Die Israeliete het vir Moses gesê: “Kyk, ons vergaan; ons gaan tot niet. Ons gaan almal tot niet! ¹³ *Elkeen wat enigins nadergaan na die •tabernakel van die HERE, sal sterf. Is ons dan almal bestem om te vergaan?”

18

Ampswerk van priesters en Leviete

¹ *Die HERE het vir Aäron gesê: “Jy, jou seuns en jou familie^h saam met jou — julle sal die gevolge dra van sonde teen die heiligdom; en jy en jou seuns saam met jou sal die gevolge dra van sonde in verband met julle priesterdiens. ² *Laat ook jou broers, die stam van Levi, die stam van jou vader, saam met jou naderkom, sodat hulle by jou kan aansluit en jou kan bystaan waar jy en jou seuns saam met jou voor die tent met die Getuienisⁱ is. ³ Hulle moet van jou verpligtinge nakom, en ook verpligtinge in verband met die hele •tabernakel. Maar naby voorwerpe van die heiligdom en naby die altaar mag hulle nie kom nie, sodat hulle nie sterf nie — nie hulle nie, en ook nie julle nie. ⁴ Hulle moet by jou aansluit en die verpligtinge by die Tent van Ontmoeting nakom, ja, al die werk by die tent. Maar 'n onbevoegde persoon mag nie naby julle kom nie. ⁵ Julle moet die verpligtinge by die heiligdom en die altaar

*17:13 Num 1:51; 3:10,38

*18:1 Eks 28:38; Lev 10:17; Num 17:13

^h18:1 **jou familie:** Letterlik ‘die huis van jou vader’. Dit verwys na afstammeling tot die derde geslag.

*18:2-6 Num 3:5-13; 4:5-15,24-33; Heb 9:6

ⁱ18:2 **die Getuienis:** Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20.

nakom, sodat die Israëliete nie weer deur 'n woede getref word nie.

⁶ Wat My betref, kyk, Ek het julle broers, die Leviëte, uit die Israëliete geneem as 'n geskenk vir julle. Hulle is aan die HERE afgestaan om die werk by die Tent van Ontmoeting te doen. ⁷ Maar jy en jou seuns saam met jou moet julle priesterdiens nakom, in alle sake by die altaar en agter die Voorhangsel.^j Daar moet julle diens doen. As 'n geskenk met die oog op dienslewering gee Ek julle priesterskap aan julle. Maar 'n onbevoegde persoon wat daar indring, moet doodgemaak word.”

Onderhoud van priesters en Leviëte

⁸ *Die HERE het vir Aäron gesê: “Wat My betref, kyk, Ek het aan jou die verpligting in verband met my wydingsgeskenke^k toevertrou. Al die heilige gawes van die Israëliete — aan jou en aan jou seuns gee Ek dit as 'n geskenk, as 'n deel wat hulle altyd moet kry. ⁹ *Die volgende van die besonder heilige gawes, dit wat nie verbrand word nie, is wat jou toekom: al hulle offers — al hulle •graanoffers, al hulle •reinigingsoffers en al hulle •hersteloffers wat hulle vir my bring. Die besonder heilige gawes kom jou en jou seuns toe. ¹⁰ *Op 'n besonder heilige plek^l moet jy dit eet. Elke manspersoon mag dit eet. Dit moet vir jou iets heiligs wees. ¹¹ *Die volgende kom jou toe: Wydingsgeskenke wat hulle gee, al die

^j**18:7 Voorhangsel:** Die gordyn wat die heilige voorste deel van die tabernakel geskei het van die allerheiligste deel van die tabernakel; vgl Eks 26:31-35.

***18:8** Lev 7:6,14,32; Num 5:9; 1 Kor 9:13

^k**18:8 wydingsgeskenke:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

***18:9** Lev 2:2,3; 6:25-26; 10:12,13

***18:10** Lev 6:16,18,26; 7:6

^l**18:10 Op ... plek:** Kan ook vertaal word: “As 'n besonder heilige gawe”.

***18:11** Eks 29:27-28; Lev 7:34-36; 10:14-15

gewyde gawes^m van die Israëliete gee Ek aan jou en aan jou seuns en dogters wat saam met jou is, as 'n deel wat julle altyd moet kry. Elkeen in jou huis wat rein is, mag daarvan eet. ¹² * Al die beste olyfolie, al die beste nuwe wyn en koring — die eerste opbrengs daarvan wat hulle vir die HERE gee, gee Ek vir jou. ¹³ * Die eerste opbrengs van alles wat op hulle land is, wat hulle vir die HERE bring, kom jou toe. Elkeen in jou huis wat rein is, mag daarvan eet. ¹⁴ * Alles wat onder die banⁿ is in Israel, kom jou toe. ¹⁵ * Elke eersteling van die moederskoot, elke lewende wese wat vir die HERE gebring word, kom jou toe, of dit nou mense of diere is. Onthou net, jy moet beslis die eersgeborenes van mense laat loskoop, en die eersgeborenes van •onrein diere mag jy laat loskoop.^o ¹⁶ Wat die loskoop daarvan betref: Vanaf 'n maand oud moet jy laat loskoop teen die loskoopwaarde van vyf sikkel^p silwer volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld, wat twintig gera^q per sikkel^r is. ¹⁷ Maar die eersgeborenes van beeste, skape en bokke moet jy nie laat loskoop nie; hulle is heilig. Hulle bloed moet jy teen die altaar

^m**18:11 gewyde gawes:** Waarskynlik deur bewegings simbolies vir die HERE aangebied by die altaar; vgl Eks 29:24.

***18:12** Deut 18:4

***18:13** Eks 23:19

***18:14** Lev 27:21,28

ⁿ**18:14 onder die ban:** Dit verwys na enigiets wat iemand uitsluitlik aan die HERE gewy het.

***18:15-16** Eks 13:2,13; Eseg 44:30

^o**18:15 laat loskoop:** Die •bronteks lui: “loskoop”. Aäron kon dit egter nie self doen nie, die persoon wat die kind of dier na die heiligdom bring, moes dit doen. Dieselfde geld vir Num 18:16,17.

^p**18:16 5 sikkel:** Ongeveer 57 g; •Geldeenhede.

^q**18:16 20 gera:** Ongeveer 12 g; •Geldeenhede.

^r**18:16 per sikkel:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

sprinkel en hulle vet moet jy verbrand as 'n geurige offer, 'n offergawe aan die HERE. ¹⁸ Hulle vleis kom jou toe; soos die borsstuk van die gewyde gawe^{s*} en die regterboud,^{*} kom dit jou toe. ¹⁹ *Al die wydingsgeskenke van heilige gawes wat die Israeliete vir die HERE aanbied, gee Ek vir jou en vir jou seuns en jou dogters saam met jou as die deel wat julle altyd moet kry. Dit geld as 'n ewige verbond van sout^t voor die HERE vir jou en jou nageslag saam met jou.”

²⁰ *Die HERE het vir Aäron gesê: “In hulle land sal jy nie erf nie; 'n erfdeel sal daar nie vir jou tussen hulle wees nie. Ek is jou erfdeel, jou erfenis tussen die Israeliete. ²¹ *En wat die Leviete betref, kyk, Ek gee al die tiendes in Israel as erfenis in ruil vir hulle dienswerk wat hulle doen, die dienswerk by die Tent van Ontmoeting. ²² *Die Israeliete moenie weer naby die Tent van Ontmoeting kom, om sodoende sonde op hulle te laai en te sterf nie. ²³ *Maar die Leviete, dit is hulle wat die dienswerk by die Tent van Ontmoeting moet doen. Hulle sal hulle skuld dra. Dit is 'n voorskrif wat altyd geld vir julle nageslag: Tussen die Israeliete mag hulle nie 'n erfenis ontvang nie; ²⁴ want die tiendes van die Israeliete wat hulle as wydingsgeskenk vir die HERE aanbied, gee Ek vir die Leviete as erfenis. Daarom het Ek vir hulle gesê hulle sal nie 'n

^s**18:18 gewyde gawe:** Die persoon wat offer moes die borsstuk waarskynlik deur bewegings simbolies vir die HERE aanbied.

^{*}**18:18 borsstuk ... gawe:** Lev 7:34; 10:14

^{*}**18:18 regterboud:** Lev 7:32

^{*}**18:19** Lev 2:13; 21:22; Num 18:11

^t**18:19 verbond van sout:** Wanneer sout in verband met die verbond genoem word, verwys dit na die permanente aard van die verbond; vgl 2 Kron 13:5.

^{*}**18:20** Deut 10:9; 18:2; Jos 13:14; Eseg 44:28

^{*}**18:21** Num 7:5; Neh 10:37; 12:44; Heb 7:5

^{*}**18:22** Num 1:51

^{*}**18:23** Num 3:7; 18:1

erfenis tussen die Israeliete ontvang nie.”

²⁵ Die HERE het verder met Moses gepraat en gesê: ²⁶ “*Jy moet met die Leviëte praat. Sê vir hulle, ‘Wanneer julle van die Israeliete die tiende ontvang wat Ek vir julle van hulle kant as julle erfenis gegee het, moet julle daarvan 'n wydingsgeskenk vir die HERE aanbied — 'n tiende van die tiende. ²⁷ Julle wydingsgeskenk sal vir julle gereken word soos die koring van die dorsvloer en soos die volle opbrengs van die parskuip. ²⁸ So moet ook julle 'n wydingsgeskenk vir die HERE aanbied uit al julle tiendes wat julle van die Israeliete ontvang. Julle moet daarvan aan die priester Aäron gee, as 'n wydingsgeskenk vir die HERE. ²⁹ Uit al julle geskenke moet julle die volle wydingsgeskenk vir die HERE aanbied, uit al die beste geskenke 'n deel daarvan as sy heilige gawe.’

³⁰ “Jy moet ook vir hulle sê, ‘As julle die beste daarvan aanbied, dan word dit vir die Leviëte gereken as die opbrengs van 'n dorsvloer en die opbrengs van 'n parskuip. ³¹ *Julle en julle gesinne mag dit op enige plek eet, want dit is vir julle 'n beloning in ruil vir julle dienswerk by die Tent van Ontmoeting. ³² *Julle sal nie sonde op julle laai wanneer julle die beste daarvan aanbied nie. Maar die heilige gawes van die Israeliete mag julle nie ontheilig nie, anders sterf julle.’ ”

19

Reinigingswater

¹ Die HERE het met Moses en Aäron gepraat en gesê: ² “*Dit is 'n vaste wetlike voorskrif wat die HERE beveel het, ‘Sê vir die Israeliete hulle moet 'n rooi koei sonder gebrek vir jou bring, een waaraan daar geen

***18:26** Neh 10:38

***18:31** Matt 10:10; 1 Kor 9:13; 1 Tim 5:17-18

***18:32** Lev 22:2,15; Eseg 22:26

***19:2** Deut 21:3; 1 Sam 6:7; Heb 9:13

liggaamsgebrek is nie en wat nog nie onder die juk was nie. ³*Julle moet haar vir die priester Eleasar gee. Hy moet haar uit die kamp neem en sy moet voor hom geslag word. ⁴*Die priester Eleasar moet van haar bloed met sy vinger neem en hy moet van die bloed sewe keer in die rigting van die Tent van Ontmoeting se ingang sprinkel. ⁵*Die koei moet voor sy oë verbrand word. Haar vel, haar vleis en haar bloed moet saam met haar pensmis verbrand word. ⁶*Daarna moet die priester 'n stukkie sederhout, 'n marjoleintakkie^u en 'n karmosynrooi toutjie^v neem en dit binne-in die vuur gooi waarin die koei verbrand word. ⁷*Die priester moet dan sy klere was en sy liggaam met water afspoel; daarna mag hy in die kamp ingaan. Die priester is egter •onrein tot die aand. ⁸Die een wat haar verbrand, moet sy klere met water was en sy liggaam met water afspoel. Hy is tot die aand onrein. ⁹*'n Man wat •rein is, moet die as van die koei bymekaarmaak en dit buitekant die kamp op 'n rein plek neersit. Dit moet vir die volksvergadering^w van die Israeliete in bewaring gehou word as reinigingswater.^x Dit is 'n •reinigingsoffer.

***19:3** Lev 4:12; Heb 13:11

***19:4** Lev 4:6,17; Heb 9:13

***19:5** Eks 29:14; Lev 4:11-12

***19:6** Lev 14:4-7,49; Heb 9:19

^u**19:6 marjoleintakkie:** Marjolein is 'n plant wat teen mure groei en waarmee reinigingswater gesprinkel is. Die volksnaam *hisop* is 'n transliterasie van die Hebreeuse woord; •Marjolein.

^v**19:6 stukkie ... marjoleintakkie:** Die toutjie is gebruik om die hout en die marjoleintakkie aan mekaar te bind vir die reinigingsritueel.

***19:7** Lev 11:25; 16:28

***19:9** Lev 4:12; 6:11; 10:14; Heb 9:13

^w**19:9 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

^x**19:9 reinigingswater:** Die water wat daarmee berei is, is veral gebruik vir reiniging ná menstruasie.

¹⁰ Die persoon wat die as van die koei bymekaarmaak, moet sy klere was, en hy sal tot die aand onrein wees. Dit is vir die Israelite en vir die vreemdelinge^y wat tydelike verblyf tussen julle het, 'n vaste voorskrif wat altyd geld.

¹¹ “ *Iemand wat aan 'n dooie raak, aan enige mens se lyk, is onrein vir sewe dae. ¹² *So iemand moet homself op die derde en op die sewende dag met die water reinig, dan is hy rein. Maar as hy homself nie op die derde en op die sewende dag reinig nie, sal hy nie rein wees nie.

¹³ *Elkeen wat aan 'n dooie raak, die liggaam van 'n mens wat gesterf het, en homself nie reinig nie, verontreinig die •tabernakel van die HERE. Daardie persoon sal van Israel afgesny word. Omdat die reinigingswater nie oor hom gesprinkel is nie, is hy onrein. Sy onreinheid is steeds op hom.

¹⁴ “ ‘Dit is die voorskrifte wanneer iemand in 'n tent sterf: Elkeen wat by die tent ingaan en alles wat in die tent is, sal sewe dae lank onrein wees. ¹⁵ En elke oop pot waarop daar nie 'n deksel vasgebind is nie, is onrein.

¹⁶ “ ‘Elkeen wat in die oop veld aan iemand raak wat met 'n swaard doodgemaak is, of aan iemand wat gesterf het, of aan 'n menslike been, of aan 'n graf, sal sewe dae lank onrein wees. ¹⁷ *Dan moet hulle vir die onrein persoon van die verbrande reinigingsoffer se as neem, en lopende water in 'n kleipot daaroor gooi. ¹⁸ *'n Rein persoon moet 'n

^y**19:10 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israelite gekry het, het beskerming geniet.

***19:11** Lev 21:1; Num 5:2; 9:6,10

***19:12** Num 31:19,24

***19:13** Lev 15:31; Heb 9:10

***19:17-19** Heb 9:13

***19:18** Eks 12:22

marjoleintakkie neem en in die water doop. Dan moet hy dit sprinkel oor die tent en al die gebruiksvoorwerpe en ook oor die persone wat daar is — oor iemand wat aan 'n menslike been of aan 'n gesneuwelde of aan 'n dooie of aan 'n graf geraak het. ¹⁹*Die rein persoon moet op die derde en op die sewende dag die water op die onrein persoon sprinkel. Nadat hy die onreine op die sewende dag gereinig het, moet hy sy klere was en hom met water afspoel. Hy sal rein wees teen die aand.

²⁰“ ‘As iemand wat onrein is, homself nie reinig nie, sal daardie persoon uit die geloofsgemeenskap verwyder word, want hy het die heiligdom van die HERE verontreinig. Die reinigingswater is nie op hom gesprinkel nie; hy is onrein. ²¹Dit moet vir altyd vir hulle 'n vaste voorskrif wees.

“ ‘Die een wat die reinigingswater sprinkel, moet sy klere was, en die een wat aan die reinigingswater raak, is onrein tot die aand. ²²* Alles waaraan die onreine raak, is onrein; en die persoon wat aan hom raak, is onrein tot die aand.’ ”

20

Water uit 'n rots

¹*Die Israeliete, die hele volksvergadering,^z het in die eerste maand in

*19:19 Lev 13:5; 14:9; 15:13; Num 31:24

*19:22 Lev 5:2-3; Hag 2:13

*20:1 Num 13:21,26

^z20:1 volksvergadering: 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

die Tsinwoestyn^a aangekom. Die volk het in Kades^b gebly. Mirjam het daar gesterf, en sy is daar begrawe.

²*Toe daar nie meer water vir die volksvergadering was nie, het hulle teen Moses en Aäron saamgespan. ³ Die volk het Moses verwyty; hulle het gesê: “Ag, as ons maar omgekom het toe ons volksgenote voor die HERE omgekom het! ⁴ Waarom het julle die geloofsgemeenskap van die HERE na hierdie woestyn^c gebring? Was dit sodat ons en ons vee hier moet sterf? ⁵ Ja, waarom het julle ons uit Egipte laat optrek om ons na hierdie slegte plek toe te bring? Dit is nie 'n plek geskik vir saai of vyeboom of wingerde of granate nie. Hier is nie eers water om te drink nie.”

⁶ Moses en Aäron het van die byeenkoms af weggegaan na die ingang van die Tent van Ontmoeting. Hulle het op hulle gesigte neergeval. Toe verskyn die heerlikheid van die HERE aan hulle. ⁷ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ⁸*“Neem die staf^d en maak die volksvergadering bymekaar, jy en jou broer Aäron. Dan moet julle voor hulle oë met die rots praat; die rots sal sy water gee. Jy moet vir hulle water uit die rots laat kom en die volksvergadering en hulle vee laat drink.”

⁹ Moses het die staf uit die teenwoordigheid van die HERE geneem, soos Hy hom beveel het. ¹⁰ Toe het Moses en Aäron die

^a**20:1 Tsinwoestyn:** 'n Gebied noord van die Paranwoestyn met Kades op die grens van albei. Dit was geleë langs die suid-oostelike grens van Juda; vgl Num 34:3.

^b**20:1 Kades:** 'n Oase met verskeie fonteine, ongeveer 80 km suid-suidwes van Berseba.

***20:2-13** Eks 14:11-12; Eks 17:2-3; Num 16:13; Ps 106:32-33; Heb 3:8

^c**20:4 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***20:8** Eks 17:5-6

^d**20:8 die staf:** Dit verwys na die staf van Aäron; vgl Num 17:10.

geloofsgemeenskap voor die rots bymekaar laat kom, en vir hulle gesê: “Luister nou, opstandiges! Moet ons uit hierdie rots vir julle water laat kom?”¹¹ *Moses het sy hand gelig en die rots twee keer met sy staf geslaan. Toe kom daar baie water uit, sodat die volksvergadering en hulle vee kon drink.

¹² *Maar die HERE het vir Moses en Aäron gesê: “Omdat julle nie vertrou in My gestel het om My heiligheid voor die oë van die Israeliete te erken nie, daarom sal julle hierdie geloofsgemeenskap nie in die land inneem wat Ek vir hulle gegee het nie.”

¹³ *Dit was die water van Meriba,^e waar die Israeliete die HERE verwytt het, en Hy homself toe as heilig aan hulle bekend gemaak het.

Onderhandeling met die Edomiete

(Deut 2:1-8)

¹⁴ *Moses het boodskappers gestuur vanaf Kades na die koning van Edom: “So sê u broer Israel, ‘U weet self van al die swaarkry wat ons ervaar het. ¹⁵ Ons voorouers het afgetrek na Egipte en ons het 'n lang tyd in Egipte gebly, maar die Egiptenare het ons en ons voorouers sleg behandel. ¹⁶ *Ons het na die HERE om hulp geroep; Hy het ons hulpgeroep gehoor en 'n engel gestuur. Hy het ons uit Egipte laat wegtrek. Kyk, ons is nou in Kades, 'n dorp op die grens van u grondgebied. ¹⁷ *Laat ons asseblief deur u land trek. Ons sal nie deur

*20:11 1 Kor 10:4

*20:12 Num 20:24; 27:14; Deut 1:37; 3:26-27

*20:13 Eks 17:7; Deut 33:8; Ps 81:8; 95:8

^e20:13 **Meriba:** Die naam hou verband met die Hebreeuse werkwoord ‘aankla’ of ‘verwytt’; vgl Eks 17:7.

*20:14 Gen 25:23-26; 36:19,31; Rig 11:16-17

*20:16 Eks 2:23; 23:20; Deut 26:8

*20:17-18 Num 21:22-23; Deut 2:27; Rig 11:17

lande of wingerde trek nie, en ons sal nie water uit putte drink nie. Van die Koningspad^f sal ons nie links of regs afwyk nie, totdat ons deur u grondgebied getrek het.’ ”

¹⁸ Maar Edom het vir hom laat weet: “Jy mag nie deur my gebied trek nie; anders trek ek jou met die swaard tegemoet.” ¹⁹ *Die Israëliete het toe vir Edom laat weet: “Ons sal net op die grootpad deurtrek. As ons van u water drink, ons en ons vee,^g sal ons die koopprys daarvoor gee — net dit, niks meer nie. Ons wil te voet deurtrek.” ²⁰ Maar hy het laat weet: “Jy mag nie deurtrek nie.”

Edom het hulle tegemoet getrek met baie manskappe en 'n sterk mag. ²¹ *So het Edom geweier om aan Israel deurtog deur sy grondgebied te verleen, en Israel het van hom af weggedraai.

Dood van Aäron

²² *Die Israëliete, die hele volksvergadering,^h het van Kades af weggetrek en by die berg Hor aangekom. ²³ Die HERE het vir Moses en Aäron by die berg Hor op die grens van die land Edom gesê: ²⁴ “*Aäron gaan met sy mense verenig word, want hy mag nie in die land ingaan wat Ek aan die Israëliete gegee het nie, omdat julle teen my bevel in opstand was by die water van Meriba. ²⁵ Neem Aäron en sy seun Eleasar en laat hulle die berg Hor uitklim. ²⁶ *Trek Aäron se klere uit en trek dit

^f**20:17 Koningspad:** Dit was een van die belangrikste handelsroetes tussen Damaskus en die Golf van Akaba.

***20:19** Deut 2:6

^g**20:19 ons ... vee:** Die •bronteks lui: “ek en my vee”, maar “ek” verwys na Israel.

***20:21** Num 21:4; Deut 2:8

***20:22** Num 33:37; Deut 32:50

^h**20:22 volksvergadering:** Vgl voetnoot in Num 20:1.

***20:24** Num 20:12; Num 27:13

***20:26** Eks 29:29

vir Eleasar, sy seun, aan. Aäron sal met sy mense verenig word en daar sterf.”

²⁷ Moses het gedoen wat die HERE hom beveel het. Hulle het die berg Hor voor die oë van die hele volksvergadering uitgeklim. ²⁸ *Moses het Aäron se klere uitgetrek en dit vir sy seun Eleasar aangetrek. Aäron het daar op die kruin van die berg gesterf en Moses en Eleasar het van die berg afgekom. ²⁹ *Toe die hele volksvergadering sien dat Aäron gesterf het, het die hele huis van Israel dertig dae lank oor Aäron getreur.

21

Oorwinning oor die koning van Arad

¹ *Toe die Kanaänitiese koning van Arad, wat in die Negevⁱ regeer het, hoor dat Israel in die rigting van Atarim kom, het hy teen Israel gaan veg en sommige van hulle as gevangenes weggevoer. ² *Israel het toe aan die HERE 'n gelofte afgelê en gesê: “As U hierdie volk ten volle in my hand gee, sal ek hulle stede met die banvloek^j tref.”

³ *Die HERE het na die versoek van Israel geluister en die Kanaäniete aan hulle oorgegee. Israel het hulle en hulle stede met die banvloek

*20:28 Num 33:38-39; Deut 10:6

*20:29 Deut 34:8

*21:1 Num 13:17; 33:40

ⁱ21:1 **Negev**: Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

*21:2 Gen 28:20; Lev 27:29; Deut 7:2; Rig 11:30

^j21:2 **banvloek**: Die banvloek beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word, soos in hierdie geval, heeltemal vernietig; •Banvloek.

*21:3 Num 14:45; Deut 1:44; Rig 1:17

getref en die plek Gorma^k genoem.

Die koperslang

⁴ *Die Israeliete het van die berg Hor af weggetrek met die pad na die Rietsee^l om rondom die land Edom te trek. Maar op pad het die volk ongeduldig geraak. ⁵ **Die volk het teen God en teen Moses uitgevaar: “Waarom het julle ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn^m te sterf? Want daar is geen brood of water nie, en ons walg van die ellendige kos.”

⁶ Die HERE het toe giftige slange onder die volk ingestuur en hulle het die volk gepik. Baie mense van die volk Israel het gesterf. ⁷ *Die volk het na Moses gekom en gesê: “Ons het gesondig, want ons het teen die HERE en teen jou uitgevaar. Bid tot die HERE dat Hy die slange van ons af wegneem.” Moses het toe vir die volk gebid. ⁸ *Die HERE het vir Moses gesê: “Maak vir jou 'n slang en sit dit op 'n paal, dan sal elkeen wat gepik is en daarna kyk, bly leef.”

⁹ Moses het toe 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit. Wanneer 'n slang iemand pik, en hy kyk na die koperslang, het hy bly leef.

^k**21:3 Gorma:** Die naam beteken ‘banoffer’.

^{*}**21:4** Num 20:20-21

^l**21:4 Rietsee:** In die OT word die Hebreeuse pleknaam vertaal as: “Rietsee”. Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit as: “•Rooisee”.

^{*}**21:5-6** Num 21:7; Deut 8:15; Jer 8:17; 1 Kor 10:9

^{*}**21:5** Eks 14:11; Num 11:5; 14:2; Ps 78:19

^m**21:5 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^{*}**21:7** Num 11:2; Ps 78:34; Hos 5:15

^{*}**21:8-9** 2 Kon 18:4; Joh 3:14-15

Van Obot na Pisga

(Deut 2:8-23)

¹⁰ *Die Israëliete het weggetrek en kamp opgeslaan by Obot. ¹¹ Daarna het hulle van Obot af weggetrek en kamp opgeslaan by Ije-Abarim in die woestyn,ⁿ wat langs Moab, aan die oostekant, lê. ¹² *Van daar af het hulle weggetrek en kamp opgeslaan in die Sereddal. ¹³ *Van daar af het hulle weggetrek en kamp opgeslaan oorkant die Arnon in die woestyn wat uitstrek vanaf die grens van die Amoriëte. Die Arnon is immers die grens van Moab; dit lê tussen Moab en die Amoriëte. ¹⁴ Daarom word daar in die *Boek van die Oorloë van die HERE*^o gepraat van:

“Waheb in Sufa en die dale,
die Arnon, ¹⁵ *en die hange van die dale
wat afvoer na die woongebied van Ar,
aanliggend aan die grondgebied
van Moab.”

¹⁶ Daarvandaan is hulle na Beër. Dit is die put^p waar die HERE vir Moses gesê het: “Bring die volk byeen, sodat Ek vir hulle water kan gee”. ¹⁷ Israel het daarna hierdie lied gesing:

“Wel op, put —

*21:10-11 Num 33:43-45

ⁿ21:11 woestyn: Vgl voetnoot in Num 21:5.

*21:12 Deut 2:13-14

*21:13 Deut 2:24; Rig 11:18

^o21:14 Boek ... HERE: Waarskynlik 'n ou versameling prysliedere oor militêre oorwinnings; vgl Jos 10:13.

*21:15 Deut 2:9,18,29

^p21:16 put: Beër is die Hebreeuse woord vir ‘put’.

sing vir hom!

¹⁸ Die put — leiers het dit gegrawe;
vooraanstaandes van die volk
het dit uitgekap,
met 'n heerserstaf en hulle septers.”

Van die woestyn af is hulle na Mattana, ¹⁹ en van Mattana af na Nagaliël, en van Nagaliël na Bamot, ²⁰ en van Bamot na die vallei wat in die gebied van Moab is, naby die kruin van die Pisga, wat 'n uitsig bied oor die wildernis.

Sihon en Og

²¹ * Israel het boodskappers gestuur na Sihon, die koning van die Amoriëte: ²² * “Mag ek deur u land trek? Ons sal nie afdraai na landerye en wingerde nie. Ons sal nie water drink uit 'n put nie. Ons sal net op die Koningspad^q hou totdat ons deur u grondgebied is.”

²³ * Sihon wou egter nie aan Israel deurgang verleen deur sy grondgebied nie. Sihon het al sy manskappe byeengebring en Israel tegemoet getrek in die woestyn.^r Hy het tot by Jahas gekom en teen Israel geveg. ²⁴ Maar Israel het hom met die skerpte van die swaard verslaan en sy land in besit geneem, van die Arnon af tot by die Jabbok, tot teen die Ammoniete, want die grens met die Ammoniete was sterk.

²⁵ * Israel het al hierdie stede ingeneem. Hulle het hulle gevestig in al die

* **21:21-35** Deut 2:24 — 3:11; Rig 11:13,19-20,22; Ps 135:10-11

* **21:22** Num 20:17

^q**21:22 Koningspad:** Dit was een van die belangrikste handelsroetes tussen Damaskus en die Golf van Akaba.

* **21:23** Num 20:18,21

^r**21:23 woestyn:** Vgl voetnoot in Num 21:5.

* **21:25** Jos 24:8

stede van die Amoriëte, in Gesbon en in al die omliggende dorpieë,
²⁶ * want Gesbon was die stad van Sihon, die koning van die Amoriëte.
Hy is die een wat oorlog gemaak het teen die vorige koning van Moab,
en sy hele land tot by die Arnon uit sy hand geneem het. ²⁷ Daarom sê
die spottigters:

“Kom na Gesbon!

Die stad van Sihon moet herbou
en gevestig word.

²⁸ Want 'n vuur het uitgegaan uit Gesbon,
'n vlam uit die dorp van Sihon.

Dit het Ar-Moab verteer,
die besitters van die hoogtes van Arnon.

²⁹ Wee jou, Moab!

Jy is vernietig, volk van Kemos.
Sy seuns wat oorleef, het hy oorgegee,
sy dogters in gevangenskap
aan Sihon, die koning van die Amoriëte.

³⁰ * Maar ons het hulle omvergewerp.^s

Gesbon is vernietig tot by Dibon.
Ons het verwoesting aangerig tot by Nofag,
met vuur^t tot by Medeba.”

* **21:26-29** Deut 29:7; Jer 48:45-46

* **21:30** Num 21:25; Jes 15:2

^s**21:30 Maar ... omvergewerp:** Kan ook vertaal word: “Maar ons het hulle geskiet.”

^t**21:30 met vuur:** Die •Septuagint en •Samaritaanse Pentateug word hier gevolg. Die •bronteks lui: “wat”, maar die oorlewers van die teks het aangedui dat laasgenoemde lesing onseker is.

³¹ Israel het hom gevestig in die land van die Amoriëte. ³² *Moses het mense gestuur om Jaser te verken, en hulle het Jaser en die omliggende dorpieë ingeneem. Hulle het die Amoriëte wat daar was, verdryf.

³³ *Daarna het hulle van koers verander en in die rigting van Basan opgetrek. Og, die koning van Basan, het hulle tegemoet getrek, hy met al sy manskappe, vir 'n geveg by Edrei. ³⁴ *Die HERE het vir Moses gesê: “Moenie vir hom bang wees nie, want in jou hand gee Ek hom met al sy manskappe en sy land. Jy moet met hom doen wat jy gedoen het met Sihon, die koning van die Amoriëte, wat in Gesbon regeer het.”

³⁵ *Hulle het hom, sy seuns en al sy manskappe verslaan totdat daar vir hom niemand oor was wat ontvlug het nie. Hulle het toe sy land in besit geneem.

22

Bileam en Balak

¹ *Daarna het die Israëliëte weggetrek en kamp opgeslaan in die vlaktes van Moab oorkant die Jordaan, teenoor Jerigo. ² *Balak, seun van Sippor, * het alles gesien wat Israel aan die Amoriëte gedoen het. ³ *Moab het baie bang geword vir die volk, want hulle was baie. Moab was vreesbevange vir die Israëliëte. ⁴ Toe sê Moab vir die oudstes^u van

*21:32 Jes 16:8; Jer 48:32

*21:33 Deut 3:1; Jos 13:12

*21:34 Deut 3:2

*21:35 Num 21:24; Jos 9:10

*22:1 Num 33:48

*22:2 — 24:8 Deut 23:4; Jos 24:9-10; Neh 13:2; Miga 6:5; Op 2:14

*22:2 Balak ... Sippor: Num 22:4

*22:3 Eks 15:15

^u22:4 oudstes: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

Midian: “Nou gaan hierdie horde alles rondom ons opeet, soos beeste die groen gras in die veld opvreet.”

Balak, seun van Sippor, was koning van Moab in daardie tyd. ⁵ Hy het boodskappers gestuur na Bileam, seun van Beor, in Petor aan die Rivier,^v die gebied van sy volksgenote, om hom te ontbied met die woorde: “Kyk, 'n volk het uit Egipte gekom. Die aarde is toe onder hulle en hulle is besig om hulle hier reg teenoor my te vestig. ⁶ Kom asseblief dan nou en vervloek vir my hierdie volk, want hulle is te sterk vir my. Miskien is ek dan in staat om hulle te verslaan, sodat ek hulle uit die land kan verjaag. Ek weet immers dat dié wat jy seën, geseënd is, en dié wat jy vervloek, vervloek is.”

⁷ *Die oudstes van Moab en Midian het toe vertrek met die betaling vir waarsêery by hulle. Toe hulle by Bileam kom, het hulle Balak se woorde aan hom oorgedra. ⁸ Hy het vir hulle gesê: “Bly vannag hier oor, dan gee ek vir julle die antwoord wat die HERE my sal meedeel.” Die hoë amptenare^w van Moab het toe by Bileam oorgebly.

⁹ God het na Bileam gekom en gevra: “Wie is die manne hier by jou?” ¹⁰ Bileam het God geantwoord: “Balak, seun van Sippor, die koning van Moab het 'n boodskap vir my gestuur, ¹¹ ‘Kyk, die volk wat uit Egipte getrek het, die aarde is toe onder hulle. Kom dan nou en vervloek hulle vir my. Miskien is ek dan in staat om teen hulle te veg en hulle te verjaag.’ ” ¹² *Maar God het vir Bileam gesê: “Jy mag nie saam met hulle gaan nie. Jy mag nie die volk vervloek nie, want hulle is geseënd.”

¹³ Bileam het die oggend opgestaan en vir die hoë amptenare van

^v**22:5 Rivier:** Dit verwys na die Eufraat.

^{*}**22:7** 2 Pet 2:15; Jud vs 11

^w**22:8 hoë amptenare:** Dit dui die belangrikste verteenwoordigers van die koning aan.

^{*}**22:12** Num 23:20

Balak gesê: “Gaan na julle land toe, want die HERE het geweier om my toestemming te gee om saam met julle te gaan.”¹⁴ Die hoë amptenare van Moab het hulle gereedgemaak, na Balak gegaan en vir hom gesê: “Bileam weier om saam met ons te kom.”

¹⁵ Balak het weer 'n keer hoë amptenare gestuur, meer en belangriker as die eerstes. ¹⁶ Hulle het by Bileam aangekom en vir hom gesê: “So sê Balak, seun van Sippor, ‘Moet jou asseblief nie deur iets laat weerhou om na my te kom nie, ¹⁷ want ek sal jou beslis ryklik beloon, en alles wat jy vra, sal ek doen. Kom asseblief, vervloek vir my hierdie volk.’ ”

¹⁸ *Bileam het geantwoord en vir die amptenare van Balak gesê: “Selfs al gee Balak vir my sy paleis vol silwer en goud, kan ek nie teen die bevel van die HERE my God ingaan deur enigiets, klein of groot, te doen nie. ¹⁹ Maar nou, bly julle ook asseblief vannag hier, sodat ek te wete kan kom wat die HERE verder vir my wil sê.”

²⁰ *God het toe in die nag na Bileam gekom en vir hom gesê: “As die manne gekom het om jou te ontbied, maak jou gereed en gaan saam met hulle; maar slegs dit wat Ek vir jou sê, moet jy doen.” ²¹ Bileam het toe die oggend opgestaan, sy donkiemerrie opgesaal en saam met die hoë amptenare van Moab gegaan.

²² Maar God het kwaad geword omdat hy op pad was. Terwyl Bileam op sy donkie ry, met twee van sy dienaars by hom, het die Engel van die HERE as sy teenstander in die pad gaan staan. ²³ *Die donkie het die Engel van die HERE met sy ontblote swaard in sy hand in die pad sien staan. Die donkie draai toe van die pad af en loop die veld in. Bileam het die donkie geslaan om haar na die pad te laat terugdraai. ²⁴ Toe gaan staan die Engel van die HERE in 'n smal deurgang tussen die

***22:18** Num 24:13

***22:20** Num 23:12,26

***22:23** Jos 5:13; 1 Kron 21:16

wingerde met 'n tuinmuur aan elke kant. ²⁵ Die donkie het die Engel van die HERE gesien, sy het haarself teen die muur vasgedruk, en so Bileam se voet teen die muur gedruk. Hy het haar toe weer geslaan. ²⁶ Die Engel van die HERE beweeg toe verder en gaan staan op 'n nou plek waar daar nie links of regs verbykomkans was nie. ²⁷ Toe die donkie die Engel van die HERE sien, gaan lê sy onder Bileam. Bileam het kwaad geword en die donkie met sy stok geslaan.

²⁸ *Toe maak die HERE die donkie se mond oop en sy sê vir Bileam: “Wat het ek aan jou gedoen dat jy my nou drie keer geslaan het?”

²⁹ Daarop sê Bileam vir die donkie: “Omdat jy my vir die gek hou! Was daar maar 'n swaard in my hand, want dan het ek jou nou doodgemaak!” ³⁰ Die donkie sê toe vir Bileam: “Is ek nie jou donkie waarop jy jou lewe lank tot vandag toe gery het nie? Was dit ooit my gewoonte om so met jou te maak?” Hy antwoord: “Nee.”

³¹ *Die HERE maak toe Bileam se oë oop, sodat hy die Engel van die HERE in die pad sien staan met sy ontblote swaard in sy hand. Bileam het gekniel en met sy gesig teen die grond gebuig. ³² Die Engel van die HERE het hom gevra: “Waarom het jy jou donkie nou drie maal geslaan? Kyk, Ek het self na vore getree as 'n teenstander, want die pad wat voorlê, is steil.^x ³³ Die donkie het My gesien en nou drie keer vir My uitgedraai. As sy nie^y van My af weggedraai het nie, sou Ek jónu nou doodgemaak het, maar haar laat leef het.”

³⁴ *Daarop sê Bileam vir die Engel van die HERE: “Ek het gesondig,

***22:28** 2 Pet 2:15-16

***22:31** Gen 21:19; 2 Kon 6:17; Luk 24:31

^x**22:32 die pad ... steil:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

^y**22:33 As sy nie:** Die oudste vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui: “miskien het sy”.

***22:34** 1 Sam 15:24,30; 2 Sam 12:13

want ek het nie geweet dat dit U is wat teenoor my in die pad staan nie. Maar nou, as dit verkeerd is in u oë, sal ek graag omdraai.” ³⁵ *Die Engel van die HERE sê toe vir Bileam: “Gaan saam met die manne; maar die woord wat Ek vir jou sê, slegs dit mag jy sê.” Bileam het toe saam met die hoë amptenare van Balak gegaan.

³⁶ *Toe Balak hoor dat Bileam aan die kom is, het hy uitgegaan om hom te ontmoet by die Moabitiese dorp wat op die Arnongrens lê, aan die rand van sy grondgebied. ³⁷ *Balak het vir Bileam gesê: “Het ek nie aanhoudend mense na jou gestuur om jou na my te ontbied nie? Waarom het jy nie na my gekom nie? Is ek werklik nie in staat om jou te beloon nie?” ³⁸ *Bileam het vir Balak gesê: “Kyk, ek het nou na u toe gekom. Maar kan ek hoegenaamd uit myself enigiets sê? Die woord wat God in my mond lê, net dit mag ek sê.”

³⁹ Bileam het toe saam met Balak gegaan en hulle het by Kirjat-Gusot gekom. ⁴⁰ Balak het beeste en kleinvee geslag en dit vir Bileam en die leiers by hom gestuur.

⁴¹ *Die volgende môre het Balak vir Bileam geneem en hy het hom die berg Bamot-Baäl laat uitklim. Daarvandaan het Bileam 'n deel van die volk gesien.

23

¹ *Bileam sê toe vir Balak: “Bou vir my hier sewe altare en offer vir my hier sewe bulle en sewe ramme.” ² Balak het gedoen wat Bileam versoek

*22:35 Num 22:20

*22:36 Num 21:13

*22:37 Num 22:17; 24:11

*22:38 Num 22:18

*22:41 Num 21:20

*23:1-2 Num 23:14,29-30

het. Balak en Bileam het 'n bul en 'n ram op elke altaar geoffer.

³*Bileam sê toe vir Balak: “Bly hier by u brandoffer staan terwyl ek 'n entjie loop. Miskien gun die HERE my 'n ontmoeting. Wat Hy my ook al laat sien, sal ek aan u bekend maak.” Daarna het hy na 'n kaal heuwel gestap.

⁴ God het Bileam toe ontmoet. Bileam het vir Hom gesê: “Die sewe altare het ek gereedgemaak, en ek het 'n bul en 'n ram op elke altaar geoffer.” ⁵*Die HERE het toe 'n woord in die mond van Bileam gelê en gesê: “Gaan terug na Balak. Dit is wat jy moet sê.” ⁶*Hy het na Balak toe teruggegaan. Daar staan Balak toe nog steeds by sy brandoffers, hy en al die hoë amptenare van Moab.

⁷*Bileam het sy orakelspreuk aangehef en gesê:

“Uit Aram laat hy my haal,
Balak, die koning van Moab,
uit die bergland in die ooste.
‘Kom vervloek vir my Jakob,
kom verwens Israel.’

⁸ Hoe kan ek vervloek
vir wie God nie vervloek nie?
En hoe kan ek verwens
vir wie die HERE nie verwens nie?

⁹* Ja, bo van die rotse af sien ek hulle,
en vanaf die heuwels neem ek hulle waar.

*23:3 Num 22:8; 23:12,15-16,26; 24:1

*23:5 Eks 4:12,15; Num 22:20,38; 23:16

*23:6 Num 23:17

*23:7 Num 22:5-6; Jos 24:9; Neh 13:2

*23:9 Deut 33:28

Kyk, dit is 'n volk wat afgesonderd woon;
onder die nasies reken hy homself nie.

¹⁰ *Wie kan die stof van Jakob tel,
die getal bereken van die stofwolk
van Israel?^z

Mag ek die dood van die opregtes sterf,
mag my einde soos hulle s'n wees!”

¹¹ *Balak het vir Bileam gesê: “Wat het jy my aangedoen? Om my
vyande te vervloek, is waarvoor ek jou laat haal het; maar kyk, jy seën
net.” ¹² *Bileam het daarop gereageer en gesê: “Moet ek nie dit wat die
HERE in my mond lê, noukeurig nasê nie?” ¹³ *Toe sê Balak vir hom:
“Kom asseblief saam met my na 'n ander plek, waarvandaan jy slegs 'n
deel van hulle sal sien. Die hele volk sal jy nie kan sien nie. Vervloek
hulle dan vir my daarvandaan.” ¹⁴ Hy neem hom toe na die oop stuk
grond van Sofim,^a op die kruin van Pisga. Hy het sewe altare gebou en
'n bul en 'n ram op elke altaar geoffer.

¹⁵ Bileam sê toe vir Balak: “Bly hier staan by jou brandoffer, maar ek
sal daar gereedstaan vir 'n ontmoeting.” ¹⁶ Die HERE het Bileam ontmoet,
'n woord in sy mond gelê en vir hom gesê: “Gaan terug na Balak. Dit is
wat jy moet sê.”

¹⁷ Toe hy by Balak kom, staan hy nog daar by sy brandoffer, met die

***23:10** Gen 13:6

^z**23:10 getal ... Israel:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.
Kan moontlik ook vertaal word: “die kwart van Israel bereken”.

***23:11** Num 22:6; 23:25; 24:10; Jos 24:10; Neh 13:2

***23:12** Eks 4:15; Num 22:18,20,38; 23:26

***23:13-17** Num 22:41 — 23:6;27-29

^a**23:14 Sofim:** Die naam beteken ‘verkenners’ of ‘verspieders’. Dit was 'n
uitkykpos.

hoë amptenare van Moab by hom. Balak vra hom: “Wat het die HERE gesê?” ¹⁸ Bileam het sy orakelspreuk aangehef en gesê:

“Staan op Balak, en luister!

Gee aandag aan wat ek sê,
seun van Sippor.

¹⁹ * God is nie 'n man,
dat Hy sou lieg nie,
en nie 'n mensekind,
dat Hy van plan sou verander nie.

Sou Hy iets sê en dit nie doen nie,
sou Hy praat en dit nie gestand doen nie?

²⁰ * Kyk, om te seën is die opdrag
wat ek ontvang het.

Hy het geseën, en ek kan dit
nie omkeer nie.

²¹ * Onheil is nie in sig vir Jakob nie,
en teenspoed is nie in die vooruitsig
vir Israel nie.

Die HERE sy God is by hom,
die gejubel oor 'n Koning klink in hom op.

²² * God, wat hulle uit Egipte
laat wegtrek het,
is soos die horings van 'n buffel vir hom.

* **23:19** 1 Sam 15:29; Hos 11:9; Mal 3:6; Rom 11:29; 2 Tim 2:13; Heb 6:17-18; Jak 1:17

* **23:20** Gen 12:2-3; 22:17; Num 22:12,18; 24:1

* **23:21** Deut 20:1; Ps 89:16; Joël 2:27

* **23:22** Num 24:8

²³ *Want daar is nie voorspelling in Jakob,
en waarsêery in Israel nie.

Nou moet daar gesê word vir Jakob,
vir Israel, wat God gedoen het,

²⁴ *‘Kyk, 'n volk staan op
soos 'n leeuwyfie,
soos 'n leeu kom hy orent.

Hy gaan lê nie totdat hy sy prooi
verslind het nie,
die bloed van wat doodgemaak is,
nie gedrink het nie.’ ”

²⁵ *Balak sê toe vir Bileam: “Moet dan nie 'n vervloeking nie, maar ook
nie 'n seën oor hulle uitspreek nie.” ²⁶ Bileam het daarop gereageer en
vir Balak gesê: “Het ek nie vir u gesê nie, ‘Alles wat die HERE sê, dit sal
ek doen’?”

²⁷ *Toe sê Balak vir Bileam: “Kom asseblief; ek vat jou na 'n ander plek
toe. Miskien sal dit reg wees in God se oë dat jy hulle vir my
daarvandaan vervloek.” ²⁸ Balak vat toe vir Bileam na die kruin van
Peor, wat 'n uitsig bied oor die wildernis.

²⁹ Bileam het vir Balak gesê: “Bou vir my hier sewe altare en offer vir
my hier sewe bulle en sewe ramme.” ³⁰ Balak het gedoen wat Bileam
gesê het. Hy het 'n bul en 'n ram geoffer op elke altaar.

***23:23** Deut 18:10; Jos 13:22

***23:24** Gen 49:9; Num 24:9

***23:25-26** Num 22:18,38; 23:11-12; 24:10,12-13

***23:27-30** Num 22:41 — 23:2; 23:13-14

24

¹*Bileam het egter gesien dat dit goed is in die oë van die HERE om Israel te seën. Hy het nie soos die vorige kere na voortekens vir voorspellings gaan soek nie. Hy het sy gesig na die woestyn^b gedraai.
²*Toe Bileam rondkyk en Israel sien, tydelik gevestig volgens sy stamme, het die Gees van God oor hom gekom. ³*Hy het sy orakelspreuk aangehef en gesê:

“Die uitspraak van Bileam,
seun van Beor;
ja, die uitspraak van die man
met die geopende oog,
⁴ die uitspraak van hom
wat die woorde van God hoor,
hy wat die Almagtige se visioene sien,
wat neerval met geopende oë,
⁵ ‘Hoe mooi is jou tente, Jakob,
jou wonings, Israel!
⁶* Soos palmbome is hulle uitgesprei,^c
soos tuine langs 'n rivier,

*24:1 Num 23:20,23

^b24:1 **woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

*24:2 Num 11:25; 1 Sam 19:23; Eseg 11:5

*24:3-4 Num 24:15-16

*24:6 Ps 1:3; Jer 17:8

^c24:6 **Soos ... uitgesprei:** Kan ook vertaal word: “soos valleie is hulle uitgesprei”.

soos adelhout^d wat die HERE
geplant het,
soos seders langs water.
⁷ *Water loop uit Israel se leersak;^e
sy saad kry oorvloedig water.
Sy koning styg uit bo Agag,^f
en sy heerskappy sal verhewe wees.
⁸ *God wat hom uit Egipte
uitgelei het,
is soos die horings van 'n buffel
vir hom.
Israel^g verslind nasies,
sy teenstanders;
aan hulle beendere knaag hy;
met sy pyle verpletter hy.
⁹ Hy hurk, gaan lê soos 'n leeu,
ja, soos 'n leeuwyfie.
Wie sal hom opjaag?
Geseënd is hulle wat jou seën.

^d**24:6 adelhout:** 'n Inheemse boom in Suidoos-Asië en Noord-Indië waarvan die sap as parfuim en vir balsemdoeleindes gebruik is. Die •Septuagint lui: “tente wat deur die HERE opgerig is”; vgl Heb 8:2.

^{*}**24:7** Jes 30:25; 51:13; Joël 3:18

^e**24:7 leersak:** Gewoonlik van 'n volle skaap- of bokvel gemaak en kon gevul word met water of wyn.

^f**24:7 Agag:** Die koning van die Amalekiete in die tyd van Saul; vgl 1 Sam 15:8-32. Die Samaritaanse Pentateug, die •Septuagint en verskeie ou Griekse vertalings lui: “Gog”; vgl Eseg 38 — 39.

^{*}**24:8-9** Gen 49:9; Num 23:22,24

^g**24:8 Israel:** Die •bronteks lui: “hy”.

Vervloek is hulle wat jou vervloek.’ ”

¹⁰ *Balak het kwaad geword vir Bileam. Hy het sy handpalms teen mekaar geslaan^h en vir Bileam gesê: “Om my vyande te vervloek, is waarvoor ek jou laat roep het; en kyk, jy het hulle nou al drie keer net geseën. ¹¹ *Maak dan nou dat jy wegkom na jou plek! Ek het gesê ek sal jou ryklik beloon; maar kyk, die HERE het jou van beloning weerhou.”

¹² Bileam het vir Balak gesê: “Het ek nie reeds vir u boodskappers wat u na my gestuur het, gesê, ¹³ *‘Selfs al gee Balak vir my sy paleis vol silwer en goud, kan ek nie teen die bevel van die HERE ingaan deur enigiets, goed of kwaad, uit my eie te doen nie. Wat die HERE sê, dit sal ek sê.’ ¹⁴ *En nou, kyk, ek is reeds op pad na my volk toe. Maar kom, laat ek u inlig oor wat hierdie volk in die toekoms aan u volk gaan doen.”

¹⁵ *Hy het sy orakelspreuk aangehef en gesê:

“Die uitspraak van Bileam,
seun van Beor,
ja, die uitspraak van die man
met die geopende oog,
¹⁶ die uitspraak van hom
wat die woorde van God hoor,
hy wat bekend is met die Allerhoogste
se kennis,

*24:10 Num 22:6; Num 23:11,27; Deut 23:5

^h24:10 **handpalms ... geslaan:** Dit is 'n teken van verontwaardiging.

*24:11 Num 22:17

*24:13 Num 22:18,20

*24:14 Dan 10:14; Miga 6:5; Op 2:14

*24:15-16 Num 23:7; 24:3-4,20,23

wat die Almagtige se visioene sien,
wat neerval met geopende oë,

¹⁷ ‘*Ek sien hom,
maar dit is nie nou nie,
ek neem hom waar,
maar hy is nie naby nie.

'n Sterⁱ uit Jakob tree na vore,
'n heerserstaf uit Israel verskyn;
hy verbrysel die slape van Moab,
en vernietig al die kinders van Set.^j

¹⁸ *Edom word 'n besitting,
ja, Seir, sy vyande, word 'n besitting,
maar Israel word al sterker.

¹⁹ Hy sal heers uit Jakob;
wie uit die stad ontvlug,
bring hy om.’ ”

²⁰ *Bileam het Amalek gesien, sy orakelspreuk aangehef en gesê:

“Die vernaamste onder die nasies
is Amalek,

*24:17 Gen 49:10; Num 23:9; Jes 15:1

ⁱ24:17 'n Ster: Matt 2:2; Op 22:16 verwys hierna as heenwysing na Jesus Christus.

^j24:17 vernietig ... Set: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die Samaritaanse Pentateug lui: “die skedels van al die kinders van Set”; vgl Jer 48:45. Set verwys hier waarskynlik na 'n half-nomadiese volksgroep in die Siries-Arabiese woestyn.

*24:18-19 2 Sam 8:13-14; Ps 60:10

*24:20 Eks 17:14; Deut 25:19; 1 Sam 15:20

maar sy uiteinde is ondergang.”

²¹ *Bileam het die Keniete gesien, sy orakelspreuk aangehef en gesê:

“Bestendig is jou woonplek,
op 'n rots is jou nes gebou;
²² maar Kain^k is bestem vir vernietiging.
Hoe lank nog?
Assur^l sal jou in ballingskap wegvoer.”

²³ Bileam het sy orakelspreuk aangehef en gesê:

“Helaas, wie sal oorleef
sonder dat God dit beskik?
²⁴ *Skepe van die kus van die Kittières^m —
hulle verneder Assur,
en hulle verneder Heber;ⁿ
maar ook hulle is bestem
vir ondergang.”

²⁵ Toe het Bileam opgestaan en weggegaan; hy het na sy plek* teruggekeer. Ook Balak het sy koers gegaan.

***24:21** Rig 1:16; 1 Sam 15:6

^k**24:22 Kain:** Die naam verwys na die Keniete; vgl Num 24:21.

^l**24:22 Assur:** Dit verwys na Assirië of na 'n nomadiese volksgroep in die Siries-Arabiese woestyn; vgl Num 24:24.

***24:24** Gen 10:4; Dan 11:30

^m**24:24 kus ... Kittières:** Dit verwys waarskynlik na Ciprus en die kuslande van die Middellandse See.

ⁿ**24:24 Heber:** Die nakomelinge van Heber was die •Hebreërs; vgl Gen 10:21.

***24:25 sy plek:** Num 22:5

Aanbidding van Baäl-Peor

¹ **Terwyl Israel in Sittim oorgebly het, het die volk begin om met Moabitiese vroue te hoereer. ² *Die vroue het die volk na die offers van hulle gode genooi, en die volk het van die offers geëet en voor hulle gode in aanbidding gebuig. ³ *Toe Israel homself aan Baäl-Peor verbind, het die HERE kwaad geword vir Israel. ⁴ Die HERE het vir Moses gesê: “Neem al die leiers van hierdie mense en hang hulle in die son aan pale,^o vir die HERE,^p sodat die brandende toorn van die HERE van Israel afgeweer word.” ⁵ *Moses het vir die regters van Israel gesê: “Elkeen van julle moet sy manne wat hulle aan Baäl-Peor verbind het, doodmaak.” ⁶ *Juis toe kom 'n Israelitiese man en bring 'n Midianitiese vrou na sy volksgenote — en dit voor die oë van Moses en die hele volksvergadering^q van die Israeliete, terwyl hulle by die ingang van die Tent van Ontmoeting staan en huil. ⁷ *Toe Pinehas, seun van Eleasar, seun van die priester Aäron, dit sien, het hy daar in die

*25:1-2 Op 2:14

*25:1 Num 33:49; Jos 3:1

*25:2 Eks 34:15-16; 1 Kor 10:20

*25:3 Deut 4:3; Jos 22:17; Ps 106:28; Hos 9:10

^o25:4 **hang ... pale:** Die oortreders is waarskynlik gedood, daarna is hulle arms en bene gebreek voordat 'n skerp paal in die buik en borsholte van die lyk gesteek en dan in die grond geplant is.

^p25:4 **vir die HERE:** Hierdie was 'n vorm van die banvloek; vgl Num 21:2.

*25:5 Eks 32:27; Deut 13:6,9

*25:6 Esra 9:1-4

^q25:6 **volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

*25:7-13 Ps 106:30-31; 1 Kor 10:8

volksvergadering opgestaan en 'n steekspies gevat. ⁸ Hy het agter die Israelitiese man in die vrouetent^r ingegaan, en hy het al twee deurboor, die Israelitiese man en die vrou, tot in haar maag. Die plaag onder die Israeliete het toe opgehou. ⁹ Dié wat deur die plaag gesterf het, was vier-en-twintigduisend.

¹⁰ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ¹¹ “*Pinehas, seun van Eleasar, seun van die priester Aäron, het my woede van die Israeliete weggekeer deurdat hy onder hulle sy ywer getoon het vir my heilige jaloesie, sodat Ek nie die Israeliete in my heilige jaloesie vernietig het nie. ¹² *Sê daarom, ‘Kyk, Ek bied vir hom my verbond van vrede aan. ¹³ Dit sal vir hom en sy nageslag ná hom 'n verbond van ewige priesterskap wees, omdat hy ywer vir sy God getoon het en versoening gedoen het vir die Israeliete.’ ”

¹⁴ Die naam van die Israelitiese man wat doodgemaak is, wat saam met die Midianitiese vrou doodgemaak is, was Simri, seun van Salu, 'n leier^s uit die familie van Simeon. ¹⁵ Die naam van die Midianitiese vrou wat doodgemaak is, was Kosbi, dogter van Sur. Hy was die stamhoof van 'n familie in Midian.

¹⁶ *Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ¹⁷ “Beskou die Midianiete as vyande en maak hulle dood, ¹⁸ want hulle het teenoor julle vyandig opgetree deur die slinkse planne wat hulle teen julle gesmee het in die saak van Peor en in die saak van Kosbi, hulle landgenoot, die dogter van die Midianitiese leier — sy wat doodgemaak is op die dag van die plaag wat gevolg het op die gebeure by Peor.”

^r**25:8 vrouetent:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

***25:11** Deut 4:24; 32:16; Sef 1:18; Sag 8:2; 1 Kor 10:22; Heb 12:29

***25:12** Jes 54:10; Eseg 37:26; Mal 2:5

^s**25:14 leier** In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

***25:16-18** Num 31:1-24

Tweede telling van weerbare manskappe

¹ *Ná die plaag het die HERE vir Moses en Eleasar, seun van die priester Aäron, gesê: ² *^u“Hou 'n hoofdelike telling^t van die hele volksvergadering^u van die Israeliete, twintig jaar en ouer, volgens hulle families, elke weerbare man in Israel.”

³ *Moses en die priester Eleasar het toe met hulle gepraat in die vlaktes van Moab by die Jordaan, teenoor Jerigo en gesê: ⁴ *^u“Van twintig jaar en ouer moet getel word,^v soos die HERE Moses beveel het.”

Die Israeliete wat uit Egipteland weggetrek het, was:

⁵ *Ruben, die eersgeborene van Israel.

Die nageslag van Ruben:

van Ganok, die Ganok-familiegroep;

van Pallu, die Pallu-familiegroep;

⁶ van Gesron, die Gesron-familiegroep;

van Karmi, die Karmi-familiegroep.

⁷ Dit was die familiegroepe wat van Ruben afgestam het. Dié wat ingeskryf is, was drie-en-veertigduisend sewehonderd-en-dertig.

*26:1 Num 25:8-9

*26:2 Eks 30:12,14; Num 1:2-3; 26:62-63

^t26:2 Hou ... telling: Letterlik ‘lig die koppe’. Dit verwys na die koppe van die weerbare manne wat getel is.

^u26:2 volksvergadering: 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

*26:3 Num 22:1

^v26:4 moet ... word: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*26:5-50 Gen 25:23-26; 46:8-24

⁸ Die nageslag van Pallu was Eliab; ⁹ en die seuns van Eliab was Nemuel, Datan en Abiram. Dit is dieselfde Datan en Abiram wat na die volksvergadering opgeroep is, en wat hulle teen Moses en Aäron verset het as deel van die bende van Korag toe dié hulle teen die HERE verset het. ¹⁰ *Die aarde het sy mond oopgemaak en hulle en ook Korag verswelg toe die bende gesterf het, toe die vuur die tweehonderd-en-vyftig man verteer en hulle 'n waarskuwingsteken geword het. ¹¹ *Die seuns van Korag het egter nie gesterf nie.

¹² Die nageslag van Simeon, volgens hulle familiegroepe:

van Nemuel,^w die Nemuel-familiegroep;

van Jamin, die Jamin-familiegroep;

van Jakin, die Jakin-familiegroep;

¹³ van Serag, die Serag-familiegroep;

van Saul, die Saul-familiegroep.

¹⁴ Dit was die familiegroepe wat van Simeon afgestam het. Hulle was twee-en-twintigduisend tweehonderd.

¹⁵ Die nageslag van Gad, volgens hulle families:

van Sifjon, die Sifjon-familiegroep;

van Gaggi, die Gaggi-familiegroep;

van Suni, die Suni-familiegroep;

¹⁶ van Osni, die Osni-familiegroep;

van Eri, die Eri-familiegroep;

¹⁷ van Arod, die Arod-familiegroep;

***26:10** Num 16:31-35; 1 Kor 10:6; 2 Pet 2:6

***26:11** Num 16:32; Deut 24:16

^w**26:12 Nemuel:** In Gen 46:10 is die naam Jemuel.

van Areli, die Areli-familiegroep.

¹⁸ Dit was die familiegroepe wat van Gad afgestam het, volgens die wat ingeskryf is. Hulle was veertigduisend vyfhonderd.

¹⁹ Die nageslag van Juda: Er en Onan, maar Er en Onan het in die land Kanaän gesterf.

²⁰ Die nageslag van Juda volgens hulle familiegroepe:

van Sela, die Sela-familiegroep;

van Peres, die Peres-familiegroep;

van Serag, die Serag-familiegroep.

²¹ Die nageslag van Peres was:

van Gesron, die Gesron-familiegroep;

van Gamul, die Gamul-familiegroep.

²² Dit was die familiegroepe van Juda, volgens dié wat ingeskryf is. Hulle was ses-en-sewentigduisend vyfhonderd.

²³ Die nageslag van Issaskar, volgens hulle familiegroepe:

van Tola, die Tola-familiegroep;

van Puwwa, die Puni-familiegroep;

²⁴ van Jasub, die Jasub-familiegroep;

van Simron, die Simron-familiegroep.

²⁵ Dit was die families van Issaskar, volgens dié wat ingeskryf is. Hulle was vier-en-sestigduisend driehonderd.

²⁶ Die nageslag van Sebulon, volgens hulle familiegroepe:

van Sered, die Sered-familiegroep;

van Elon die Elon-familiegroep;

van Jagleël die Jagleël-familiegroep.

²⁷ Dit was die familiegroepe wat van Sebulon afgestam het, volgens dié wat ingeskryf is. Hulle was sestigduisend vyfhonderd.

²⁸ Die nageslag van Josef volgens hulle familie-groepe: Manasse en Efraim.

²⁹ Die nageslag van Manasse:

van Makir, die Makir-familie-groep;

Makir het Gilead verwek —

van Gilead, die Gilead-familie-groep.

³⁰ Dit was die nageslag van Gilead:

van Iëser, die Iëser-familie-groep;

van Gelek, die Gelek-familie-groep;

³¹ van Asriël, die Asriël-familie-groep;

van Sekem, die Sekem-familie-groep;

³² van Semida, die Semida-familie-groep;

van Gefer, die Gefer-familie-groep.

³³ Selofgad, seun van Gefer, het nie seuns gehad nie, net dogters. Die name van Selofgad se dogters was Magla, Noa, Gogla, Milka en Tirsa.

³⁴ Dit was die familie-groepe van Manasse volgens dié wat ingeskryf is. Hulle was twee-en-vyftigduisend sewehonderd.

³⁵ Dit was die nageslag van Efraim volgens hulle familie-groepe:

van Sutelag, die Sutelag-familie-groep;

van Beker, die Beker-familie-groep;

van Tagan, die Tagan-familie-groep.

³⁶ En dit was die nageslag van Sutelag:

van Eran, die Eran-familie-groep.

³⁷ Dit was die familie-groepe van die nageslag van Efraim volgens dié wat ingeskryf is. Hulle was twee-en-dertigduisend vyfhonderd. Dit was dan die nageslag van Josef volgens hulle familie-groepe.

³⁸ Die nageslag van Benjamin volgens hulle familie-groepe:

Van Bela, die Bela-familie-groep;

van Asbel, die Asbel-familie-groep;

van Agiram, die Agiram-familie-groep;

³⁹ van Sefufam, die Sefufam-familie-groep;

van Gufam, die Gufam-familie-groep.

⁴⁰ En die seuns van Bela was Ard en Naäman;

van Ard, die Ard-familie-groep;

van Naäman, die Naäman-familie-groep.

⁴¹ Dit was die nageslag van Benjamin volgens hulle familie-groepe, volgens dié wat ingeskryf is. Hulle was vyf-en-veertigduisend seshonderd.

⁴² Dit was die nageslag van Dan volgens hulle familie-groepe:

Van Sugam, die Sugam-familie-groep.

Dit was die familie-groepe van Dan. ⁴³ Al die familie-groepe was van die Sugam-groep, volgens dié wat ingeskryf is. Hulle was vier-en-sestigduisend vierhonderd.

⁴⁴ Die nageslag van Aser volgens hulle familie-groepe:

van Jimna, die Jimna-familie-groep;

van Jiswi, die Jiswi-familie-groep;

van Beria, die Beria-familie-groep.

⁴⁵ Wat die nageslag van Beria betref:

van Geber, die Geber-familie-groep;

van Malkiël, die Malkiël-familie-groep.

⁴⁶ Die naam van Aser se dogter was Serag.

⁴⁷ Dit was die familie-groepe van die nageslag van Aser, volgens dié wat ingeskryf is. Hulle was drie-en-vyftigduisend vierhonderd.

⁴⁸ Die nageslag van Naftali volgens hulle familiegroepe:
van Jagseël, die Jagseël-familiegroep;
van Guni, die Guni-familiegroep;
⁴⁹ van Jeser, die Jeser-familiegroep;
van Sillem, die Sillem-familiegroep.

⁵⁰ Dit was die familiegroepe van Naftali volgens hulle families; en dié wat ingeskryf is, was vyf-en-veertigduisend vierhonderd.

⁵¹ *Dit was die getal van die wat ingeskryf is van die Israeliete: seshonderd-en-eenduisend sewehonderd-en-dertig.

⁵² Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ⁵³ *⁵⁴“Onder hierdie mense moet die land met erfreg verdeel word volgens die getal name. ⁵⁴ Vir dié wat meer is, moet jy hulle erfdeel vergroot; vir dié wat minder is, moet jy hulle erfdeel verklein. Aan elkeen moet sy erfdeel gegee word volgens die getal van dié wat ingeskryf is. ⁵⁵ Maar die land moet deur loting verdeel word. Volgens die name van hulle voorouers se stamme moet hulle dit as erfenis ontvang. ⁵⁶ Deur loting moet 'n stam se^x erfdeel toegewys word, tussen dié wat baie en dié wat min is.”

⁵⁷ *Dit was dié wat ingeskryf is van die Leviete volgens hulle familiegroepe:

van Gerson, die Gerson-familiegroep;
van Kehat, die Kehat-familiegroep;
van Merari, die Merari-familiegroep.

⁵⁸ Dit was die familiegroepe wat van Levi afgestam het:

***26:51** Num 1:46

***26:53-56** Num 33:54; 34:13; 36:2; Jos 11:23; 14:1-4; Jes 34:17

^x**26:56** 'n stam se: Die bronteks lui: “sy”.

***26:57-62** Num 2:33; 3:2-39

die Libni-familiegroep;
die Hebron-familiegroep;
die Magli-familiegroep;
die Musi-familiegroep
en die Korag-familiegroep.

Kehat het Amram verwek. ⁵⁹ Die naam van Amram se vrou was Jogebed, 'n dogter van Levi wat vir Levi in Egipte gebore is. Vir Amram het sy Aäron, Moses en Mirjam, hulle suster, in die wêreld gebring. ⁶⁰ Vir Aäron is Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar gebore.

⁶¹ *Nadab en Abihu het gesterf toe hulle ongeoorloofde vuur voor die HERE nadergebring het.

⁶² *Dié wat ingeskryf is van die Leviete, al die manlike persone, een maand en ouer, was drie-en-twintigduisend. Hulle is immers nie saam met die Israeliete ingeskryf nie, omdat daar nie vir hulle 'n erfdeel gegee is tussen die Israeliete nie.

⁶³ *Dit was dié wat ingeskryf is deur Moses en die priester Eleasar, wat die Israeliete in die vlaktes van Moab by die Jordaan, teenoor Jerigo, ingeskryf het. ⁶⁴ Onder hulle was daar egter nie een van dié wat deur Moses en die priester Aäron ingeskryf is toe hulle die Israeliete in die Sinaiwoestyn ingeskryf het nie. ⁶⁵ *Omdat die HERE vir hulle gesê het dat hulle beslis sal sterf in die woestyn,^y het nie een van hulle oorgebly nie, behalwe Kaleb, seun van Jefunne, en Josua, seun van Nun.

*26:61 Lev 10:1-2

*26:62 Num 1:47-49; 3:15,39; 18:20,23

*26:63-65 Num 13 — 14

*26:65 Num 14:22-24,29

^y26:65 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

Dogters van Selofgad

¹ *Die dogters van Selofgad — hulle name was Magla, Noa, Gogla, Milka en Tirsa, van die Manasse-familiegroep — het na vore getree. Selofgad was die seun van Gefer, seun van Gilead, seun van Makir, seun van Manasse, seun van Josef. ² *Hulle het voor Moses, die priester Eleasar, die leiers^z en die hele volksvergadering^a by die ingang van die Tent van Ontmoeting gaan staan en gesê: ³ “*Ons pa is dood in die woestyn.^b Hy was egter nie onder die bende nie — daardie bende van Korag wat teen die HERE saamgespan het. Maar deur sy eie sonde het hy gesterf, en hy het nie seuns gehad nie. ⁴ Waarom moet ons pa se naam verdwyn uit sy familiegroep omdat hy nie 'n seun gehad het nie? Gee vir ons erfgrond tussen ons pa se broers.”

⁵ *Moses het hulle saak toe voor die HERE gebring. ⁶ Die HERE het vir Moses gesê: ⁷ “*Die dogters van Selofgad se versoek is billik. Jy moet beslis vir hulle onvervreembare erfgrond gee tussen hulle pa se broers. Jy moet hulle pa se erfdeel na hulle laat oorgaan. ⁸ Met die Israëliete moet jy praat en sê, ‘As iemand sterf en hy het nie 'n seun nie, moet julle sy erfdeel na sy dogter laat oorgaan. ⁹ En as hy nie 'n dogter het nie, moet julle sy

*27:1 Num 26:33; Jos 17:3

*27:2-11 Num 36:1-12

^z27:2 leiers: In Hebreeus *•nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

^a27:2 volksvergadering: 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

*27:3 Num 16:1-3; 26:64-65

^b27:3 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

*27:5 Lev 24:12; Num 9:8

*27:7 Num 36:2; Jos 17:4

erfdeel vir sy broers gee. ¹⁰ En as hy nie broers het nie, moet julle sy erfdeel vir sy pa se broers gee. ¹¹ *En as sy pa nie broers het nie, moet julle sy erfdeel vir sy bloedverwant gee wat die naaste aan hom is in sy familiegroep. Hy moet dit dan in besit neem. Dit moet vir die Israeliete 'n wetlike voorskrif wees, soos die HERE Moses beveel het.’ ”

Josua die opvolger van Moses

¹² *Die HERE het vir Moses gesê: “Klim teen hierdie Abarimberge op en kyk na die land wat ek vir die Israeliete gegee het. ¹³ Wanneer jy dit gesien het, sal ook jy, soos jou broer Aäron, met jou mense verenig word, ¹⁴ aangesien julle in die Tsinwoestyn,^c toe die volksvergadering^d in opstand was, my bevel om my heiligheid voor hulle oë te erken, verontagsaam het met die gee van water. Dit was by die water van Meriba-Kades^e in die Tsinwoestyn.”

¹⁵ Moses het met die HERE gepraat en gesê: ¹⁶ “*Mag die HERE, die God wat lewensasem gee aan alle vlees, 'n man oor die volksvergadering aanstel ¹⁷ *wat voor hulle uit kan trek en voor hulle kan ingaan,^f ja, wat hulle kan uitlei en wat hulle kan teruglei, sodat die volksvergadering

*27:11 Lev 25:48-49

*27:12-14 Eks 17:7; Num 20:5,7-13,24-28; 31:2; Deut 3:23-27; 32:49-50; 34:1-5

^c27:14 **Tsinwoestyn:** 'n Gebied noord van die Paranwoestyn met Kades op die grens van albei. Dit was geleë langs die suid-oostelike grens van Juda; vgl Num 34:3.

^d27:14 **volksvergadering:** Vgl voetnoot in 27:2.

^e27:14 **Meriba-Kades:** Kades was 'n oase met verskeie fonteine, ongeveer 80 km suid-suidwes van Berseba. Die naam Meriba-Kades beteken ‘aanklag by Kades’ of ‘stryd by Kades’; vgl Num 20:13; Eks 17:7.

*27:16 Num 16:22; Op 22:6

*27:17 1 Kon 22:17; 2 Kron 1:10; Sag 10:2; Matt 9:36; Mark 6:34

^f27:17 **uit ... ingaan:** Dit verwys na militêre veldtogte waar die aanvoerder die manskappe uit die kamp lei en ook weer met hulle na die kamp terugkeer.

van die HERE nie soos kleinvee sonder 'n herder is nie.”

¹⁸ *Die HERE het vir Moses gesê: “Neem Josua, seun van Nun, 'n man met geesdrif, en lê jou hande op hom. ¹⁹ Laat hom voor die priester Eleasar staan en voor die hele volksvergadering, en gee hom voor hulle oë sy opdragte. ²⁰ Dra van jou gesag oor op hom, sodat die hele volksvergadering van die Israëliete na hom sal luister. ²¹ *Maar by die priester Eleasar moet hy aanmeld, sodat dié vir hom deur die beslissing van die urim^g by die HERE navraag kan doen. Op sy bevel moet hulle vir 'n geveg^h uittrek, en op sy bevel moet hulle terugkeer, hy en al die Israëliete saam met hom — ja, die hele volksvergadering.”

²² *Moses het gedoen wat die HERE hom beveel het. Hy het Josua geneem en hom voor die priester Eleasar en die hele volksvergadering laat staan. ²³ Hy het sy hande op hom gelê en hom sy opdragte gegee, soos wat die HERE deur Moses gesê het.

28

Gereelde offers en feeste

¹ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ² “*Gee aan die Israëliete opdragte en sê vir hulle, ‘Wat my offers betref: Let nougeset daarop om op die vasgestelde tyd my voedsel, my offergawes, as 'n geur wat My

***27:18** Deut 1:38; 3:28; 34:9

***27:21** Eks 28:30; Rig 20:18,23; 1 Sam 28:6

^g**27:21 urim:** Die urim en tummim was vermoedelik twee stene wat die hoëpriester in sy borstas gedra het en waarmee hy 'n beslissing van God gevra het. Soms word net van die urim gepraat.

^h**27:21 vir 'n geveg:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***27:22** Deut 31:7-8

***28:2** Lev 3:11,16

behaag, vir My aan te bied.’³ *Sê vir hulle, ‘Dit is die offergawe wat julle vir die HERE moet aanbied: twee jaaroud ramlammers sonder gebrek, daaglik as 'n gereelde •brandoffer. ⁴ Een ramlam moet jy in die oggend offer en die tweede ramlam teen laatmiddagⁱ ⁵ * en 'n tiende van 'n efa^j gesifte meel as •graanoffer, gemeng met 'n kwart hin^k suiwer geparste olyfolie. ⁶ Dit is die gereelde brandoffer wat op die berg Sinai gebring is as 'n geurige offer, 'n offergawe aan die HERE. ⁷ Die bypassende •drankoffer is 'n kwart hin saam die eerste ramlam. In die heiligdom moet jy die drankoffer van sterk drank vir die HERE uitgiet. ⁸ Die tweede ramlam moet jy teen laatmiddag offer. Soos die •graanoffer in die oggend, moet jy dit offer saam met die bypassende drankoffer as 'n geurige offer, 'n offergawe aan die HERE.

Offers vir die Sabbat en nuwemaan

⁹ “ *Op die Sabbatdag moet twee jaaroud ramlammers sonder gebrek en twee tiendes van 'n efa gesifte meel^l as graanoffer, gemeng met olyfolie en die bypassende drankoffer, gebring word^m — ¹⁰ 'n brandoffer op elke Sabbatdag, by die gereelde brandoffer en bypassende drankoffer.

*28:3-8 Eks 20:24; 29:38-41; Eseg 46:13-15

ⁱ28:4 laatmiddag: Die •bronteks lui: “tussen die twee aande”. Volgens die •Talmoed is dit tussen sononder en donkernag, maar volgens die •Misjna is dit teen halfdrie die middag. Volgens Josefus is die •pasgalam in die tempel geslag tussen drie-uur en vyfuur die middag •nag en dag.

*28:5 Eks 16:36; Lev 2:1; Num 15:4

^j28:5 efa: Een efa was ongeveer 22 ℓ; •Inhoudsmate.

^k28:5 hin: Een hin was ongeveer 3,8 ℓ; •Inhoudsmate.

*28:9-10 Eseg 46:4-5; Matt 12:5

^l28:9 gesifte meel: Vgl voetnoot in Num 28:5.

^m28:9 gebring word: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie. Die •Septuagint word hier gevolg.

¹¹ * “ ‘Op die eerste dag van elke maandⁿ moet julle vir die HERE 'n brandoffer aanbied: twee jong bulle en een ram, asook sewe jaaroud ramlammers sonder gebrek; ¹² drie tiendes van 'n efa gesifte meel, gemeng met olyfolie, as •graanoffer by elke bul en twee tiendes van 'n efa gesifte meel, gemeng met olyfolie, as graanoffer by elke ram; ¹³ een tiende van 'n efa gesifte meel, gemeng met olyfolie, as graanoffer by elke ramlam. Dit is 'n brandoffer met 'n aangename geur, 'n offergawe aan die HERE. ¹⁴ Die bypassende drankoffers is 'n halwe hin wyn vir 'n bul, 'n derde van 'n hin vir 'n ram en 'n kwart van 'n hin vir 'n ramlam. Dit is die brandoffer met elke nuwemaan, vir al die maande van die jaar. ¹⁵ Een bokram moet as •reinigingsoffer vir die HERE gebring word, naas die gereelde brandoffer en bypassende drankoffer.’ ”

Jaarlikse feeste

¹⁶ “ * “In die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, is dit die •Pasga vir die HERE. ¹⁷ Op die vyftiende dag van dieselfde maand is daar 'n fees^o — sewe dae lank moet ongesuurde brood geëet word. ¹⁸ Op die eerste dag moet daar 'n heilige byeenkoms wees. Julle mag geen gewone take verrig nie. ¹⁹ Julle moet 'n offergawe, 'n brandoffer, vir die HERE aanbied: twee jong bulle, een ram en sewe jaaroud ramlammers. Hulle moet sonder gebrek wees. ²⁰ Die bypassende •graanoffer van gesifte meel, gemeng met olyfolie, moet julle ook bring: drie tiendes

***28:11-15** Num 10:10; 15:4-12; 1 Sam 20:5; 1 Kron 23:31; Esra 3:5; Jes 1:13-14; Eseg 45:17; 46:6-7; Hos 2:10; Kol 2:16

ⁿ**28:11 Op ... maand:** Die bronteks lui: “Op die eerstes van julle maande”.

***28:16-25** Eks 12:1-20; Lev 23:5-8; Num 9:1-14; Deut 16:1-8; Eseg 45:21-24

^o**28:17 fees:** Die Fees van die Ongesuurde Brood het begin met die •Pasga en sewe dae lank aangehou van 14 tot 21 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is. In daardie sewe dae moes die Israeliete brood eet wat nie suurdeeg in het nie; •Feeste.

van 'n efa^p vir die bul en twee tiendes van 'n efa vir die ram. ²¹ Een tiende van 'n efa moet jy offer vir elkeen van die sewe ramlammers, ²² dan ook nog een bokram as reinigingsoffer om vir julle versoening te doen. ²³ Afgesien van die brandoffer in die oggend, wat die gereelde brandoffer is, moet julle hierdie offers bring. ²⁴ Op dié wyse moet julle elke dag, vir sewe dae lank voedsel offer, 'n geurige offer, 'n offergawe aan die HERE. By die gereelde brandoffer en die bypassende drankoffer moet julle dit offer. ²⁵ Op die sewende dag moet julle 'n heilige byeenkoms hou. Julle mag geen gewone take verrig nie.

²⁶ *^q “Op die dag van die eerste opbrengs van die oes,^q wanneer julle 'n graanoffer van die nuwe oes vir die HERE aanbied tydens julle Fees van die Weke,^r moet julle 'n heilige byeenkoms hou. Julle mag geen gewone take verrig nie. ²⁷ Julle moet as 'n brandoffer, as 'n geurige offer vir die HERE, twee jong bulle, een ram en sewe jaaroud ramlammers, aanbied, ²⁸ met die bypassende graanoffer van gesifte meel, gemeng met olyfolie: drie tiendes van 'n efa vir elke bul, twee tiendes van 'n efa vir die een ram, ²⁹ een tiende van 'n efa^s vir elkeen van die sewe ramlammers, ³⁰ en dan ook nog een bokram om vir julle versoening te doen. ³¹ Afgesien van die gereelde brandoffer en die bypassende graanoffer, moet julle dit met bypassende drankoffers bring. Hulle moet sonder gebrek wees.’ ”

^p28:20 efa: Vgl voetnoot in Num 28:5.

*28:26-31 Eks 23:16; 34:22; Lev 23:15-21; Deut 16:9-12; 26:2; Hand 2:1

^q28:26 van die oes: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel; vgl Lev 2:14.

^r28:26 Fees ... Weke: Ook genoem Pinksterfees, is gevier sewe weke ná die begin van die graanoes, die dag waarop die eerste gerf gars gesny is wat voor die HERE aangebied moes word; Lev 23:9-13. Dit het gewoonlik gebeur teen •Pasga, sodat die Fees van die Weke sewe weke (vyftig dae) ná Pasga gevier is; •Feeste.

^s28:29 efa: Vgl voetnoot in Num 28:5.

29

¹ “ “In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet julle 'n heilige byeenkoms hou. Julle mag geen gewone take verrig nie. Dit moet vir julle 'n dag wees waarop op ramshorings geblaas^t word. ² Julle moet •brandoffers bring as aangename geur vir die HERE: een jong bul, een ram en sewe jaaroud ramlammers sonder gebrek, ³ met die bypassende •graanoffer van gesifte meel, gemeng met olyfolie: drie tiendes van 'n efa vir die bul, twee tiendes van 'n efa^u vir die ram ⁴ en een tiende van 'n efa vir elk van die sewe ramlammers. ⁵ Offer ook een bokram as •reinigingsoffer om vir julle versoening te doen — ⁶ afgesien van die brandoffer met nuwemaan en bypassende graanoffer, die gereelde brandoffer en bypassende graanoffer, en al die bypassende •drankoffers soos voorgeskryf, as 'n aangename geur, 'n offergawe aan die HERE.

⁷ “ “Op die tiende van hierdie sewende maand moet julle 'n heilige byeenkoms hou. Julle moet julle verootmoedig,^v en geen werk mag julle doen nie. ⁸ Julle moet dan 'n brandoffer vir die HERE aanbied as 'n geurige offer: een jong bul, een ram en sewe jaaroud ramlammers — sonder gebrek moet hulle wees — ⁹ en die bypassende graanoffer van gesifte meel, gemeng met olyfolie: drie tiendes van 'n efa vir die bul, twee tiendes van 'n efa vir die een ram, ¹⁰ een tiende van 'n efa vir elk

*29:1-6 Lev 23:23-25; Num 28:3,11

^t29:1 ramshorings geblaas: Die ramshoring is geblaas as waarskuwing vir oorlog, as teken dat daar verder getrek moet word (vgl 10:5-6) en om 'n feesgeleentheid aan te kondig.

^u29:3 efa: Een efa was ongeveer 22 ℓ; •Inhoudsmate.

*29:7-11 Lev 16:1-34; 23:26-32

^v29:7 verootmoedig: Dit beteken dat die Israeliete die dag moes deurbring in onthouding, selfondersoek voor God en soberheid.

van die sewe ramlammers. ¹¹ Offer ook een bokram as reinigingsoffer, afgesien van die reinigingsoffer vir die versoening,* by die gereelde brandoffer, met sy bypassende graanoffer en al die bypassende drankoffers.

¹² “*Op die vyftiende dag van die sewende maand moet julle 'n heilige byeenkoms hou. Julle mag geen gewone take verrig nie. Julle moet sewe dae lank feesvier ter ere van die HERE. ¹³ Julle moet 'n brandoffer, 'n offergawe met 'n aangename geur vir die HERE aanbied: dertien jong bulle, twee ramme, veertien jaaroud ramlammers, sonder gebrek moet hulle wees, ¹⁴ en die bypassende graanoffer van gesifte meel, gemeng met olyfolie: drie tiendes van 'n efa vir elkeen van die dertien bulle, twee tiendes van 'n efa vir elkeen van die twee ramme, ¹⁵ en een tiende van 'n efa vir elkeen van die veertien ramlammers. ¹⁶ Offer ook een bokram as reinigingsoffer, afgesien van die gereelde brandoffer en die bypassende graan- en drankoffer.

¹⁷ “ ‘Op die tweede dag is dit twaalf jong bulle, twee ramme en veertien jaaroud ramlammers sonder gebrek ¹⁸ met die bypassende graanoffer en drankoffers vir die bulle, die ramme en die ramlammers met die hoeveelhede soos voorgeskryf, ¹⁹ asook een bokram as reinigingsoffer — dit is afgesien van die gereelde brandoffer met sy bypassende graanoffer en al die bypassende drankoffers.

²⁰ “ ‘Op die derde dag is dit elf bulle, twee ramme en veertien jaaroud ramlammers sonder gebrek, ²¹ met die bypassende graanoffer en drankoffers vir die bulle, die ramme en die ramlammers, met die hoeveelhede soos voorgeskryf, ²² asook een bokram as reinigingsoffer — dit is afgesien van die gereelde brandoffer met sy bypassende graanoffer en drankoffer.

*29:11 reinigingsoffer ... versoening: Eks 30:10

*29:12-38 Lev 23:33-43; Eseg 45:25

²³ “ ‘Op die vierde dag is dit tien bulle, twee ramme en veertien jaaroud ramlammers sonder gebrek ²⁴ met die bypassende graanoffer en drankoffers vir die bulle, die ramme en die ramlammers, met die hoeveelhede soos voorgeskryf, ²⁵ asook een bokram as reinigingsoffer — dit is afgesien van die gereelde brandoffer met sy bypassende graanoffer en drankoffer.

²⁶ “ ‘Op die vyfde dag is dit nege bulle, twee ramme en veertien jaaroud ramlammers sonder gebrek, ²⁷ met die bypassende graanoffer en drankoffers vir die bulle, die ramme en die ramlammers, met die hoeveelhede soos voorgeskryf, ²⁸ asook een bokram as reinigingsoffer — dit is afgesien van die gereelde brandoffer met sy bypassende graanoffer en drankoffer.

²⁹ “ ‘Op die sesde dag is dit agt bulle, twee ramme en veertien jaaroud ramlammers sonder gebrek ³⁰ met die bypassende graanoffer en drankoffers vir die bulle, die ramme en die ramlammers, met die hoeveelhede soos voorgeskryf, ³¹ asook een bokram as reinigingsoffer — dit is afgesien van die gereelde brandoffer en die bypassende graanoffer en drankoffers.

³² “ ‘Op die sewende dag is dit sewe bulle, twee ramme en veertien jaaroud ramlammers sonder gebrek, ³³ met die bypassende graanoffer en drankoffers vir die bulle, die ramme en die ramlammers, met die hoeveelhede soos voorgeskryf, ³⁴ asook een bokram as reinigingsoffer — dit is afgesien van die gereelde brandoffer met sy bypassende graanoffer en drankoffer.

³⁵ “ ‘Die agtste dag moet vir julle 'n gewyde rusdag wees. Julle mag geen gewone take verrig nie. ³⁶ Julle moet 'n brandoffer, 'n offergawe met 'n aangename geur vir die HERE aanbied: een bul, een ram en sewe jaaroud ramlammers sonder gebrek, ³⁷ met die bypassende graanoffer en drankoffers vir die bul, die ram en die ramlammers, met die

hoeveelhede soos voorgeskryf, ³⁸ asook een bokram as reinigingsoffer — dit is afgesien van die gereelde brandoffer met sy bypassende graanoffer en drankoffer.

³⁹ * “Dit is wat julle, afgesien van julle gelofte-offers en julle vrywillige gawes, vir die HERE moet offer op julle vasgestelde feestye, naamlik julle •brandoffers, julle •graanoffers, julle •drankoffers en julle maaltydoffers.^w ” ⁴⁰ Moses het vir die Israeliete gesê presies wat die HERE hom beveel het.

30

Geloftes van vroue

¹ Moses het met die stamhoofde van die Israeliete gepraat en gesê: “Dit is wat die HERE beveel het: ² * As 'n man aan die HERE 'n gelofte doen, of as hy 'n eed aflê om te hou by 'n onderneming wat hy gegee het, mag hy sy belofte nie verbreek nie. Alles wat oor sy lippe gekom het,^x moet hy doen.

³ “Wanneer 'n vrou 'n gelofte aan die HERE doen en haar in haar jeug aan die onthouding van iets bind terwyl sy in die huis van haar pa is, ⁴ en haar pa hoor van haar gelofte en die verpligting tot onthouding wat sy op haarself geneem het, maar haar pa bly stil teenoor haar, dan geld al haar geloftes; en elke verbintenis wat sy op haarself geneem het, geld.

*29:39-40 Lev 23:44

^w29:39 maaltydoffers: Diereoffers (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekam, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet.

*30:2 Deut 23:21; Rig 11:35; Ps 50:14; Pred 5:3-4; Matt 5:33-37; 14:9; Hand 23:14

^x30:2 Alles ... gekom het: Die Hebreuse idioom kan vertaal word: “alles wat uit sy mond uitgegaan het”.

⁵ “Maar as haar pa teenoor haar sy afkeuring uitspreek op die dag wat hy daarvan hoor, is al haar geloftes en verpligtinge wat sy op haarself geneem het, nie geldig nie. Die HERE sal haar vergewe, omdat haar pa sy afkeuring teenoor haar uitgespreek het.

⁶ “*As sy wel trou terwyl haar geloftes of 'n onbesonne uitspraak waarmee sy 'n verpligting op haar geneem het, nog op haar rus, ⁷ en haar man daarvan hoor en teenoor haar stilbly op die dag wat hy daarvan hoor, dan bly haar geloftes geldig. Die verpligtinge wat sy op haarself geneem het, geld steeds. ⁸ *Maar as haar man teenoor haar sy afkeuring uitspreek op die dag wat hy daarvan hoor, dan maak hy die gelofte wat op haar rus en die onbesonne uitspraak waarmee sy haarself gebind het, ongeldig; en die HERE sal haar vergewe.

⁹ “Wat betref die gelofte van 'n weduwee of vrou wat verstoot is: Alles wat sy op haarself geneem het, bly vir haar geldig.

¹⁰ * “As 'n vrou in die huis van haar man 'n gelofte aflê of haarself met 'n eed verbind, ¹¹ en haar man hoor daarvan en hy bly stil teenoor haar, hy spreek nie sy afkeuring teenoor haar uit nie, dan geld al haar geloftes, ja, elke verpligting wat sy op haar geneem het, bly geldig.

¹² Maar as haar man dit uitdruklik ongeldig verklaar die dag wat hy dit hoor, sal alles wat oor haar lippe kom — haar geloftes en haar selfverpligting — nie geld nie. Haar man het dit ongeldig gemaak, en die HERE sal haar vergewe. ¹³ Enige gelofte of enige eed wat haar verplig tot verootmoediging — haar man kan dit geldig verklaar of haar man kan dit ongeldig verklaar. ¹⁴ As haar man tot die volgende dag doodstil bly teenoor haar, dan maak hy al haar geloftes, of al die verpligtinge wat sy op haar geneem het, geldig, omdat hy stilgebly het teenoor haar

***30:6** Lev 5:4; 1 Sam 1:11; Ps 56:13

***30:8** 1 Sam 1:23

***30:10** Jer 44:25

op die dag wat hy dit gehoor het. ¹⁵*Maar as hy dit uitdruklik ongeldig verklaar nadat hy dit gehoor het, dan sal hy haar skuld dra.”

¹⁶Dit is die vaste voorskrifte wat die HERE Moses beveel het met betrekking tot 'n man en sy vrou, en 'n pa en sy dogter terwyl sy in haar jeug nog in haar pa se huis is.

31

Oorwinning oor die Midianiete

¹Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ²*“Vergeld die onreg wat die Israeliete aangedoen is deur die Midianiete. Daarna sal jy met jou mense verenig word.” ³*Moses het toe met die volk gepraat en gesê: “Van die manne onder julle moet hulleself bewapen vir die stryd, sodat hulle teen Midian kan optrek om die vergelding van die HERE oor Midian te voltrek. ⁴'n Duisend man uit elkeen van die stamme van Israel moet julle stuur vir die stryd.”

⁵Uit die leërafdelings van Israel is 'n duisend man per stam gekies — twaalfduisend wat gewapen was vir oorlog. ⁶*Moses het hulle, die duisend uit elke stam, gestuur op die veldtog, hulle en Pinehas, seun van die priester Eleasar. Vir die veldtog het Pinehas die heilige voorwerpe^y en die trompette vir die waarskuwingsein by hom gehad.

⁷*Hulle het teen Midian gaan veg, soos die HERE Moses beveel het, en

*30:15 Lev 5:1; Num 30:5

*31:2 Num 25:17-18; 27:13-14

*31:3 Ps 94:1; Jer 11:20

*31:6 Num 10:6,9; 25:7

^y31:6 heilige voorwerpe: Dit verwys waarskynlik na die urim en tummim; vgl Num 27:20-21.

*31:7 Deut 20:13; Rig 21:11; 1 Kon 11:15-16

al die manlike persone doodgemaak. ⁸ *Hulle het selfs die konings van Midian doodgemaak. Onder die gesneuweldes was Ewi, Rekem, Sur, Gur en Reba, die vyf konings van Midian. Ook Bileam, seun van Beor, het hulle met die swaard doodgemaak. ⁹ *Maar die Israeliete het die vroue van Midian en hulle kinders gevange geneem. Al hulle diere, al hulle lewende hawe en al hulle besittings het hulle buitgemaak. ¹⁰ Al hulle dorpe waarin hulle gewoon het en al hulle kampe het die Israeliete verbrand, ¹¹ maar alles wat gestroop is en al die oorlogsbuit, mense en diere, het hulle saamgevat. ¹² *Hulle het die gevangenes, die oorlogsbuit en alles wat gestroop is, na Moses, die priester Eleasar en die volksvergadering^z van die Israeliete gebring in die kamp, in die vlaktes van Moab by die Jordaan, teenoor Jerigo.

¹³ Moses, die priester Eleasar en al die leiers^a van die volksvergadering het uitgegaan om hulle buite die kamp te ontmoet. ¹⁴ Moses was woedend vir die bevelvoerders van die leër, die aanvoerders van duisend en die aanvoerders van honderd, wat van die militêre veldtog teruggekeer het. ¹⁵ Moses het vir hulle gesê: “Het julle die vroue almal laat lewe? ¹⁶ *Kyk, dit is juis hulle wat, op advies van Bileam, met die gebeure by Peor, vir die Israeliete die rede geword het om ontrou te bedryf^b teenoor die HERE, sodat daar 'n plaag in die volksvergadering

***31:8** Jos 13:21-22

***31:9** Deut 20:13-14

***31:12** Num 31:32,35,53

^z**31:12 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

^a**31:13 leiers:** In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

***31:16** Num 25:2,6; 2 Pet 2; Jud vs 11; Op 2:14

^b**31:16 ontrou te bedryf:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

van die HERE uitgebreek het. ¹⁷ *Maak dan nou elke manlike kind dood. Maak ook elke vrou dood wat met 'n man gemeenskap gehad het, ¹⁸ maar spaar vir julleself al die meisies wat nog nie met 'n man gemeenskap gehad het nie. ¹⁹ *Almal van julle wat iemand doodgemaak het, en almal wat aan 'n gesneuwelde geraak het, moet vir sewe dae buite die kamp tent opslaan. Op die derde en op die sewende dag moet julle julleself reinig — julle en julle gevangenes. ²⁰ Elke kledingstuk, elke artikel van leer, alles wat van bokhaar gemaak is en elke artikel van hout moet julle reinig.”

²¹ Die priester Eleasar het vir die krygsmanne wat oorlog toe gegaan het, gesê: “Die volgende is 'n vaste wetlike voorskrif wat die HERE Moses gegee het, ²² ‘Net die goud en silwer, die brons, yster, tin en lood ²³ — elke voorwerp wat teen vuur bestand is — moet julle deur die vuur laat gaan; dan sal dit rein^c wees. Maar dit moet ook met reinigingswater gereinig word. Ook alles wat nie vuurbestand is nie, moet julle deur die water laat gaan. ²⁴ Julle moet julle klere op die sewende dag was, dan sal julle rein wees. Daarna kan julle in die kamp inkom.’ ”

²⁵ Die HERE het vir Moses gesê: ²⁶ “Stel 'n lys saam van die oorlogsbuit — van die mense en diere wat gevange geneem is — jy en die priester Eleasar, asook die familiehoofde van die volksvergadering.^d ²⁷ *Verdeel dan die oorlogsbuit in die helfte tussen dié wat in die geveg betrokke was, wat uitgetrek het vir die stryd, en die hele volksvergadering. ²⁸ *Vorder vir die HERE 'n bydrae in van die weerbare manne wat

*31:17-18 Deut 7:2; 20:13-14,16-18; Rig 21:11-12

*31:19-20 Lev 11:32; Num 19:11-20

^c31:23 rein: •Rein en onrein.

^d31:26 volksvergadering: Vgl voetnoot in Num 31:12.

*31:27 Jos 22:8; 1 Sam 30:24

*31:28 Num 18:26; 31:30-41,47

uitgetrek het vir die stryd: een uit elke vyfhonderd van die mense, van die beeste, van die donkies en van die kleinvee. ²⁹ Uit hulle helfte moet julle dit neem en dit vir die priester Eleasar gee, as 'n wydingsgeskenk^e vir die HERE. ³⁰ Uit die helfte-aandeel van die Israeliete, moet jy een uit vyftig neem van die mense, die beeste, die donkies, die kleinvee, van al die diere. Jy moet dit vir die Leviete gee wat hulle verpligtinge by die •tabernakel van die HERE nakom.” ³¹ *Moses en die priester Eleasar het toe gedoen wat die HERE Moses beveel het.

³² Die oorlogsbuit wat nog oor was van die goedere wat die manskappe geroof het, was:

seshonderd vyf-en-sewentigduisend stuks kleinvee,

³³ twee-en-sewentigduisend beeste,

³⁴ een-en-sestigduisend donkies.

³⁵ En wat die mense betref: Van die vroue wat nog nie met 'n man gemeenskap gehad het nie, was daar twee-en-dertigduisend.

³⁶ *Die helfte, die deel van dié wat aan die stryd deelgeneem het, se getalle was:

kleinvee — driehonderd sewe-en-dertigduisend vyfhonderd,

³⁷ en die bydrae vir die HERE uit die kleinvee was seshonderd vyf-en-sewentig;

³⁸ beeste — ses-en-dertigduisend,

en die bydrae vir die HERE was twee-en-sewentig;

^e**31:29 wydingsgeskenk:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

***31:31-35** Num 31:25

***31:36-40** Num 31:27-28

³⁹ donkies — dertigduisend vyfhonderd,
en die bydrae vir die HERE was een-en-sestig;

⁴⁰ mense — sestienduisend,
en die bydrae vir die HERE was twee-en-dertig persone.

⁴¹ *Moses het die bydrae, die wydingsgeskenk aan die HERE, vir die priester Eleasar gegee, soos die HERE Moses beveel het.

⁴² Wat betref die helfte-aandeel van die Israeliete, dit wat Moses van die manne wat gaan veg het, eenkant gehou het:

⁴³ Die helfte-aandeel van die volksvergadering was:
driehonderd sewe-en-dertigduisend vyfhonderd stuks kleinvee,
⁴⁴ ses-en-dertigduisend beeste,
⁴⁵ dertigduisend vyfhonderd donkies
⁴⁶ en sestienduisend mense.

⁴⁷ *Moses het uit die helfte-aandeel van die Israeliete, dit wat teruggehou is, een uit vyftig van die mense en van die diere geneem en hulle vir die Leviete gegee wat verpligtinge nagekom het by die tabernakel van die HERE, soos wat die HERE Moses beveel het.

⁴⁸ Die bevelvoerders wat oor die leërafdelings was, die aanvoerders van duisend en die aanvoerders van honderd, het Moses genader ⁴⁹ en vir hom gesê: “U dienaars het 'n hoofdelike telling gehou^f van die weerbare manne wat onder ons bevel staan, en nie een van hulle word vermis nie. ⁵⁰ *Daarom bied elkeen van ons wat goue voorwerpe gevind het, 'n offer vir die HERE aan — armkettinkies, armbande, ringe,

***31:41** Num 18:8,19

***31:47-49** Num 31:29-30

^f**31:49** het ... **gehou**: Letterlik ‘het die koppe gelig’. Dit verwys na die koppe van die weerbare manne wat getel is.

***31:50** Eks 30:12-16

oorringe en halskettings — om voor die HERE vir ons lewens versoening te doen.^g ⁵¹ Moses en die priester Eleasar het die goud van hulle geneem, al die smeerwerk. ⁵² Al die goud van die wydingsgeskenk wat hulle aan die HERE afgestaan het, was sestienduisend sewehonderd-en-vyftig sikkel.^h Dit was afkomstig van die aanvoerders van duisend en die aanvoerders van honderd. ⁵³ *Die krygsmanne het elkeen vir homself ook buit geneem. ⁵⁴ *Moses en die priester Eleasar het die goud in ontvangs geneem van die aanvoerders van duisend en van honderd. Hulle het dit in die Tent van Ontmoeting ingeneem om voor die HERE te dien as 'n herinnering aan die Israeliete.

32

Verdeling van die land oos van die Jordaan

¹ **Die nageslag van Ruben en Gad het baie vee gehad, besonder baie. Toe hulle die landstreek Jaser en die landstreek Gilead sien — en kyk, die gebied was 'n plek vir vee — ² het die nageslag van Gad en die nageslag van Ruben gekom en vir Moses, die priester Eleasar en die leiersⁱ van die volksvergadering^j gesê: ³ “Atarot, Dibon, Jaser, Nimra,

^g**31:50 lewens ... doen:** Dit was lewensgevaarlik om 'n sensus van weerbare manne te hou as God nie daartoe opdrag gegee het nie; vgl 2 Sam 24.

^h**31:52 16 750 sikkel:** Ongeveer 191 kg; •Geldeenhede.

***31:53** Deut 20:14

***31:54** Eks 30:16

***32:1-42** Num 34:14-15; Deut 3:12-20; 29:8

***32:1** Num 21:32; 32:24,35-36; Jos 13:24-25

ⁱ**32:2 leiers:** In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

^j**32:2 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

Gesbon, Elale, Sibma, Nebo* en Beon,^k ⁴ die gebied wat die HERE voor die oë van die volksvergadering van Israel vernietig het, dit is 'n land vir vee, en u dienaars het vee.” ⁵ Hulle het ook gesê: “As ons guns vind in u oë, gee dan hierdie gebied vir u dienaars as erfgrond. Moet ons nie die Jordaan laat oorsteek nie.”

⁶ Moses het vir die nageslag van Gad en Ruben gesê: “Moet julle broers oorlog toe gaan terwyl julle hier bly? ⁷ Waarom wil julle die Israeliete ontmoedig om deur te trek na die land wat die HERE vir hulle gegee het? ⁸ * Julle voorvaders het net so gemaak toe ek hulle van Kades-Barnea¹ af gestuur het om die land deur te kyk. ⁹ Hulle het opgetrek tot by die Eskoldal en die land deurgekyk; maar hulle het die Israeliete ontmoedig, sodat hulle nie na die land gegaan het wat die HERE vir hulle gegee het nie. ¹⁰ Die HERE het op daardie dag kwaad geword en 'n eed afgelê, ¹¹ ‘Die manne van twintig jaar en ouer, wat uit Egipte opgetrek het, sal nie die land sien wat Ek met 'n eed aan Abraham, Isak en Jakob beloof het nie; want hulle het My nie met volharding gevolg nie, ¹² behalwe Kaleb, seun van Jefunne, van die Kenasstam, en Josua, seun van Nun; want hulle het die HERE met volharding gevolg.’ ¹³ * Die HERE het kwaad geword vir Israel en het hulle veertig jaar lank in die woestyn^m laat rondswerf, totdat nie een meer oorgebly het van die hele

***32:3 Nebo:** Deut 32:49-50

^k**32:3 Beon:** Die naam is waarskynlik 'n sametrekking van Bet-Baäl-Meon, ook genoem Baäl-Meon; vgl Num 32:38.

***32:8-12** Num 13:17-33; 14:20-35; Deut 1:34-36

¹**32:8 Kades-Barnea:** Kades was 'n oase met verskeie fonteine, ongeveer 80 km suid-suidwes van Berseba. Die oorsprong en betekenis van die naam Barnea is onbekend.

***32:13** Num 14:33; 26:64-65

^m**32:13 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

geslag wat gedoen het wat verkeerd is in die oë van die HERE nie. ¹⁴ En kyk, julle het in die plek van julle voorvaders gaan staan, julle sondige geslag, om die brandende toorn van die HERE teen Israel nog erger te maak.^{n 15} *As julle ophou om Hom te volg, sal Hy julle weer in die woestyn agterlaat, en julle sal die ondergang van hierdie hele volk veroorsaak.”

¹⁶ Maar hulle het tot by hom gekom en gesê: “Veekrale sal ons hier bou vir ons diere en stede vir ons afhanklikes. ¹⁷ Maar ons, ons sal ons in slagorde bewapen^o aan die voorpunt van die Israeliete, totdat ons hulle by hulle plek gebring het, terwyl ons afhanklikes in die vestingstede bly woon vanweë die inwoners van die land. ¹⁸ Ons sal nie na ons huise terugkeer nie, totdat elkeen van die Israeliete sy erfdeel volledig besit; ¹⁹ want ons wil nie saam met hulle 'n erfdeel hê oorkant die Jordaan en verder weg nie. Nee, ons erfdeel het ons aan die oostekant van die Jordaan toegeval.”

²⁰ *Toe sê Moses vir hulle: “As julle hierdie saak so aanpak, as julle voor die HERE julle vir die geveg bewapen, ²¹ en elke gewapende man onder julle, voor die HERE^p uit, die Jordaan oorsteek totdat Hy sy vyande voor Hom verdryf het ²² en die land voor die HERE onderwerp is, kan julle daarná terugkeer. Julle sal dan sonder blaam wees teenoor die HERE en teenoor Israel, en hierdie gebied sal in die oë van die HERE vir julle erfgrond wees. ²³ Maar as julle nie so optree nie; kyk, dan het julle teen die HERE gesondig. Julle moet besef: Julle sonde sal julle inhaal.

ⁿ**32:14 erger te maak:** Hierdie lesing is verkry deur wysiging van vokale en volg die •Septuagint en ander vroeë vertalings. Die •bronteks lui: “weg te neem”.

***32:15** 2 Kron 7:19-20

^o**32:17 in slagorde bewapen:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui: “gou bewapen”.

***32:20-24** Deut 3:18-20; Jos 1:13; 4:12

^p**32:21 voor die HERE:** Dit verwys na die verbondsark; vgl Jos 6:7.

²⁴ Bou self stede vir julle afhanklikes, en krale vir julle kleinvee; maar wat oor julle lippe gekom het,^q moet julle uitvoer.”

²⁵ Die nageslag van Gad en Ruben het vir Moses gesê: “U dienaars sal doen wat my heer beveel. ²⁶ Ons afhanklikes, ons vroue, ons vee en al ons diere sal daar in die stede van Gilead bly; ²⁷ maar u dienaars, elkeen wat gewapen is vir oorlog, sal oortrek voor die HERE uit, soos my heer sê.”

²⁸ *Daarop het Moses oor hulle opdragte gegee aan die priester Eleasar en aan Josua, seun van Nun, asook aan die familiehoofde van die Israelitiese stamme. ²⁹ Moses het vir hulle gesê: “As die nageslag van Gad en Ruben saam met julle die Jordaan oorsteek, elkeen wat gewapen is vir die geveg voor die HERE, en die land voor julle onderwerp is, moet julle vir hulle die land Gilead gee as erfgrond. ³⁰ Maar as hulle nie gewapen saam met julle oortrek nie, moet hulle tussen julle erfgrond kry in die land Kanaän.”

³¹ *Die nageslag van Gad en Ruben het daarop gereageer en gesê: “Wat die HERE aan u dienaars gesê het, sal ons doen. ³² Ons sal gewapen voor die HERE na die land Kanaän oortrek, maar ons sal ons onvervreembare erfgrond oos van die Jordaan behou.”

³³ Moses het toe vir die nageslag van Gad en Ruben en die halwe stam van Manasse, seun van Josef, die koninkryk van Sihon, koning van die Amoriëte, en die koninkryk van Og, koning van Basan, gegee — die gebied volgens sy stede, met die omliggende grond van die stede in die gebied. ³⁴ *Die nageslag van Gad het Dibon, Atarot en Aroër herbou,

^q**32:24 wat ... gekom het:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word: “wat uit julle monde uitgegaan het”.

***32:28-30** Num 34:17

***32:31-32** Num 32:17,19,29-30; Jos 12:6

***32:34-38** Num 32:2-3; 34:14; Deut 29:8; Jos 13:24-28; Jer 48:1,23

³⁵ ook Atrot-Sofan, Jaser, Jogboha, ³⁶ Bet-Nimra en Bet-Haran — vestingstede met skaapkrale. ³⁷ Die nageslag van Ruben het Gesbon, Elale en Kirjatajim herbou, ³⁸ asook Nebo, Baäl-Meon — waarvan die name verander is — en Sibma. Hulle het al die name van die stede wat hulle herbou het, verander.

³⁹ *Die nageslag van Makir, seun van Manasse, het na Gilead gegaan. Hulle het dit verower en die Amoriete wat daarin was, verdryf. ⁴⁰ Moses het toe Gilead vir Makir, seun van Manasse, gegee en hy het daar gaan woon.

⁴¹ Jaïr, seun van Manasse, het gegaan en die tentdorpe van die Amoriete^r ingeneem. Hy het dit Gawwoot-Jaïr^s genoem. ⁴² Nobag het gegaan en Kenat en omliggende dorpies ingeneem. Hy het dit sy eie naam, Nobag, gegee.

33

Trekroete tussen Egipte en Kanaän

¹ Dit is die trekskofte van die Israeliete wat onder leiding van Moses en Aäron, in hulle leërafdelings uit Egipteland weggetrek het. ² Moses het in opdrag van die HERE die vertrekpunte van hulle trekskofte neergeskryf.* Dit is dan hulle trekskofte volgens die vertrekpunte:

³ *Hulle het van Rameses af weggetrek in die eerste maand — op die vyftiende dag van die eerste maand. Die dag ná die Pasga het die Israeliete uitgetrek — gelei deur 'n verhewe hand, voor die oë van

***32:39-42** Deut 3:13-15; Jos 13:31; 17:1; Rig 10:4

^r**32:41** tentdorpe ... Amoriete: Die bronteks lui: “hulle tentdorpe”.

^s**32:41** Gawwoot-Jaïr: Die naam beteken ‘tentdorpe van Jaïr’.

***33:2** Moses ... neergeskryf: Eks 24:4

***33:3** Gen 47:11; Eks 13:4; 14:8

- al die Egiptenare. ⁴ *Die Egiptenare was besig om al die eersgeborenes onder hulle wat deur die HERE getref is, te begrawe. Die HERE het ook oor hulle gode oordele voltrek. ⁵ *Die Israëliete het toe van Rameses af weggetrek en by Sukkot kamp opgeslaan.
- ⁶ Hulle het van Sukkot af weggetrek en by Etam,^t op die rand van die woestyn,^u kamp opgeslaan.
- ⁷ Hulle het van Etam af weggetrek, teruggedraai na Pi-Hagirot wat oos van Baäl-Sefon lê, en kamp opgeslaan voor Migdol.
- ⁸ *Hulle het by Pi-Hagirot^v weggetrek en dwarsdeur die see na die woestyn getrek. Hulle het drie dagreise ver die Etamwoestyn^w ingetrek en kamp opgeslaan by Mara.
- ⁹ Hulle het van Mara af weggetrek en by Elim aangekom. By Elim was daar twaalf fonteine en sewentig dadelpalms. Daar het hulle kamp opgeslaan.
- ¹⁰ Hulle het van Elim af weggetrek en kamp opgeslaan by die Rietsee.^x
- ¹¹ Hulle het van die Rietsee af weggetrek en kamp opgeslaan in die Sinwoestyn.^y

***33:4** Eks 12:12

***33:5-15** Eks 12:37 — 19:2

^t**33:6 Etam:** Dit was waarskynlik 'n grenspos op die oosgrens van Egipte.

^u**33:6 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***33:8** Eks 14:22; 15:22-23

^v**33:8 by Pi-Hagirot:** Die Samaritaanse Pentateug en baie Hebreuse mss word hier gevolg. Die •bronteks lui: “van voor Hagirot”.

^w**33:8 Etamwoestyn:** Die woestyng gebied oos van Etam.

^x**33:10 Rietsee:** In die OT word die Hebreuse pleknaam vertaal as: “Rietsee”. Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit as: “•Rooisee”.

^y**33:11 Sinwoestyn:** Daar is onsekerheid oor die ligging van die Sinwoestyn. Dit was waarskynlik die gebied langs die westelike rand van die Sinaiplato.

- ¹² Hulle het van die Sinwoestyn af weggetrek en kamp opgeslaan by Dofka.
- ¹³ Hulle het van Dofka af weggetrek en kamp opgeslaan by Alus.
- ¹⁴ Hulle het van Alus af weggetrek en kamp opgeslaan by Refidim.
Daar was nie water vir die volk om te drink nie.
- ¹⁵ Hulle het van Refidim af weggetrek en kamp opgeslaan in die Sinaiwoestyn.
- ¹⁶ *Hulle het van die Sinaiwoestyn af weggetrek en kamp opgeslaan by Kibrot-Taäwa.
- ¹⁷ Hulle het van Kibrot-Taäwa af weggetrek en kamp opgeslaan by Gaserot.
- ¹⁸ *Hulle het van Gaserot af weggetrek en kamp opgeslaan by Ritma.
- ¹⁹ Hulle het van Ritma af weggetrek en kamp opgeslaan by Rimmon-Peres.
- ²⁰ Hulle het van Rimmon-Peres af weggetrek en kamp opgeslaan by Libna.
- ²¹ Hulle het van Libna af weggetrek en kamp opgeslaan by Rissa.
- ²² Hulle het van Rissa af weggetrek en kamp opgeslaan by Kehelata.
- ²³ Hulle het van Kehelata af weggetrek en kamp opgeslaan by Har-Sefer.
- ²⁴ Hulle het van Har-Sefer af weggetrek en kamp opgeslaan by Garada.
- ²⁵ Hulle het van Garada af weggetrek en kamp opgeslaan by Makhelot.
- ²⁶ Hulle het van Makhelot af weggetrek en kamp opgeslaan by Tagat.
- ²⁷ Hulle het van Tagat af weggetrek en kamp opgeslaan by Terag.
- ²⁸ Hulle het van Terag af weggetrek en kamp opgeslaan by Mitka.
- ²⁹ Hulle het van Mitka af weggetrek en kamp opgeslaan by Gasmona.
- ³⁰ Hulle het van Gasmona af weggetrek en kamp opgeslaan by Moserot.

*33:16-17 Num 11:34-35

*33:18 Num 12:16

³¹ *Hulle het van Moserot af weggetrek en kamp opgeslaan by Bene-Jaäkan.

³² Hulle het van Bene-Jaäkan af weggetrek en kamp opgeslaan by Gor-Gidgad.

³³ Hulle het van Gor-Gidgad af weggetrek en kamp opgeslaan by Jotbata.

³⁴ Hulle het van Jotbata af weggetrek en kamp opgeslaan by Abrona.

³⁵ *Hulle het van Abrona af weggetrek en kamp opgeslaan by Es-jon-Geber.

³⁶ *Hulle het van Es-jon-Geber af weggetrek en kamp opgeslaan in die Tsinwoestyn,^z dit is by Kades.^a

³⁷ Hulle het van Kades af weggetrek en kamp opgeslaan by die berg Hor aan die grens van die land Edom.

³⁸ Die priester Aäron het op bevel van die HERE die berg Hor uitgeklim en daar gesterf in die vyfde maand, op die eerste van die maand, in die veertigste jaar ná die Israeliete se uittog uit Egipteland. ³⁹ Aäron was honderd drie-en-twintig jaar oud toe hy op die berg Hor gesterf het. ⁴⁰ *Die Kanaänitiese koning van Arad, die een wat in die Negev,^b in die land Kanaän, gewoon het, het toe

***33:31-33** Deut 10:6-7

***33:35** Deut 2:8

***33:36-39** Num 20:1 — 21:3

^z**33:36 Tsinwoestyn:** 'n Gebied noord van die Paranwoestyn met Kades op die grens van albei. Dit was geleë langs die suid-oostelike grens van Juda; vgl Num 34:3.

^a**33:36 Kades:** 'n Oase met verskeie fonteine, ongeveer 80 km suid-suidwes van Berseba.

***33:40** Num 21:1-3

^b**33:40 Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

gehoor dat die Israeliete aan die kom was.

⁴¹ Hulle het van die berg Hor af weggetrek en kamp opgeslaan by Salmona.

⁴² Hulle het van Salmona af weggetrek en kamp opgeslaan by Punon.

⁴³ *Hulle het van Punon af weggetrek en kamp opgeslaan by Obot.

⁴⁴ Hulle het van Obot af weggetrek en kamp opgeslaan by Ije-Abarim op die grens van Moab.

⁴⁵ Hulle het van Ije-Abarim af weggetrek en kamp opgeslaan by Dibon-Gad.

⁴⁶ Hulle het van Dibon-Gad af weggetrek en kamp opgeslaan by Almon-Diblatajim.

⁴⁷ Hulle het van Almon-Diblatajim af weggetrek en kamp opgeslaan by die Abarimberge voor Nebo.*

⁴⁸ *Hulle het van die Abarimberge af weggetrek en kamp opgeslaan in die vlaktes van Moab, by die Jordaan, teenoor Jerigo. ⁴⁹ Hulle het kamp opgeslaan in die vlaktes van Moab, by die Jordaan, van Bet-Jesimot af tot by Abel-Sittim.

Opdragte oor die inname van Kanaän

⁵⁰ *Die HERE het met Moses gepraat in die vlaktes van Moab, by die Jordaan, teenoor Jerigo, en gesê: ⁵¹ “*Praat met die Israeliete en sê vir hulle, ‘Wanneer julle die Jordaan oorsteek na die land Kanaän, ⁵² moet julle al die inwoners van die land voor julle uit verdryf en al hulle

***33:43-45** Num 21:10-11

***33:47 Nebo:** Deut 32:49-50

***33:48** Num 22:1

***33:50** Num 35:1; 36:13

***33:51-52** Eks 23:23-33; 34:11-16; Deut 7:1-4; 12:2-3

afbeeldings vernietig. Al die namaaksels van hulle gegote beelde^c moet julle vernietig, en al hulle hoogtes^d moet julle verwoes. ⁵³ Dan moet julle die land in besit neem en daarin woon, want aan julle het Ek die land gegee om dit te besit. ⁵⁴ * Julle moet die land onder mekaar verdeel deur loting. Volgens julle familiegroepe moet julle vir dié wat baie is, 'n groter erfdeel gee; vir dié wat min is, moet jy 'n kleiner erfdeel gee. Waar die lot ook al vir iemand val, dit sal syne wees. Volgens die stamme van julle voorvaders moet julle dit onder mekaar verdeel.

⁵⁵ “ ‘As julle egter nie die inwoners van die land voor julle uit verdryf nie, sal dié van hulle wat julle laat oorbly, soos splinters wees in julle oë en soos dorings in julle sye. Hulle sal julle aanval in die land waar julle woon. ⁵⁶ * En dan, wat Ek beplan het om aan hulle te doen, sal Ek aan julle doen.’ ”

34

Grense van Kanaän

¹ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ² “*Gee die Israeliete opdrag en sê vir hulle, ‘Wanneer julle in die land Kanaän aankom, is dít die grondgebied wat aan julle as erfenis toeval* — die land Kanaän met sy grense:

^c**33:52 gegote beelde:** Dit verwys ook na houtbeelde, oorgetrek met goud- of silwerfoelie.

^d**33:52 hulle hoogtes:** Offerplekke waar die vrugbaarheidsgode gedien is.

***33:54** Num 26:52-56

***33:56** Num 14:28

***34:2** Gen 17:8; Eks 3:8; Deut 1:8

***34:2 as ... toeval:** Num 33:54

³ “^{*} Aan die suidekant sal julle gebied in die Tsinwoestyn^e al langs Edom lê. Julle suidelike grens sal in die ooste vanaf die punt van die •Soutsee^f wees. ⁴ Dan swaai julle grens suid van Skerpioenhoogte en gaan oor na Tsin.^g Die verste punt lê suid van Kades-Barnea^h dit loop verder na Gasar-Addar en dan oor na Asmon. ⁵ Die grens swaai dan van Asmon af na die Spruit van Egipte,ⁱ en die verste punt is die see.^j

⁶ “^{*} Wat die westelike grens betref: Dit moet vir julle die Groot See^k en die kusgebied wees. Dit sal vir julle die westelike grens wees.

⁷ “^{*} En dít sal vir julle die noordelike grens wees: Vanaf die Groot See moet julle vir julle 'n lyn trek na die berg Hor, ⁸ en vanaf die berg Hor moet julle weer 'n lyn trek na Lebo-Hamat. Die verste punt van die grens moet by Sedad wees. ⁹ Die grens strek verder na Sifron, en sy verste punt is Gasar-Enan. Dit sal julle noordelike grens wees.

¹⁰ * “^{*} Vir die oostelike grens moet julle vir julle 'n lyn trek vanaf Gasar-Enan na Sefam. ¹¹ Van Sefam af loop die grens af na Ribla, aan die oostekant van Ajin. Dan daal die grens verder af en loop al langs die

***34:3-5** Gen 15:18-21; Jos 15:2-4; Eseg 47:19

^e**34:3 Tsinwoestyn:** 'n Gebied noord van die Paranwoestyn met Kades op die grens van albei.

^f**34:3 Soutsee:** Die Hebreeuse naam vir die Dooie See; vgl Jos 3:16.

^g**34:4 Tsin:** Die naam van 'n plek of gebied in die Tsinwoestyn.

^h**34:4 Kades-Barnea:** Kades was 'n oase met verskeie fonteine, ongeveer 80 km suid-suidwes van Berseba. Die oorsprong en betekenis van die naam Barnea is onbekend.

ⁱ**34:5 Spruit van Egipte:** Dit is 'n diep seisoenale spruit wat 'n natuurlike grens vorm tussen die Negev en die Sinai-skiereiland, Jos 15:4.

^j**34:5 die see:** Dit verwys na die Middellandse See; vgl Num 34:6.

***34:6** Jos 15:12; Eseg 47:20

^k**34:6 Groot See:** Die Middellandse See.

***34:7-9** Eseg 47:15-17

***34:10-12** Deut 3:17; Jos 15:5; Eseg 47:18

berghange oos van die Gennesaretmeer. ¹² Daarna daal die grens af na die Jordaan, met die verste punt by die Soutsee.¹ Dit sal julle land wees volgens sy grense aan alle kante.’ ”

¹³ *Moses het die Israeliete beveel: “Dit is die land wat julle deur loting onder mekaar as erfenis moet verdeel, wat die HERE beveel het om aan die nege-en-'n-halwe stamme te gee. ¹⁴ Want die stam van die nageslag van Ruben het, volgens hulle families, hulle deel ontvang, en die stam van die nageslag van Gad, volgens hulle families. Ook die halwe stam van Manasse het hulle erfdeel ontvang. ¹⁵ Die twee-en-'n-halwe stamme, hulle het hulle erfdeel ontvang oorkant die Jordaan, teenoor Jerigo, ooswaarts na waar die son opkom.”

¹⁶ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ¹⁷ “*Dit is die name van die manne wat vir julle die land as erfenis moet toewys: die priester Eleasar en Josua, seun van Nun. ¹⁸ *Een leier^m uit elke stam moet julle neem om die land as erfenis toe te wys. ¹⁹ *Dit is die name van die manne:

“vir die stam Juda:

Kaleb, seun van Jefunne;

²⁰ vir die stam van die nageslag van Simeon:

Samuel, seun van Ammihud;

²¹ vir die stam Benjamin:

Elidad, seun van Kislou;

²² vir die stam van die nageslag van Dan:

as leier Bukki, seun van Jogli;

¹**34:12 Soutsee:** Vgl voetnoot in Num 34:3.

***34:13-15** Num 26:52-56; 32:1-42

***34:17** Num 32:28-30; Jos 19:51

***34:18** Num 1:4; Jos 14:1

^m**34:18 leier:** In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

***34:19-28** Gen 35:23-26; Num 13:4-15

²³ wat die nageslag van Josef betref:
vir die stam van die nageslag van Manasse:
as leier Ganniël, seun van Efod;
²⁴ en vir stam van die nageslag van Efraim:
as leier Kemuel, seun van Siftan;
²⁵ vir die stam van die nageslag van Sebulon:
as leier Elisafan, seun van Parnak;
²⁶ vir stam van die nageslag van Issaskar:
as leier Paltiël, seun van Assan;
²⁷ vir die stam van die nageslag van Aser:
as leier Agihud, seun van Selomi;
²⁸ vir die stam van die nageslag van Naftali:
as leier Pedaël, seun van Ammihud.”

²⁹ Dit is hulle vir wie die HERE opdrag gegee het om aan die Israëliete hulle erfenis toe te wys in die land Kanaän.

35

Stede vir Leviëte

¹ *Die HERE het met Moses gepraat in die vlaktes van Moab, by die Jordaan, teenoor Jerigo. Hy het gesê: ² *²“Gee die Israëliete opdrag dat hulle vir die Leviëte van hulle onvervreembare erfgrond moet gee as stede om in te woon. Julle moet ook meentgrond rondom hulle stede vir die Leviëte gee. ³ *Die stede is vir hulle om in te woon, en die

*35:1 Num 22:1

*35:2-8 Lev 25:32-34; Jos 14:4; 21:1-42; 1 Kron 6:54-81

*35:3 2 Kron 11:14

meentgrond is vir hulle beeste en vir hulle besittings, en vir al hulle diere.ⁿ ⁴ Die meentgrond van die stede wat julle vir die Leviete gee, moet vanaf die muur van die stad na buite eenduisend el^o na alle kante strek. ⁵ Julle moet buite die stad aan die oostekant tweeduisend el^p afmeet, aan die suidekant tweeduisend el, aan die westekant tweeduisend el en aan die noordekant tweeduisend el, met die stad in die middel; en dit moet vir hulle die meentgrond van die stede wees.

⁶ “*Wat die stede betref wat julle vir die Leviete moet gee: Daar moet ses asielstede wees van dié wat julle afstaan, sodat iemand wat 'n lewe geneem het, daarheen kan vlug; en daarby moet julle nog twee-en-veertig stede afstaan. ⁷ Al die stede wat julle vir die Leviete afstaan, moet saam agt-en-veertig wees, die stede met hulle meentgrond. ⁸ *En wat die stede betref wat julle uit die erfgrond van die Israeliete afstaan: Van dié wat baie stede het, moet julle meer neem, en van dié wat min stede het, moet julle minder neem. Elke stam moet volgens sy erfenis wat hy ontvang, van sy stede vir die Leviete afstaan.”

Asielstede

⁹ *Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ¹⁰ “Praat met die Israeliete en sê vir hulle, ‘Wanneer julle die Jordaan oorsteek na die land Kanaän, ¹¹ moet julle vir julle stede uitsoek; asielstede moet dit vir julle wees. Iemand wat 'n lewe geneem het, wat iemand onopsetlik gedood het,

ⁿ**35:3 vir hulle beeste ... diere:** Die •Septuagint lui: “vir hulle vee en al hulle diere”.

^o**35:4 1 000 el:** Ongeveer 450 m; •Lengtemate.

^p**35:5 2 000 el:** Ongeveer 900 m.

***35:6-7** Num 35:9-28; Jos 20:2; 21:13

***35:8** Num 26:54; 33:54

***35:9-28** Eks 21:13; Deut 4:41-43; 19:1-10; Jos 20:1-9

moet daarheen vlug. ¹² Dit moet vir julle asielstede teen bloedwrekers^q wees, sodat iemand wat 'n lewe geneem het, nie sal sterf voordat hy voor die volksvergadering^f verskyn het vir 'n beslissing nie. ¹³ *Van die stede wat julle afstaan, moet ses vir julle asielstede wees. ¹⁴ Drie stede moet julle aan die oorkant van die Jordaan afstaan, en drie stede moet julle in die land Kanaän afstaan. Dit moet asielstede wees. ¹⁵ Vir die Israëliete, vir vreemdelinge^s en vir bywoners^t tussen julle moet hierdie ses asielstede daar wees; sodat enigiemand wat 'n persoon onopsetlik doodgemaak het, daarheen kan vlug.

¹⁶ “ *Maar as hy iemand met 'n ystervoorwerp geslaan het en die persoon sterf, is hy 'n moordenaar. Die moordenaar moet beslis sterf. ¹⁷ En as hy met 'n klip in die hand wat die dood kan veroorsaak, iemand geslaan het, en hy is dood, is hy 'n moordenaar. Die moordenaar moet beslis sterf. ¹⁸ Of as hy met 'n houtvoorwerp in die hand wat die dood kan veroorsaak, iemand geslaan het, en hy is dood, is hy 'n moordenaar. Die moordenaar moet beslis sterf. ¹⁹ Die bloedwreker, hy moet die moordenaar doodmaak. Wanneer hy hom raakloop, moet hy hom doodmaak. ²⁰ En as iemand uit haat 'n ander gestamp of iets met opset

^q**35:12 bloedwrekers:** Die naaste manlike familielid se plig om iemand wat onskuldig doodgemaak is, se dood te wreek deur die moordenaar om die lewe te bring; vgl Num 35:12-27; Deut 19:6,12; •Bloedskuld.

^f**35:12 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

***35:13** Num 35:6,14

^s**35:15 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

^t**35:15 bywoner:** Persone wat as vreemdelinge in 'n land gevestig is, of as ondergeskiktes by iemand inwoon.

***35:16-21** Eks 21:12,14; Deut 19:11-13

na hom gegooi het, en hy sterf, ²¹ of hom uit vyandskap met die hand geslaan het, en hy is dood, moet die een wat doodgemaak het, beslis sterf; hy is 'n moordenaar. Die bloedwreker moet die moordenaar doodmaak wanneer hy hom raakloop.

²² “ ‘Maar as iemand onverwags, sonder vyandskap, 'n ander gestamp het, of enige voorwerp onopsetlik na hom gegooi het, ²³ of in onoplettendheid ook enige klip wat die dood kan veroorsaak, en hy hom getref het, en hy dood is, maar hy was nie sy vyand nie, en hy het nie bedoel om hom kwaad aan te doen nie, ²⁴ dan moet die volksvergadering op grond van hierdie bepalings uitspraak lewer tussen die een wat doodgemaak het en die bloedwreker. ²⁵ Die volksvergadering moet die een wat 'n lewe geneem het uit die hand van die bloedwreker red. Die volksvergadering moet hom laat terugkeer na sy asielstad waarheen hy gevlug het. Hy moet daarin woon tot die dood van die hoëpriester wat met die heilige olie gesalf is.

²⁶ “ ‘As die een wat 'n lewe geneem het, egter enigsins die gebied van sy asielstad waarheen hy moes vlug, verlaat, ²⁷ en die bloedwreker kry hom buite die gebied van sy asielstad, en die bloedwreker maak die een dood wat 'n lewe geneem het, rus daar nie bloedskuld op hom nie.

²⁸ Want die persoon moet in sy asielstad bly tot die dood van die hoëpriester. Ná die dood van die hoëpriester mag die een wat 'n lewe geneem het, na die streek van sy erfgrond terugkeer. ²⁹ Dit moet vir julle 'n wetlike voorskrif wees, vir julle nageslagte in al julle woonplekke.

³⁰ “ “Wat betref enigiemand wat 'n persoon doodgemaak het — net op grond van die verklaring van getuies mag die een wat 'n lewe geneem het, doodgemaak word. Maar die doodstraf mag nie opgelê word^u

***35:30** Deut 17:6; 19:15; Matt 18:16; 26:60; Joh 8:17; 2 Kor 13:1; 1 Tim 5:19; Heb 10:28

^u**35:30 doodstraf ... word:** Die •bronteks lui: “om dood te maak”.

wanneer net een getuie teen 'n persoon getuig nie.

³¹ “ “*Julle mag nie vrykoopgeld aanvaar vir die lewe van 'n moordenaar wat ter dood veroordeel is nie, want hy moet beslis sterf.

³² Julle mag nie van iemand vrykoopgeld aanvaar in ruil vir die vlug na sy asielstad, met die doel dat hy kan terugkeer om in die land te woon voor die dood van die priester nie. ³³ *Julle mag nie die land waarin julle is, besoedel nie. Ja, bloed, dit is wat die land besoedel. Vir die land word nie versoening gedoen vir die bloed wat daarin vergiet is nie, behalwe deur die bloed van hom wat dit vergiet. ³⁴ Julle mag nie die land waarin julle woon, waarin Ek ook vertoef, verontreinig nie; want Ek, die HERE, vertoef tussen die Israeliete.’ ”

36

Huwelike van vroulike erfgename

¹ *Die familiehoofde van die familiegroep wat afstam van Gilead, seun van Makir, seun van Manasse, uit die familiegroepe wat van Josef afstam, het na vore getree. Hulle het voor Moses en die leiers,^v die familiehoofde van die Israeliete, gepraat. ² *Hulle het gesê: “Vir my heer het die HERE opdrag gegee om die land deur loting, met erfreg vir die Israeliete, te gee. En my heer is deur die HERE beveel om die erfdeel van Selofgad, ons volksgenoot, vir sy dogters te gee. ³ As hulle nou die vroue word van iemand uit die seuns van die ander Israelitiese stamme, en hulle erfdeel word weggeneem van ons voorouers se erfdeel en gevoeg by die erfdeel van die stam waar hulle ingetrou het, sal ons erfdeel wat

*35:31 Ps 49:8

*35:33 Lev 18:24-25,28; Num 5:3; Deut 21:23

*36:1-12 Num 27:1-11

^v36:1 leiers: In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

*36:2-4 Num 26:33,55; Jos 17:3-4

deur loting aangewys is, weggeneem word. ⁴ En as dit dan jubeljaar^w is vir die Israeliete, sal hulle erfdeel bygevoeg word by die erfdeel van die stam waar hulle ingetrou het, en so word hulle erfdeel uit die erfdeel van die stam van ons voorouers weggeneem.”

⁵ *Moses het die Israeliete in opdrag van die HERE beveel: “Die stam van die nageslag van Josef het gelyk. ⁶ Dit is die uitspraak wat die HERE oor die dogters van Selofgad gegee het, ‘Hulle kan trou met wie hulle goeddink, maar hulle mag alleen in 'n familiegroep van hulle voorvaderlike stam introu. ⁷ Die erfdeel van die Israeliete mag nie van een stam na 'n ander stam oorgaan nie, want die Israeliete moet elkeen aan die erfdeel van hulle voorvaderlike stam verbonde bly. ⁸ *Elke dogter onder die Israelitiese stamme wat 'n erfdeel in besit neem, moet met iemand uit 'n familiegroep van haar pa se stam trou, sodat die Israeliete elkeen die erfdeel van sy voorouers kan besit. ⁹ 'n Erfdeel mag nie van een stam na 'n ander stam oorgaan nie, want elke stam van Israel moet aan sy erfdeel verbonde bly.’ ”

¹⁰ Soos die HERE Moses beveel het, presies so het die dogters van Selofgad toe gemaak. ¹¹ Magla, Tirsa, Gogla, Milka en Noa, die dogters van Selofgad, het getrou met die seuns van hulle ooms aan vaderskant. ¹² Met mans^x uit familiegroepe van die nageslag van Manasse, seun van Josef, het hulle getrou. Hulle erfdeel het gebly by 'n familiegroep van hulle pa se stam.

^w**36:4 jubeljaar:** Die “jubel” in “jubeljaar” is 'n transliterasie van die Hebreuse woord *jobeel* wat ‘ram’ of ‘ramshoring’ beteken. Die woord kan ook as “hersteljaar” vertaal word; vgl Lev 25:8-55; 27:7-24.

^{*}**36:5-7** Lev 25:23; Num 27:7; 36:12; 1 Kon 21:3

^{*}**36:8** 1 Kron 23:22

^x**36:12 Met mans:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

¹³ *Dit is die wette en beslissings wat die HERE deur Moses aan die Israelite opgedra het in die vlaktes van Moab, by die Jordaan, teenoor Jerigo.

***36:13** Lev 7:38; 26:46; 27:34; Num 22:1